# GESKOOLDE WERKLOOSHEID IN SUID-AFRIKA, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE NOORDWES PROVINSIE

**CHARLENE DU TOIT**

VERHANDELING VOORGELÊ VIR DIE GRAAD

MED

IN VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE

AAN DIE

NOORDWES-UNIVERSITEIT

**STUDIE LEIER**
**PROF SC STEYN**

**MEDE-STUDIE LEIER**
**PROF CC WOLHUTER**

POTCHEFSTROOM:
MEI 2005

# BEDANKINGS EN ERKENNINGS

Hiermee betuig ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies:

- My Hemelse Vader, vir sy genade, hulp en seëninge.
- My studieleier, prof. S.C. Steyn, vir haar uiters bekwame leiding, waardevolle aanmoediging en eindelose geduld.
- My medestudieleier, prof. C.C. Wolhuter, vir sy besonder bekwame leiding.
- Prof. M. Spamer vir sy ondersteuning en waardevolle aanmoediging.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek.
- Die NRF vir die nodige finansiering van die onderhawige studie.
- Dr. Susan Bester en Alwyn vir hulle hulp en ondersteuning.
- My ouers en ouma vir hulle volgehoue gebede, vertroue, aanmoediging en ondersteuning.
- Mev. Cecile van der Walt vir die taalversorging van die verhandeling.
- Mev. Susan van Biljon vir die tegniese versorging van die verhandeling.
- Dr. Piet Bakker vir die kontrolering van die bronnelys.

# OPSOMMING

**Sleutelwoorde:** arbeidsmag, arbeidsmark, ekonomie, geskoolde werkloosheid, gaping, vaardighede, onderwys, opleiding, indiensopleiding.

In hierdie studie is geskoolde werkloosheid (werkloosheid van geskooldes) in Suid-Afrika ondersoek deur op die volgende aspekte te fokus:

- Die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede;
- die wisselwerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark; en
- die rol van onder meer die werkgewers ten opsigte van onderwys te ondersoek.

Wat betref bogenoemde, is bepaal dat met die "skool-tot-werk"-omwenteling die ekonomiese welsyn van die gemeenskap gevestig is in die lewensvatbaarheid van skoolopleiding. 'n Gebrek aan hoogsopgeleide werkers word ondervind, en dit benadeel 'n land se langtermyn ekonomiese groei en internasionale mededingendheid. Dit blyk dus ook dat 'n gaping bestaan tussen die arbeidsmark se veranderende vereistes en die wyse waarop die onderwysstelsel die land se jeug word met die oog op 'n beroep voorberei. Volgens internasionale literatuur is die onderwys, internasionaal sowel as nasionaal, té akademies gerig, terwyl beroepsgerigte onderwys nie voldoende aandag geniet nie.

Die waarde van enige onderwysstelsel is gesetel in die voorbereiding van leerders met die oog op werksgeleenthede en beter lewensomstandighede, en in hierdie verband behoort teorie en praktyk geïntegreer te wees, wat sal meebring dat die onderwysstelsel in die behoeftes van die gemeenskappe sal voorsien.

# SUMMARY

**Keywords:** labour force, labour market, economy, schooled unemployment, gaps, skills, education, training.

This study investigated schooled unemployment by focusing on the following aspects:

- The importance of a positive interaction between the education system and the labour market.
- The importance of a positive interaction between the education system and employment opportunities.
- The importance of the involvement of employers in education.

With a "school-to-work" change, it is clear that the economic "health" of the community is located in the viability of school education. The country is experiencing an acute need for highly trained workers, and this inhibits its longterm economic growh and international competitiveness. It thus seems as if a gap exits between the labour market's changing requirements and the education system's way of preparing the country's youth for a career. Education, according to literature, is too academic, while vocationally directed education does not receive sufficient attention.

The value of any education system is seated in the preparation of learners for employment opportunities and better living conditions, and in this connection theory and practice ought to be integrated, which will result in the education system providing in the real needs of the community.

# INHOUDSOPGAWE


**1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING ..... 1**

1.1 AGTERGROND ..... 1

1.2 DOEL MET NAVORSING ..... 6

1.3 NAVORSINGSMETODE ..... 6

1.3.1 Literatuurstudie ..... 6

1.3.2 Empiriese Ondersoek ..... 7

1.3.2.1 Metode van ondersoek ..... 7

1.3.2.2 Studiepopulasie ..... 7

1.3.3 Data –insameling ..... 7

1.3.3.1 Kwantitatiewe ondersoek/fase ..... 7

1.3.3.2 Kwalitatief ..... 8

1.3.4 Data–ontleding ..... 8

1.4 HOOFSTUKINDELING ..... 9

1.5 SAMEVATTING ..... 9

**2. DIE VERBAND TUSSEN ONDERWYS, WERKSMOONTLIKHEDE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING ..... 10**

2.1 INLEIDING ..... 10

2.2 'N GLOBALE BESKOUING VAN GESKOOLDE WERKLOOSHEID IN DIE PRAKTYK ..... 10

2.2.1 Die omvang en oorsake van geskoolde werkloosheid ..... 10

2.2.2 Belangrikheid van die wisselwerking tussen onderwys en die wêreld van werk ..... 12

2.2.3 Voordele voortspruitend uit die skakeling tussen onderwys en arbeidsmark/werksmoontlikhede ..... 18

2.2.4 Uitdagings en verwagtings van 'n veranderende ekonomiese en sosiale situasie ..... 20

2.2.5 Sintese ..... 22

2.3 BEKNOPTE BUITELANDSE PERSPEKTIEF ..... 22

2.3.1 Afrika ..... 23

2.3.2 VSA ..... 24

2.3.3 Nederland ..... 27

2.3.4 Singapoer en Maleisië ..... 29

2.3.5 Duitsland ..... 30

2.3.6 Relevansie vir Suid-Afrika ..... 32

2.3.7 Sintese ..... 33

2.4 BEKNOPTE SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF ..... 35

2.4.1 Konteksskepping ..... 35

2.4.2 Doel van onderwys in Suid-Afrika ..... 36

2.5 DIE VERBAND TUSSEN ONDERWYS EN GESKOOLDE WERKLOOSHEID ..... 38

2.5.1 Suid-Afrikaanse arbeidsmark ..... 40

2.5.2 Ekonomies aktiewe bevolking in Suid-Afrika teenoor werkloosheid ..... 41

2.5.3 Verwagtings wat die onderwys/werkgewers aan werkgewers/-onderwys stel ..... 44

2.5.4 Werkloosheid in Suid-Afrika ..... 45

2.6 Werkloosheid in die Noordwes Provinsie ..... 49

2.7 SINTESE ..... 49

2.8 ONDERWYS IN SUID-AFRIKA NA 1994 ..... 50
2.9 ONDERWYS IN SUID-AFRIKA IN 2003 EN 2004 ..... 53
2.10 Sintese ..... 55
2.11 DIE ROL VAN DIE ONDERWYS IN DIE EKONOMIE ..... 56
2.12 SAMEVATTING ..... 59

**3. EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 60**

3.1 INLEIDING ..... 60
3.2 DOEL VAN EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 60
3.3 NAVORSINGSONTWERP ..... 60
3.3.1 Die vraelys as meetinstrument ..... 61
3.3.2 Konstruksie van die vraelys ..... 62
3.4 LOODSSTUDIE ..... 63
3.5 VERSPREIDING VAN DIE VRAELYS ..... 64
3.5.1 Dekbrief ..... 64
3.5.2 Versprei van die vraelyste ..... 64
3.6 POPULASIE EN STEEKPROEF ..... 65
3.7 TERUGVOER ..... 66
3.8 DIE ONDERHOUD AS MEETINSTRUMENT ..... 66
3.8.1 Redes waarom die keuse op die onderhoud as metode van navorsing geval het ..... 67
3.8.2 Die ontwerp van die onderhoud ..... 68
3.8.2.1 Die struktuur van die onderhoud ..... *68*
3.8.2.2 Konstruksie van die onderhoud ..... *69*
3.8.2.3 Die identifisering van informante ..... *69*
3.8.3 Fokusgroepsessies/onderhoude ..... 70

3.9 INTERPRETERING VAN RESPONSE VAN VRAELYSTE ..... 70

3.9.1 Interpretering van Biografiese Data van Skoolhoofde, Adjunkhoofde en Departementshoofde ..... 71

3.9.2 Interpretering van Demografiese gegewens ..... 73

3.9.3 Interpretering van data met betrekking tot die wisselwerking/verband tussen onderwys en werksmoontlikhede (vaardighede en werksmoontlikhede) ..... 74

3.9.4 Interpretering van data oor die rol van werkgewers in onderwys (uit die oogpunt van onderwys) ..... 78

3.9.5 Interpretering van data oor die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting in die skole ..... 80

3.9.6 Interpretering van data oor die skakeling tussen die onderwys en die arbeidsmark ..... 81

3.9.7 Interpretering van data met betrekking tot die vereiste vaardighede van belang by skoolverlaters ..... 82

3.9.8 Interpretering van Biografiese Data van Sake-ondernemings en instansies in die wêreld van werk/die ekonomie ..... 86

3.9.9 Interpretering van Demografiese Gegewens ..... 88

3.9.10 Interpretering van data oor die Wisselwerking/verband tussen onderwys en Werksmoontlikhede (Vaardighede en werksmoontlikhede) ..... 89

3.9.11 Interpretering van data oor die rol van werkgewers in die onderwys ..... 93

3.9.12 Interpretering van data oor die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting in die skole ..... 94

3.9.13 Interpretering van data oor die skakeling tussen onderwys en die arbeidsmark ..... 94

3.9.14 Interpretering van data met betrekking tot die vereiste vaardighede wat belangrik is vir skoolverlaters ..... 95

3.9.15 Vergelyking met betrekking tot die inligting vanuit vraelyste van skole en sake-ondernemings (instansies) ..... 99

3.10 SINTESE ..... 104

3.11 PROSES VAN ONDERHOUDE ..... 104

3.12 BESPREKING VAN VRAE UIT DIE FOKUSGROEP-ONDERHOUDE ..... 106

3.12.1 Vaardighede en Onderwys ..... 107

3.12.1.1 Is die onderwys 'n bepaler vir 'n land se ekonomiese stabiliteit en sukses? ..... *107*

3.12.1.2 Met watter vaardighede behoort leerders toegerus te word? ..... *107*

3.12.1.3 Is 'n direkte skakeling/samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/wêreld van werk nodig? ..... *108*

3.12.1.4 Moet onderwys onder andere by die behoeftes van die ekonomie aansluit? ..... *108*

3.12.2 Wisselwerking/samewerking tussen die skool en privaatinstansies ..... 109

*3.12.2.1 Is daar voordeel te trek uit die wisselwerking/samewerking vir die leerders en wat is die voordele?* ..... *109*

*3.12.2.2 Is daar voordeel te trek uit die wisselwerking/samewerking vir die arbeidsmark en wat is die voordele?* ..... *109*

*3.12.2.3 Wat verwag die ekonomie/die wêreld van werk/privaatinstansies van die onderwys uit die samewerking/wisselwerking?* ..... *110*

*3.12.2.4 Wat verwag die onderwys van die ekonomie/die wêreld van werk/privaatinstansies weens die samewerking/wisselwerking?* ..... *110*

3.13 WERKLOOSHEID ..... 111

*3.13.1.1 Is werkloosheid 'n probleem in die Noordwes Provinsie/-Suid-Afrika? Moontlike oplossing?* ..... *111*

3.13.2 Beroepsgerigte onderwys ..... 111

3.13.2.1 Is die wydverspreide gebruik van gestruktureerde beroepsgerigte onderwys relevant vir die ekonomie/die arbeidsmark? ... *111*

3.14 SAMEVATTING ... 114

**4. RIGLYNE VIR DOELTREFFENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE INDUSTRIE EN DIE ONDERWYS ... 116**

4.1 INLEIDING ... 116

4.1.1 Belangrikheid van onderwys ... 116

4.1.2 Onderwysbehoeftes ... 116

4.1.3 Veranderinge in sieninge betreffende die wyse waarop onderwys voorsien word ... 118

4.2 RIGLYNE VIR DIE DOELTREFFENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE ONDERWYS EN DIE ARBEIDSMARK ... 118

4.2.1 Lewensvoorbereiding ... 119

4.2.2 Beroepsvoorligting ... 122

4.2.3 Die handhawing van relevante vaardighede ... 124

4.2.4 Onderwys in wisselwerking met die arbeidsmark ... 124

4.2.5 Onderwys vir entrepreneurskap ... 125

4.2.6 Mensgerigte onderwys ... 126

4.2.7 Toekomsgerigte onderwys ... 127

4.2.8 Lewenslange onderwys ... 127

4.2.9 Groter betrokkenheid van belangegroepe (werkgewers) ... 128

4.2.10 Beroepsonderwys ... 128

4.2.11 Verbetering van vaardighede ... 129

4.2.12 Voorbereiding van skoolverlaters met die oog op die werkplek/-die wêreld van werk ... 129

4.3 SINTESE ... 130

4.4 SAMEVATTING ..... 130

**5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ..... 131**

5.1 INLEIDING ..... 131

5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS ..... 131

5.3 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS ..... 133

5.3.1 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 1 ..... 133

5.3.2 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 2 ..... 134

5.3.3 Bevindings met betrekking tot navorsingsdoelwit 3 ..... 134

5.4 AANBEVELINGS ..... 135

5.4.1 Aanbeveling 1 ..... 135

5.4.2 Aanbeveling 2 ..... 135

5.4.3 Aanbeveling 3 ..... 136

5.4.4 Aanbeveling 4 ..... 136

5.4.5 Aanbeveling 5 ..... 137

5.4.6 Aanbeveling 6 ..... 137

5.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING ..... 137

5.6 SLOTOPMERKING ..... 138

# LYS VAN TABELLE


TABEL 2.1 Ekonomiese aktiewe bevolking (Stats SA, 2003; CIA, 2005) ..... 44

TABEL 2.2 Werkloosheidskoers per provinsie in 2003 (Stats SA, 2003) ..... 47

TABEL 3.1 Terugvoer ..... 68

TABEL 3.2 Biografiese gegewens van skoolhoofde in die KOSH-omgewing van dieRSA ..... 73

TABEL 3.3 Demografiese gegewens van skoolhoofde in die KOSH-omgewing in die RSA ..... 75

TABEL 3.4 Die doel van onderrig en leer by al die skole (N=24) ..... 76

TABEL 3.5 Die gehalte/standard van sekondêre onderwys in die algemeen (N=24) ..... 78

TABEL 3.6 Vaardighede en werksmoontlikhede ..... 79

TABEL 3.7 Rol van werkgewers in onderwys (N=24) ..... 81

TABEL 3.8 Die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting ..... 82

TABEL 3.9 Skakeling tussen onderwys en arbeidsmark ..... 83

TABEL 3.10 Rangordes van vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik (Volgorde van baie belangrike vaardigheid tot minder belangrike vaardigheid (N=24) ..... 85

TABEL 3.11 Biografiese gegewens van sake-ondernemings in die KOSH-omgewing van die RSA ..... 88

TABEL 3.12 Demografiese gegewens van sake-ondernemings en instansies in die KOSH-omgewing in die RSA ..... 90

TABEL 3.13 Die doel van onderrig en leer by al die skole volgens ondernemings en instansies ..... 91

TABEL 3.14 Die gehalte/standard van sekondêre onderwys in die algemeen ..... 92

TABEL 3.15 Vaardighede en werksmoontlikhede ..... 93

TABEL 3.16 Rol van werkgewers in onderwys (N=10) ..... 95

TABEL 3.17 Die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting ..... 96

TABEL 3.18 Skakeling tussen onderwys en arbeidsmark ..... 97

TABEL 3.19 Rangordes van vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik (Volgorde van baie belangrike waardigheid tot minder belangrike vaardigheid) (N=10) ..... 99

TABEL 3.20 Die doel van onderrig en leer ..... 101

TABEL 3.21 Die gehalte/standard van skondêre onderwys in die algemeen ..... 102

TABEL 3.22 Vaardighede en werksmoontlikhede ..... 103

TABEL 3.23 Rol van werkgewers in die onderwys ..... 104

TABEL 3.24 Verskil in rangorde tussen skole en instansies met betrekking tot vaardighede ..... 105

# LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1 Voorstelling van die definisie van 'n onderwysstelsel (Steyn et al., 1998:5) ..... 37

FIGUUR 2.2 Ekonomies aktiewe bevolking teenoor werkloosheid (Stats SA, 19998;CIA, 2005) ..... 43

FIGUUR 2.3 Werkloosheidskoers by verskeie bevolkingsgroepe (Stats SA, 2003; CIA, 2005) ..... 43

FIGUUR 3.1 Kwalitatiewe data-analise ..... 108

FIGUUR 4.1 Doeltreffende wisselwerking tussen die onderwys en industrie/arbeidsmark ..... 120

HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 AGTERGROND

Volgens Steyn, Steyn en de Waal (1998:4) word 'n onderwysstelsel gedefinieer as 'n raamwerk vir doeltreffende onderwys om in die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep te voorsien. Die onderwysstelsel behoort dus aan die behoeftes van die gemeenskap te voldoen. Geskooldes behoort na voltooiing van hul skoolopleiding in die werkwêreld geakkommodeer te kan word en vaardighede verwerf wat in die werksveld van toepassing is[1].

'n Beweging na hoogstaande akademiese standaarde vir alle leerders[2], "skool-na-werk"-geleerdheid vir alle leerders en 'n nuwe betekenis van die verbintenis tot sakeondernemings en indiensnemingmilieu is van kardinale belang in 'n ontwikkelende land en onderwysstelsel (Arum & Shavit, 1995; Benz, Yananoff & Doren, 1997; Cohen, 1997; Muller & Shavit, 1998; Van Tonder, 2003; Anon, 2003; Blumenthal, 2004; Kok, 2005). Dit blyk egter volgens die private sektor dat die onderwysstelsel nie daarin slaag om die vaardighede by leerders te ontwikkel wat die huidige en toekomstige ekonomie verg nie (Erasmus, 2002:8). Die Suid-Afrikaanse samelewing, die onderwysstelsel en die ekonomie is onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Met "skool-tot-werk"-verhouding word dit duidelik dat die ekonomiese "gesondheid" van die gemeenskap gevestig is in die lewensvatbaarheid van skoolopleiding (Driscoll & Kerchner, 1999; Fainstein & Markusen, 1996; Kerchner, 1997; Weeres & Kerchner, 1996; Kok, 2005).

---

[1] **Geskoolde werkloosheid** verwys na die situasie waarin persone skoling in die onderwysstelsel deurloop het, maar nie daarin slaag om 'n werk te bekom nie. In die studie word die volgende aangelê: "Geskoolde Werkloosheid is alle Graad 12-leerders wat geslaag het maar wat werkloos is.

[2] Alle leerders sluit in manlik en vroulike leerders uit 'n verskeidenheid agtergronde en kulture, omstandighede, ingeslote minderbevoorregte leerders, sowel as akademies presterende studente.

Die land ervaar 'n behoefte aan hoogsopgeleide werkers en dit inhibeer langtermyn ekonomiese groei[3] en internasionale mededingendheid (Mfoloe, 2003; Thompson, 2003; Stats SA, 2003; Seleoane, 2004; Kok, 2005). Dit blyk dus dat 'n gaping[4] bestaan tussen die arbeidsmark se veranderende vereistes en manier waarop die land se jeug deur die onderwysstelsel voorberei word met die oog op 'n beroep (Coombs, 1998:186; Fitzgerald, 1996:2).

Weens faktore soos 'n ouerwordende bevolking en die feit dat die werkerskorps in die huidige era voortdurend heropgelei moet word om tred te hou met nuwe ontwikkelinge, streef Suid-Afrika daarna om 'n kultuur van lewenslange leer te vestig (Erasmus, 2003; Kok, 2005). Relevante skoolopleiding is noodsaaklik en ook die wegspringpunt vir hierdie strewe – vorming van leerders met vaardighede wat hulle in die arbeidsmark kan toepas en wat dadelik in die hoofstroom van die werkerskorps opgeneem kan word (Kok, 2005).

Volgens internasionale literatuur is die onderwys, internasionaal sowel as nasionaal, te akademies gerig, terwyl beroepsgerigte onderwys nie voldoende aandag geniet nie (Coombs, 1985:78–80; Bash & Green:1995, Barker, 1999:147; Anon, 2002:6; Le Loux, 2003; Marshall, 2003; Van Eeden, 2004; Kok, 2005). As gevolg van 'n te teoretiese onderwysstelsel het slegs 7% van 2001 se matrikulante 'n formele werk in Suid-Afrika bekom (Fourie, 1999a, b). Die onderwysstelsel faal hiervolgens daarin om doeltreffende voorligting, tegniese onderwys en beroepsgerigte onderwys te voorsien aan alle leerders wat direk na skool die wêreld van werk betree. Vir die studie word gefokus op onderwys en die behoefte wat in die wêreld van werk bestaan. Daar is egter geen rede waarom die "werkplek" nie binne die onderwysstelsel ingebring kan word nie (Orfield, 1997:3; Miller, 2001:25; Venter, 2003; Seleoane, 2004; Kok, 2005).

Aangesien alle lande na ontwikkeling streef, is ekonomiese vooruitgang noodsaaklik. Ontwikkeling is nie 'n suiwer ekonomiese aangeleentheid nie – dit sluit ook die stoflike komponent van die mens se bestaan in. Ontwikkeling is 'n multidimensionele

---

[3] Toename in die reële Bruto Binnelandse Produk wat oor 'n tydperk plaasvind en die toename in reële Bruto Binnelandse Produk per capita (per kop) wat oor 'n tydperk plaasvind.

proses wat, benewens die ekonomiese stelsel van 'n land, ook die doeltreffendheid van die onderwysstelsel insluit. Die gevolgtrekking is dat ontwikkeling sowel 'n fisiese realiteit as 'n geestesingesteldheid is waardeur die onderwysstelsel en die gemeenskap hul leerders so moet onderrig dat 'n beter lewe geskep kan word. Die onderwysstelsel moet in 'n noue verband saamwerk met die arbeidsmark, om sodoende leerders te lewer wat aan die vereistes van die arbeidsmark voldoen, en om te kan meeding met ander wêreldekonomieë. Die onderwysstelsel behoort ook 'n nasionale produktiwiteitsbewustheid by leerders te kweek wat aan alle leerders basiese ekonomiese en produktiwiteitsbeginsels voorsien sodat hulle die werking van die ekonomie kan verstaan, asook die rol wat hulle moet vervul om die ekonomie doeltreffend te laat funksioneer. 'n Standaard is dus nodig wat meer relevant is vir die wêreld van werk. Leerprosesse moet verkieslik plaasvind in die konteks van werksituasies of praktiese werksomgewings met die klem op werkplekbevoegdhede (Miller, 2001:24-25; Marshall, 2003; Kok, 2005).

Volgens Cappelli (2001:2) behoort interaksie tussen vaardighede wat in die onderwysstelsel aangeleer is en ekonomiese behoeftes plaas te vind. Hy meen soos volg:

> "The youth must have training programs that produce high levels of general work skills. The training arrangements are based on integrate classroom and word-based learning."

Toekomsgerigtheid in leerprogramme is noodsaaklik vir die voorbereiding van leerders met die oog op die geantisipeerde eise van ekonomiese vooruitgang. Beroepsgerigte onderwys sluit onder andere in dat daar 'n noue band moet bestaan tussen onderwys en die wêreld van werk.

Vaardighede wat vereis word, kan soos volg saamgevat word:

- verhoogde standaarde betreffende basiese vaardighede soos lees, skryf en reken;
- aanpasbaarheid;

---

[4] Leemte kan geklassifiseer word as die onvermoë van die onderwysstelsel om relevante vaardighede vir leerders op skool aan te leer wat 'n doeltreffende bydrae lewer tot die arbeidsmark. Daar word nie vir die arbeidsmark werkers opgelei in die skole nie.

- kreatiwiteit;
- vermoë om probleme te kan oplos;
- interpersoonlike vaardighede;
- vermoë om in spanverband te kan saamwerk;
- kommunikasievaardighede;
- vermoë om selfstandig te kan leer; en
- groter stukrag aan die afwenteling van basiese verantwoordelikheid vir onderwysvoorsiening en uitnemende standaarde aan plaaslike gemeenskappe (Barker, 1999:147).

Die onderwysstelsel behoort 'n vloeiende oorgang tussen skool en die werkplek te verseker. Leerders behoort ten volle te verstaan wat die doel van die voorgeskrewe kurrikulum is en watter waarde die kennis en vaardighede het wat aangeleer word (Brown, 2000:1; Anon, 2002:6, Mfoloe, 2003; Kok, 2005). Indiensopleiding en "skool-tot-werk"-inisiatiewe behoort aan leerders die geleentheid vir leer en die beoefening van kritieke vaardighede te voorsien wat sal meebring dat leerders verantwoordelike landsburgers, werkers en lede van 'n demokratiese gemeenskap sal word (Sandy, 2002:1).

Volgens Spiggle (2001:432) behoort die klem van 'n onderwysstelsel op "skool-tot-werk"-aktiwiteite te val, en 'n geïntegreerde band behoort met onderwys gevorm te word. Spiggle (2001:436) stel dit ook verder dat werkgewers[5] direk as vennote by die onderwys betrek moet word om sodoende progressiewe vordering binne die onderwys en die werkplek te verseker. "If the workforce of the future is to be different to the workforce of the past, schools and employers must work together to make it so." (Spiggle, 2001:432.)

Miller (2001:25) beweer dat die onderwysstelsel onderrig en leer in die konteks van werklike lewenstoepassings moet bevorder. Beroepsontwikkeling behoort regdeur

[5] Mense, bestuurders van bepaalde sakeonderneming, wat werksgeleenthede beskikbaar stel aan die algemene publiek. Gewoonlik staan die werkgewer aan die hoof van 'n bepaalde sakeonderneming. Die diens wat die werknemer lewer, lewer hy basies indirek aan die werkgewer wat dus ook sodoende 'n loon of salaris vir die werknemer vir dienste gelewer betaal.

die kurrikulum ingefaseer te word en die integrering daarvan in alle vakke en vlakke is belangrik (Miller, 2001:26). Die klem moet dus gelê word op menslikekapasiteits-ontwikkeling wat akademiese noodsaaklikheid vervang (Miller, 2001:15). Leerders moet in staat gestel word om kennis op verskeie situasies en terreine toe te pas.

Die waarde van enige onderwysstelsel is gesetel in die voorbereiding van leerders met die oog op werksgeleenthede en beter lewensomstandighede en in hierdie verband behoort teorie met die praktyk geïntegreer te word, wat sal meebring dat die onderwysstelsel in die behoeftes van die gemeenskappe voorsien. Dit beteken dat daar in die behoefte van indiensplasing voorsien word wat gerig is op ekonomiese groei en vooruitgang by alle bevolkingsgroepe (Ortfield, 1997). Die paradigma-verskuiwing van 'n inhoudgebaseerde benadering na 'n geïntegreerde program-benadering, hou besondere implikasies vir onderwysontwikkeling in (Kok, 2005).

Aangesien Suid-Afrika tans 'n proses van verandering in die onderwys deurmaak, kan tendense op internasionale onderwysterrein nie geïgnoreer word nie. Op internasionale vlak het die gaping tussen die onderwysstelsel en arbeidsmark 'n groot impak gehad op werkloosheidskoerse. In Amerika was die probleem van so 'n aard dat aksies geloods is om die probleem in oënskou te neem, byvoorbeeld deur middel van die "School-to-Work"-program en die "School-to-Work Opportunities Act (STWOA)". Die volgende statistiek bevestig die sukses van bogenoemde: " schools using work-related curricula increased from 66 percent in 1996 to 81 percent in 2000. Over the same five year period, schools integrating vocational and academic curricula increased from 59 percent to 69 percent, and those connecting work-based learning to integrated curricula increased from 51 percent to 64 percent. One of the main tenets of STW is the forging of partnerships between business and schools. Often, local Chambers of Commerce serve as key players in matching programs with employees" (Cutshall, 2001:2). Die belangrike afleiding wat gemaak word, is dat toenemend meer VSA-skole hul kurrikulum verander om aan te pas by die aanvraag van die arbeidsmark, om meer produktiewe deelnemers op te lei. Hierdie aanpassing lei daartoe dat meer leerders werksmoontlikhede verkry.

Uit die voorafgaande bespreking blyk die volgende probleemvrae:

- Wat is die verband tussen die onderwys en werksmoontlikhede/indiens-opleiding?
- Wat is die wisselwerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark?
- Wat is die betrokkenheid van onderwysbelanghebbendes by die onderwys?

## 1.2 DOEL MET NAVORSING

Die doel is om:

1. die verband tussen die onderwys en werksmoonlikhede te bepaal;.
2. die wisselwerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark vas te stel; en
3. die rol van, onder meer, die werkgewers in die onderwys te ondersoek.

## 1.3 NAVORSINGSMETODE

### 1.3.1 Literatuurstudie

'n Uitgebreide literatuurstudie is gedoen om enersyds doelwitte 1 en 2 te bereik en andersyds 'n grondige teoretiese raamwerk te vestig vir die empiriese ondersoek. Die volgende databasisse is gebruik:

- Emerald Volteks tydskrif-databasis;
- EBSCOhost;
- Sabinet Online Bookmark Full;
- Rsat Record;
- ERIC databasis.
- Ekonomie-tydskrifte en Opvoedkundige tydskrifte.

Sleutelwoorde van belang: labour force, labour market, economy, schooled unemployment, gaps, skills, education, training.

## 1.3.2 Empiriese Ondersoek

### *1.3.2.1 Metode van ondersoek*

Kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is gebruik. As meetinstrumente is van vraelyste en onderhoude gebruik gemaak. Daar was 34 vraelyste persoonlik aan belanghebbende persone by skole en instansies/nywerhede afgegee. Na die kodering en ontleding van inligting uit die betrokke vraelyste, is 8 onderhoude met persone gevoer wat ook die betrokke vraelyste ingevul het. Daarna is fokusgroep-sessies tussen beskikbare persone gereël.

### *1.3.2.2 Studiepopulasie*

Sake-ondernemings in twee van die groeipunte in die Noordwes Provinsie, naamlik in die Klerksdorp-Rustenburgdistrik, voorheen bekend as die KOSH-area (Klerksdorp, Orkney, Stilfontein, Rustenburg) bekend, is doelbewus gekies. Daar is op die bepaalde keuse besluit, aangesien dit tans die groeipunte in Noordwes is. Daar is ook 'n aantal strategiese sake-ondernemings in die bepaalde gebied (par. 1.3.3.1).

## 1.3.3 Data –insameling

### *1.3.3.1 Kwantitatiewe ondersoek/fase*

#### Populasie en steekproef

'n Doelbewuste seleksie van bepaalde sake-ondernemings/nywerhede en skole is uit die volgende populasie gedoen:

Strata: * Sake-ondernemings/nywerhede

1. Mynbedryf (Anglo, Impala en Goldfields)
2. Vervaardigingsnywerhede
3. Staatsdienste
4. Semi-staatsdienste

* Skole

1. Staatskole
2. Privaatskole
3. Tegniese skole
4. ELSEN-skole

#### *1.3.3.2 Kwalitatief*

- Onderhoude is met sleutelpersone gevoer (audiografies) en waar nodig, is opvolgonderhoude ook gevoer. Gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n onderhoudskedule is eers gevoer vir duidelike, akkurate en volledige verslae. Die gestruktureerde onderhoud is opgevolg deur intensiewe ongestruktureerde onderhoude.
- Fokusgroepsessies

  Nadat die inligting verwerk is, is fokusgroepsessies gehou met lede van beheerliggame, onderwysers van geselekteerde sekondêre skole en sake-ondernemings/nywerhede in die twee groeipunte in die KOSH-gebied. Die rede hiervoor was om die bevindinge ten opsigte van die ondersoek van sake–ondernemings in die skole te "toets" om daardeur vas te stel of 'n verband bestaan tussen skoolonderwys en die behoeftes van sake-ondernemings en die arbeidsmark.

### 1.3.4 Data–ontleding

**Kwantitatiewe data (34 Vraelyste):**

Data is persoonlik deur die navorser gekodeer en ontleed, en ook deur twee persone geverifieer. Beskrywende statistiek is gebruik.

**Kwalitatiewe data:**

Data van tendense uit gestruktureerde onderhoude met sake–ondernemings, skole en beheerliggame in die KOSH-gebied in Noordwes is ontleed.

## 1.4 HOOFSTUKINDELING

| | | |
|---|---|---|
| HOOFSTUK 1 | : | Inleiding en probleemstelling |
| HOOFSTUK 2 | : | Die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede |
| HOOFSTUK 3 | : | Empiriese ondersoek |
| HOOFSTUK 4 | : | Riglyne vir doeltreffende wisselwerking tussen die industrie en die onderwys |
| HOOFSTUK 5 | : | Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings |

## 1.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n oriëntering gegee ten opsigte van hierdie navorsing. Dit is gedoen aan die hand van 'n probleemstelling, 'n uiteensetting van die navorsingsdoel en 'n oorsig van die navorsingsmetode. Daar is ook kortliks verwys na verband-houdende navorsing en 'n aanduiding is gegee van die hoofstukindeling.

In die volgende hoofstuk word 'n perspektief op die verband tussen onderwys en werk gegee.

# DIE VERBAND TUSSEN ONDERWYS, WERKSMOONTLIKHEDE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die omvang, oorsake, belangrikheid en implikasies van die skakeling tussen onderwys en die arbeidsmark/die ekonomie bespreek, asook die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, determinante van die onderwysstelsel, die verband tussen die arbeidsmag, geskoolde werkloosheid en die ekonomie. Daarna word 'n beknopte buitelandse perspektief op die probleem gegee.

## 2.2 'N GLOBALE BESKOUING VAN GESKOOLDE WERKLOOSHEID IN DIE PRAKTYK

### 2.2.1 Die omvang en oorsake van geskoolde werkloosheid

Onderwysstelsels wêreldwyd het 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik om die arbeidsmark van 'n geskoolde menslike hulpbronbasis te voorsien. Ten spyte van onderwysinvestering die afgelope aantal dekades neem werkloosheid toe (Kok, 2005). 30% van die wêreld arbeidsmag van 850 miljoen is of werkloos of onderbenut (Wolhuter, 1993:3; 163-173; Fourie, 1999:359-360; Headley, 1999; Erasmus, 2003; Wolhuter, 2003). Barnet (1993:52) en Erasmus (2002; 2003) voorspel 'n tegnologiese toekoms waarin slegs 'n vyfde van die wêreld se huidige arbeidsmag benodig sal word, met 'n verhoging van globale werkloosheid tot 'n koers van 80%. Geskoolde werkloosheid het sulke afmetings aangeneem dat selfs opvoedkundiges sinies begin raak het oor die waarde van onderwys (Flude, 2000; Kok, 2005).

Die voorsiening van geskoolde werkers is nodig vir die handhawing van ekonomiese stabiliteit en die vaardighede van 'n land se werkslui is 'n bepaler van die land se ekonomiese sukses en stabiliteit in alle verwante sektore (Griffiths & Jones, 1980; Coombs, 1985; Evans & Heinz, 1995:3; Ashton & Green, 1996:95; Van Dyk *et al.*, 1997:9; Campbell, 1997:279; Murray, 1999:4; Cabral-Cardoso, 2001:215; Erasmus, 2002). Die onderwys (produk) blyk uit pas te wees met die behoeftes en vereistes van die ekonomie en die arbeidsmark (Jamieson & Harris, 1994:19-24; Prais, 1995; Haberman, 1997:499-503; Husén, 1979; Sexton, Whelan & Williams, 1998; Naudé, 1999:39; Murphy, 2001:20-23; Rae & Carswell, 2001:150-158; Wolhuter, 2003; Van Tonder, 2003; Gardens, 2003; Seleoane, 2004; Mecoamere, 2004; Kok, 2005). Daar is 'n ooraanbod van werkers wat oor verkeerde en verouderde kwalifikasies beskik en 'n ondervoorsiening van vaardighede wat 'n snelveranderende, getegnologiseerde ekonomie vereis (Murnane & Levy, 1996:3; Cappelli *et al.*, 1997:164-165; Blossfeld & Stockmann, 1999; Wolhuter, 2003; Kok, 2005). Deur die regulering van geskoolde werkloosheid moet die leerders teen die onsekerhede van die arbeidsmark beskerm word. Skoolverlaters is blootgestel aan die moontlikheid van werkloosheid indien hulle nie doeltreffend in die werkplek funksioneer nie. Om dit te voorkom, word bepaalde vereistes gestel vanuit die wêreld van werk. Een van die vereistes is dat kennis en vaardighede wat skoolverlaters in die onderwys aanleer, toepaslik behoort te wees vir die veranderinge in arbeidsmark (Mursak, 1997:256). Die wêreld van werk word verder ook gekenmerk deur revolusionêre ontwikkeling. Daar is 'n enorme behoefte aan 'n nuwe geslag "vaardige werkers" wat vaardighede kan omwerk tot voordeel van die werkplek en voortdurend moet aanpas by nuwe buigsaamheid waarin die individu by die identifisering van veranderde omstandighede in die arbeidsmark en daaropvolgende nuwe tegnologie-vereistes moet aanpas. Nuwe tegnologie is gebaseer op hoër vaardigheidsvlakke, diverse vorme van generiese en spesifieke vaardighede wat meebring dat die arbeidsmark meer gestruktureerd is (Fisher, 2000; Kok, 2005). Die onderwys is verantwoordelik vir die "produksie" van menslike kapitaal. Verhoogde onderwysvlakke waarop onderwys van 'n hoë standaard gelewer word, verseker onder meer hoër produktiwiteit en winsgewendheid. 'n Verhoging in 'n besigheid se produktiwiteit staan in verhouding tot die individue (werknemers) se vaardighede, bevoegdhede en kwalifikasies (Aronowitz & Di Fazio, 1994; Evans & Heinz, 1994;

Evans & Furlong, 1996; Siverberg *et al.*, 1996:21; Kok, 2005). 'n Meer gesofistikeerde benadering fokus nie net op die insette van individuele werkers nie, maar ook op die tendense (neigings) in die vraag na sekere werksmoontlikhede en die verhouding tussen die belegging in nuwe tegnologie, werkplekorganisering, die vaardighede wat beskikbaar is, die ontwikkeling van produktiwiteit en uiteindelik ook die uitset.

Grootskaalse hervorming word geloods ten einde onderwys wat relevant is vir die vereistes van die arbeidsmark te struktureer (Ferrall, 1997:119; Kok 2005). Arbeidsmarkte word gekenmerk deur 'n verhoging in die aantal werkers wat werkloos is (geskoolde werkloosheid) en om hierdie eenvoudige rede behoort gekyk te word na skoolverlaters se kapasiteit wat ontwikkel moet word om deelname in die globale ekonomie doeltreffend te laat plaasvind (Coombs, 1985; Ashton, Maguire & Spilbury, 1990; Headley, 1999:63-65; Headley, 2001; Bailey & Walker, 2001:72-73).

### 2.2.2 Belangrikheid van die wisselwerking tussen onderwys en die wêreld van werk

'n Algemene implikasie is dat 'n verskuiwing plaasvind in die aard (wese) van werk sowel as in die vaardighede wat vereis word van skoolverlaters (Barnet, 1993:47-52; Aronowitz & Difazio, 1994:1-10; Murnane & Levy, 1996:3-5; Marhu & Schumann, 1997:1-10; Evens *et al.*, 1998:8-12; Wolhulter, 2003; Kok, 2005). Bogenoemde beklemtoon die belangrikheid van die formulering van duidelike doelstellings in die onderwys.

Vanweë die noodsaaklikheid van loopbaangerigtheid in onderwysprogramme lewer skole 'n belangrike bydrae tot die onderwys van skoolverlaters. Daar behoort dus duidelikheid te wees oor wat van beide partye – die werkgewers en die onderwysstelsels – verwag word. 'n Direkte skakeling/wisselwerking tussen onderwys en die arbeidsmark/die wêreld van werk is noodsaaklik. Met die aansluiting van onderwys by die behoeftes van die wêreld van werk moet leerders toegerus word met toepaslike vaardighede wat in die arbeidsmark gebruik word sodat hulle betekenisvol tot voordeel van die ekonomie aangewend word. Die ideaal is dat leerders nie slegs akademies toegerus word nie, maar dat hulle ook oor 'n wye verskeidenheid

vaardighede sal beskik wat relevant is vir die wêreld van werk. Die arbeidsmark tesame met meer aanpasbare onderwys kan daartoe lei dat beter in al die betrokke partye se behoeftes voorsien word. Dus: die voorsiening van 'n beter toegeruste, aanpasbare, veelsydige, gemotiveerde en produktiewe werkerskorps is vir enige land van strategiese belang (Fortuijn, Hoppers & Morgan, 1987:200; Silverberg *et al.*, 1996:23; Wolhuter, 2003; Louw, 2004:10; Kok, 2005).

Met die aansluiting van onderwys by die behoeftes van die arbeidsmark behoort onderwys, werk en die ekonomie op 'n deurlopende basis in wisselwerking met mekaar te verkeer. 'n Toenemende behoefte bestaan aan doeltreffende kommunikasie tussen die wêreld van werk en die onderwys. Kennis en vaardighede wat in die onderwys aangeleer word, behoort van so 'n aard te wees dat dit maklik aanpasbaar is by die behoeftes van die arbeidsmark. Die vraag moet gestel word of die onderwys werklik die leerder voorberei met die oog op die wêreld van werk. In die Verenigde Koninkryk het navorsing getoon dat dit juis om dié rede is dat ekonomiese en industriële hervorming, met ander woorde, groei, nie plaasvind nie. Die onderwys behoort skoolverlaters voor te berei vir die wêreld van werk en sodoende onderwys en die uitset (produk) daarvan in ooreenstemming te bring met die aanvraag van die arbeidsmark en die ekonomie (Lindley, 1996:175-178; Zachariev, 1999:29-30; Mdolow, 2003; Van Tonder, 2003; Venter, 2003: 19; Marshall, 2003:17; Louw, 2004:10; Kok, 2005). Bogenoemde is belangrik vir die doeltreffende werking binne enige werkplek. Dit impliseer verder dat die volgende eienskappe by leerders ontwikkel behoort te word ter voorbereiding met die oog op die arbeidsmark (Cranfield, 1990:7; McGinty & Fish, 1992:29;70; Graham & Mckenzie, 1995:35-36; Raven-Hill, 1996:32; Mursak, 1997:260; Ellis, 2000:37; Gail & Simons, 2000:172; Badenhorst, 2000:29; Van Eden, 2004; Seleoane, 2004; Kok, 2005):

* Denkvaardighede
* Bygewerkte kennis
* Energieke lewenswyse
* Gewilligheid om te leer

* 'n Optimistiese uitkyk op die lewe, die wêreld van werk en die waarde van onderwys
* Die skepping en die ontwikkeling van nuwe idees
* Die ontwikkeling van lewendige en ondersoekende denke en die toepassings daarvan in die praktyk
* Die hantering van 'n verskeidenheid tegnieke
* Assessering van kritiese en konstruktiewe denke
* Evaluering van besluitnemingsprosesse ten opsigte van die aanpassings in die werkplek
* n Beter begrip van die wêreld waarin gelewe word en die interafhanklikheid van individue, gemeenskappe, die arbeidsmark en die ekonomie
* Om tale en syfers meer doeltreffend te kan gebruik
* 'n Algemene belangstelling in die basiese ekonomiese denkrigtings
* 'n Algemene belangstelling in ekonomiese aktiwiteite
* 'n Goeie verstaansvermoë ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes
* Vermoë om hard te kan werk
* Entrepreneuriese vaardighede
* 'n Sin vir humor
* Die vermoë om as verbruikers, produsente en entrepreneurs aan die ekonomie te kan deelneem en om as verantwoordelike landsburgers te kan optree

Die implikasie van bogenoemde is dat toepaslike onderwys nodig is vir 'n positiewe vennootskap tussen die wêreld van werk en die onderwysstelsel (Fackicast, 1988; Barnes, 1995:32-33; Marshall, 2003: 7; Mecoamere, 2004:8; Kok, 2005). Die term vennoot word in Latyn bestempel as 'n "deel" van 'n geheel. 'n Vennootskap ontstaan tussen twee of meer partye, en dit behels verder dat algemene aktiwiteite, take en verantwoordelikhede, gesamentlik verrig word binne 'n eenheid. Elke "deel"

verrig sekere take en funksies wat uitvoering gee aan 'n eenheid, en streef na 'n gemeenskaplike doel en werk in ooreenstemming met hul eie doel, houding, menings en belangstellings (Van Rensburg, Landman & Bodenstein, 1994:468). Die skool behoort 'n vennootskap aan te gaan met belanghebbende partye, naamlik ouers, leerders, onderwysers en die wêreld van werk (Aggeleton, 1987:62-65; Byrne *et al.*, 1992:24; Berkeley, 1993:4; Dekker & Lemmer, 1998; Yarnit, 2000:23; Kok, 2005). Die wêreld van werk bestaan uit 'n wye verskeidenheid ondernemings, soos industrieë, private en openbare organisasies wat afhanklik is van die onderwysstelsel om in hul behoefte aan opgeleide werkers van geskikte vaardighede te voorsien (Bash & Green, 1995:33-36; Venter, 2003:19; Kok, 2005). Indien elke vennoot sy besondere neergelegde taak nakom, word die doelwitte van die vennootskap bereik. Nóg die onderwys nóg die wêreld van werk kan die onderwyskundige taak alleen bedryf. Met ander woorde vir suksesvolle onderwys is dit nodig dat die skool en die wêreld van werk met een gemeenskaplike doel voor oë saamwerk, naamlik om skoolverlaters met gepaste vaardighede en bekwaamhede toe te rus. As vennote in die onderwyskundige proses, kan hulle mekaar sistematies en doeltreffend aanvul, uitdra en in die nouste verband saamwerk.

Die belangrikheid van suksesvolle wisselwerking/skakeling(vennootskap) tussen die onderwys en sake-ondernemings/werksmoontlikhede kan soos volg beskryf word:

"The development of linked work and training is planned in relation to the supply of school-leavers for equipping young people with the skills required by the labour market." (Jallade, 1983:364.)

Uit die aanhaling blyk dit dat die vennootskap en samewerking tussen skole en werkgewers belangrik is vir die voorbereiding van skoolverlaters met die oog op die wêreld van werk (Berkeley,1998:260; Mfoloe, 2003; Venter, 2003:19; Kok, 2005). Sukses word behaal wanneer werkgewers kritieke vaardighede identifiseer wat ingesluit kan word by 'n werkgebaseerde kurrikulum met die doel om leerders voor te berei met die oog op lewenslange indiensnemingsmoontlikhede. Volgens Oosterman (1980) en Kok (2005) behoort werkgewers die onderwysowerhede in te lig oor kennis, vaardighede en bekwaamhede wat volgens hulle by skoolverlaters benodig word. Leerders moet ontdekkend besef dat hulle akademiese vakke, tesame met die toepassing daarvan in werksituasies, geleer kan word (Hamilton &

Hamilton, 1997:167). 'n Vennootskap tussen die onderwys en werkgewers is van deurslaggewende belang vir doeltreffende oorgang van die skool na die arbeidsmark (Kok, 2005). Hervorming van die onderwysstelsel vereis die volle verbintenis van alle belangegroepe. 'n Sistematiese wisselwerking tussen die skool en wêreld van werk moet deurgaans bevorder en ontwikkel word en 'n brug tussen die onderwys en die arbeidsmark behoort deurgaans geskep te word. Onderwys en werk behoort nie twee afsonderlike wêrelde te verteenwoordig nie. Indien geen skakeling/-wisselwerking tussen die skool en arbeidsmark bestaan nie, kan geskoolde werkloosheid toeneem (Bash & Green, 1995:13-14; Tress, 1999:32-38; Wolhuter, 2003; Kok, 2005).

'n Verdere implikasie is dat die onderwys ook 'n doeltreffende bydrae behoort te lewer tot die ekonomiese welstand van 'n land, die voorsiening van 'n bedrewe arbeidsmag en die bevordering van 'n mededingende en doeltreffende werksmag (Patiniots & Stavroulakis, 1997:192; Louw, 2004:10). Onderwys behoort ook die verlangde vaardighede te identifiseer wat in die wêreld van werk benodig word (Kok, 2005). Sodoende kan die sterk- en swakpunte van huidige programme geïdentifiseer word en kan vaardighede dienooreenkomstig by leerders ontwikkel word wat deur die ekonomie, op nasionale en internasionale vlak, verlang word. 'n Positiewe resultaat van doeltreffende wisselwerking tussen die onderwys en die industrie kan wees dat standaarde verbeter en dat sekondêre onderwys die arbeidsmark ook van 'n werkerskorps met toepaslike vaardighede en kennis vir die omgewing waarin hul werk voorsien word (Fortuijn, Hoppers & Morgan, 1987:208; 311; Venter, 2003:19; Marshall, 2003:11; Kok, 2005). Die wêreld van werk is op sy beurt ook afhanklik van sekondêre onderwys om werkers met toepaslike vaardighede, wat geskik is vir die vervulling van die behoeftes in die werkplek, te voorsien (Kok, 2005). Dienooreen-komstig voorsien die wêreld van werk op sy beurt ook insette deur leerders in die ekonomiese stelsel van die land op te neem. 'n Positiewe verhouding behoort dus tussen die onderwys en indiensneming te bestaan. (Graham & Mckenzie, 1995:4-11; Franklin, 1992:79; Buchmann, 2000:218; Costley, 2001:59; Thompson, 2003; Seleoane, 2004; Mecoamere, 2004:8; Kok, 2005). Volgens Orr (1995:7) en Raven-Hill (1996:30-31) moet die onderwys ondersteuning uit die wêreld van werk ontang om te kan voldoen aan die verwagtings van die arbeidsmark.

Indien doeltreffende wisselwerking nie tussen die onderwysuitset en ekonomiese aanvraag bestaan nie, sal dit nie alleen 'n ekonomiese krisis meebring nie, maar ook lei tot sosio-politieke probleme (Neave, 1975:18; Bierhoff & Prais, 1999; OECD, 2000; Bonassi, 2002:199-207; LeCompte *et al.*, 2003:234-272; Louw, 2004:10-11). 'n Gesonde wisselwerking skep toestande van relatiewe politieke en ekonomiese stabiliteit en deurlopende produktiwiteit asook opvoedkundige programme wat in ooreenstemming is met die aanvraag van die wêreld van werk en die beskikbaarheid van werksmoontlikhede (Byrne *et al.*, 1992:24-25; Naicker, 1992:95-101; Charner & Fraser, 1995:40-44; Segal, 2003:18; Wolhuter, 2003; Anon, 2004:12). Vanweë die feit dat meer relevante kennis en noodsaaklike vaardighede van skoolverlaters wat tot die arbeidsmark toetree, verwag word, is dit belangrik dat werkgewers ook 'n groter rol in die onderwys behoort te speel en sodoende ook die skakeling tussen die onderwys en die wêreld van werk te versterk (Kok, 2005). Volgens McGregor en McGregor (1992:16), is die moontlikhede van samewerking tussen die onderwys en die wêreld van werk letterlik onbeperk. Met die betrokkenheid van werkgewers by die onderwys word in werklikheid bedoel die samewerking en vennootskap tussen die onderwys (skole) en werkgewers (wêreld van werk) (Fortuijn *et al.*, 1987:208; Berkeley, 1992:3; Berkeley, 1993:10; Anon, 1994:52-53; Mursak, 1995:261; Berkeley, 1998:257; Ellis, 2000:35).

Sodanige samewerking is noodsaaklik vir die onderwyskundige proses om doelwitte, sowel as doelstellings, doelmatig te bereik. Daar is verskeie voordele vir alle rolspelers in 'n gesonde samewerking tussen 'n onderwysstelsel en die wêreld van werk (Gorman, 1989; Anon, 1994). Meer werkgewers moet geprikkel word om 'n progressiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n positiewe, mededingende arbeidsmag om werkloosheid ten alle koste te vermy (Jallade, 1985:174; Cranfield, 1990:7-8; McGinty & Fish, 1992:19;49; Silverberg *et al*, 1996:56; Ellis & Moon, 1998:185; Roodt, 1999:54; Roodt, 1999:39; Anon, 2000:403-404; Hughes & Carter, 2000:64; Bailey & Walker, 2001:73-78; Kok, 2005).

Hierdie betrokkenheid word ook omskryf as dat "...employers need to offer not only job-related training but also development that maximizes employability" (Tamkin, 1997:185), "Employers must be fully involved" (Hamilton, 1990:6) en "...requires a greater investment of resources from all partners" (Hamilton & Hamilton, 1997:681).

### 2.2.3 Voordele voortspruitend uit die skakeling tussen onderwys en arbeidsmark/werksmoontlikhede

- Gorman (1989:21-22) gee die volgende voorbeelde van samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark:
  - * Besoeke aan werksplekke deur onderwysers en leerders vir waarneming en observasie
  - * Werksnabootsing in die uitvoer van spesifieke take
  - * Besoeke en beroepsvoorligting aan leerders deur professionele persone uit die wêreld van werk in spesialiseringsvelde
  - * Voorligting in werksonderhoude aan leerders
  - * Toeligtende onderwys waar kleinsake-ondernemings vir leerders entrepreneuriese vaardighede aanleer
  - * Werksondervinding wat vir leerders belangrik is by wyse van, onder meer, vakansiewerk
  - * Betrokkenheid van onderwysers by die werkplek.
  - * Betrokkenheid van werkgewers by die onderwys.
  - * *Simulering van werk in die onderwys
  - * Finansiële ondersteunings en voorsiening van hulpbronne aan opvoedkundige instellings
- Voorsiening van 'n wye verskeidenheid dienste deur industrie aan die onderwys soos:
  - * geldelike donasies
  - * donasies soos administratiewe masjinerie
  - * donateurs vir nuwe toerusting vir sportbyeenkomste
  - * finansiële-adviesdienste
  - * advertensies rakende prestasies van die skool

* donateurs vir trofees en

* pryse vir leerders vir kompetisies en akademiese prestasies gelewer

- Voordele vir leerders:

'n Gesonde wisselwerking tussen die onderwys en sake-ondernemings hou voordele vir die leerders in. Doeltreffende onderwys aan leerders is 'n vereiste en noodsaaklikheid vir die wêreld van werk en sal bydra tot die algemene stabiliteit en ontwikkeling van die gemeenskap.

Voordele wat sodanige wisselwerking vir leerders inhou, is volgens Dekker en Lemmer (1998:129-131) en Gorman (1989:12-16) die volgende:

* Werksondervinding, werksnabootsing en simulering

* Besoeke aan sake-ondernemings en industrieë

* Akademiese werk in verhouding tot die vereistes van die wêreld van werk

* Motivering van leerders tot suksesvolle loopbane

* Die gebruik van werkgewers as adviseurs

* Gekombineerde aktiwiteite tussen onderwys en die wêreld van werk

* Gekombineerde "skool-tot-werk"-projekte in ooreenstemming met die kurrikulum

- Voordele vir opvoeders en onderwyskundige beleidsopstellers:

Gesonde wisselwerking tussen die onderwys en sake-ondernemings hou ook voordele vir opvoeders in. Beter beplanning en voorbereiding van beleid en administrasie kan plaasvind indien doeltreffende kommunikasie tussen dié twee partye gevestig is. Voordele vir opvoeders is onder meer die volgende (Gorman, 1989:12-16):

* Bywoning van opleidingskursusse by sake-ondernemings

* Bywoning van onderwys-gebaseerde kursusse deur industrieë

* Gebruikmaking van bygewerkte hulpbronne in die onderwys

* Ontwikkeling en instandhouding van persoonlike kontak met die wêreld van werk
* Professionele bystand van sake-ondernemings met betrekking tot beleidsformulering en beplanning
* Die jongste inligting rakende die behoeftes van die arbeidsmark wat onderwys in staat stel om doelgerigte programme te ontwikkel en te implementeer
* Beskikbaarheid van professionele persone uit die arbeidsmark as deeltydse of tydelike opvoeders en instrukteurs

- Voordele vir arbeidsmark/die wêreld van werk:

  Die wisselwerking tussen onderwys en die arbeidsmark het tot gevolg dat die arbeidsmark meer 'werkers' kry met vaardighede, kennis en kundigheid wat relevant is vir spesifieke werksituasies (Kok, 2005).

  Voordele vir die arbeidsmark sluit die volgende in (Gorman. 1989:12-17):

  * Doelmatige en goed voorbereide skoolverlaters wat tot die arbeidsmark toetree
  * Onderwyskundige komitees wat saam met verteenwoordigers van sake-ondernemings en industrieë saamwerk
  * Die gebruik van fasiliteite, toerusting en ander hulpbronne van onderwysinstellings
  * Bystand ten opsigte van die toepassing van nuwe tegnologie
  * Beskikbaarstelling van gepaste inligting ten opsigte van nuwe ontwikkelings en benaderings in die onderwys

### 2.2.4 Uitdagings en verwagtings van 'n veranderende ekonomiese en sosiale situasie

Die onderwys word beïnvloed deur voortdurende sosiale en ekonomiese veranderinge. Die onderwysstelsel behoort mikpunte so te stel dat die vaardighede wat

aan leerders aangeleer word, van so 'n aard is dat hulle aanpas by die snel veranderende tegnologiese en ekonomiese problematiek (Douthwaite, 1996:13-29; Murnane en Levy, 1996:3; Cappelli *et al.*, 1997:165; Blossfeld en Stockmann, 1999:5-28; Sunter, 1999:60; Marshall, 2003:7; Venter, 2003:19; Honey, 2003:28; Seleoane, 2004; Mecoamere, 2004:8; Steyn, 2004 12; Louw, 2004:10). Slegs 'n veerkragtige onderwysstelsel kan volhou met die dinamiese ekonomiese en sosiale veranderinge, en dit bring mee dat daar 'n groter soeke na sameweking tussen onderwys en die wêreld van werk bestaan (Zachariev, 1999:25). Die vinnig veranderde scenario van 'n moderne ekonomie lei onder meer tot 'n ooraanbod van ongeskoolde werkers met vaardighede wat van min waarde is vir die wêreld van werk (Murnane & Levy, 1996:13; Steyn, 2004:12; Kok, 2005).

Die arbeidsmark verwag dat die onderwys gehaltewerkers van 'n hoë standaard sal lewer. Die volgende uitdagings word volgens Mursak (1997:255), Zanchariev (1999:26) en Lindley (1996:171-176) aan die onderwys gestel:

- Verbetering van 'n land se internasionale mededingendheid
- Lewering van meer arbeiders wat aan die vereistes van die veranderde ekonomiese stelsel voldoen
- Bereiking van langtermynbehoeftes van die arbeidsmark en die bevordering van indiensnemingsmoontlikhede/werksmoontlikhede
- Verbetering van produktiwiteit by werknemers
- Verhoging in die totale vlak van deelname in onderwys met die verbetering in gehalte van vaardighede wat aangeleer word
- Kwalitatiewe en kwantitatiewe verbetering in onderwys, in reaksie op die toenemende en diverse vereistes van die wêreld van werk
- Verbetering van werkgewers se deelname in die onderwys

'n Goed opgeleide arbeidsmag bring mee dat die veranderde tegnologie doeltreffend bemeester kan word. Dit is duidelik dat meer relevante kennis, noodsaaklike vaardighede en houdings van skoolverlaters wat tot die arbeidsmark toetree, verwag word (Kok, 2005). 'n Toenemende vraag na skoolverlaters met intellektuele vaardighede, hoë produktiwiteit en 'n onderskeibare individualiteit, kreatiwiteit en

sensitiwiteit word ondervind (Glover & Marshall, 1994:588-589; Bash, Green, Coulby & Jones, 1995:12-17; Marshall, 2003:7; Venter, 2003:19; Steyn, 2004:28).

### 2.2.5 Sintese

Uit bogenoemde stellings word die belangrikheid van die betrokkenheid van werkgewers by die onderwys bevestig. Indien werkgewers die onderwys ondersteun, kan dit lei tot beter toerusting van toekomstige werkers. Werkgewers is direk by die arbeidsmarkte betrokke, en vanweë hul kennis van die arbeidsmark behoort hulle insae hê in en 'n bydrae te lewer tot onderwysprogramme. Werkgewers, onderwysowerhede, leerders en ander sosiale strukture behoort nouer saam te werk ten opsigte van die stel van doelwitte wat lei tot die doeltreffende funksionering van die onderwys en die wêreld van werk

Die belangrikheid van die vennootskap/wisselwerking tussen die onderwys en die wêreld van werk lê egter daarin dat dit noodsaaklik is vir stabiliteit in die ekonomie. Daar is 'n gaping tussen die bekwaamhede en vaardighede wat op skool aangeleer is en dié wat in die wêreld van werk vereis word.

## 2.3 BEKNOPTE BUITELANDSE PERSPEKTIEF

Net soos in Suid-Afrika vind op internasionale vlak voordurende vernuwings en aanpassings in onderwysstelsels plaas, met algemene verwagtings dat die onderwys werknemers sal voorsien wat 'n doeltreffende bydrae kan lewer tot die funksionering van die ekonomie.

Pogings wat in Afrika, die VSA, Nederland, Singapoer, Maleisië en Duitsland aangewend is om die probleem van geskoolde werkloosheid (skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede) onder die loep te neem, word vervolgens bepreek. Daar is op hierdie lande besluit omdat daar in bogenoemde lande 'n behoefte bestaan het aan 'n doeltreffende skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede en om aandag te skenk aan die wanbalans tussen die onderwys en die wêreld van werk en om geskoolde werkloosheid te beperk en te bekamp.

### 2.3.1 Afrika

Daar kan aanvaar word dat die basis van onderwys in Afrika in die negentiende-eeuse sendingwerk gevestig is. Sendingskole was opgerig volgens Europese skole en het inderwaarheid min van Afrika se kultuur en inhoude weerspieël. Met die opkoms van die koloniale era (1945-1960) het koloniale owerhede meer by die onderwys begin betrokke raak. Hulle betrokkenheid het ook die stigting van skole volgens hulle "reg" ingesluit. Die bevolking het onderwys buite die konteks van hulle eie kultuur en gemeenskappe ontvang. Die gehalte en hoeveelheid onderwys was grotendeels afhanklik van die koloniale administrateurs, en sodanige skole was gefokus op die voorsiening van onderwys om persone vir sekere posisies op te lei. Die skool en onderwys was vir die koloniale administrateurs 'n instrument van sosiale beheer, en onderwys was beskou as 'n voertuig vir selfvooruitgang. Teen die einde van die koloniale era, het die sosiale aanvraag vir onderwys verhoog en nasionale bewustheid, ekonomiese produktiwiteit en politieke bewustheid het in die onderwys na vore getree (Fafunwa & Aisiku, 1982; Cooksy *et al.*, 1994; Brown, 1999:233; Cheru, 2002).

Volgens Samoff (1987:334) was onderwys gesien as 'n belangrike inset om nasionale eenheid te bekragtig. In die tyd van "Schultz's Human Capital Theory" was die belangrikste redes vir die ontstaan van skole die aansporing van ekonomiese groei van 'n ontwikkelende Afrika-kontinent. Aan die begin van Afrika se onafhanklikheid in 1960 was die tyd reg vir die rewolusie/omwenteling van die onderwys. 'n Uitbreiding van onderwysgeleenthede het 'n aanvang begin neem, en onderwys het meer gefokus op die behoeftes, aanvraag, situasie en ekonomie van Afrika. 'n Beweging van akademiese onderwys in die rigting van meer tegnies-beroepsgerigte en vaardigheidsonderwys en –opleiding het plaasgevind.

In die sewentigerjare van die twintigste eeu was die fokus van onderwys meer op die skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede gerig. Skole is verander in "produksie-eenhede", maar die owerhede kon in die algemeen nie die "produksie-eenheid"-konsep implementeer nie. Gedurende die tagtigerjare van die twintigste eeu het die onderwys 'n laagtepunt bereik deurdat ekonomiese groei 'n afname getoon het en die owerhede probleme ondervind het met die doeltreffende voorsiening van onderwys. Met die toename in geskoolde werkloosheid, in

byvoorbeeld Zimbabwe, was daar 250 000 skoolverlaters wat elke jaar 40 000 tot 60 000 beskikbare werksmoontlikhede nagejaag het. Met die lae onderwysstandaard het owerhede geen inisiatiewe geloods om dié probleem te bekamp nie (UNESCO, 1991c). In die lig van vorige vergelykende studies, was dit nodig dat Afrika 'n aksie plan loods om die gehalte en die "produk" van die onderwys te verbeter (Altbach, 1990:502-503). Volgens die Wêreld Bank (1980) was dit nodig dat Afrika meer op akademies-beroepsgerigte onderwys moes fokus, aangesien onderwys skoolverlaters behoort toe te rus met meer gepaste werksgebaseerde vaardighede en algemene vaardighede wat nodig is om Afrika voor te berei vir die eise van die 21ste eeu (Fafunwa *et al.*, 1982; World Bank, 1988; Dekker & Van Schalkwyk, 1995:287-327; Wolhuter, 2000:13-19; Cheru, 2002; Tikly, 2003:543-564).

### 2.3.2 VSA

Sedert 1776 is in die VSA in ruim mate voorsiening gemaak vir beroepsgerigte onderwys. In die koloniale tydperk is skole beskou as die sleutel tot vryheid en die plek waar 'n sterk demokratiese geloof ontwikkel kon word. Gevolglik het elke gemeenskap skole gestig en hulle by die behoeftes en omstandighede van daardie tydperk aangepas. Onderwys was minder boekgebonde en eerder prakties van aard – 'n eienskap wat die Amerikaanse onderwys tans steeds kenmerk (Dekker, et al., 1995).

Met die instelling van verpligte onderwys vir leerders is die belangrikheid van onderwys as draer van vryheid en demokratiese beginsels beklemtoon. Godsdienstige behoeftes was in bogenoemde tyd ondergeskik aan ander behoeftes. Industrialisasie en wetenskaplike landbou het nuwe behoeftes geskep en die nuwe eise en behoeftes het aanleiding gegee tot die vestiging van 'n openbare skoolstelsel. Na die verkryging van onafhanklikheid van Brittanje in 1776, het die politieke vergestaltende faktor so 'n groot rol gespeel dat onderwys nie veel aandag geniet het nie. Onderwys is voorsien deur rondreisende onderwysers, alhoewel nie van dieselfde standaard as dié van 'n gevestigde skool nie.

Teen 1820 het meer en beter skole toenemend tot stand gekom. Teen 1860 was onderwys op alle vlakke stewig gevestig. As uitvloeisel van die dramatiese

bevolkingsgroei, hoofsaaklik as gevolg van immigrasie en toenemende industrialisasie, het alle state aan die begin van die twintigste eeu openbare skoolstelsels gehad. Die onderwys het voorsiening gemaak vir die uiteenlopende aard van 'n heterogene skoolbevolking, want die VSA was hoegenaamd nie voorneme om net akademiese en beroepskole te vestig nie. In die Amerikaanse onderwys het privaatonderwys egter altyd die belangrikste rol bly speel. Protestantsekerk-skole wat stam uit die koloniale tydperk lewer vandag nog 'n belangrike bydrae tot die bevordering van onderwys.

Verskillende soorte skole in die VSA het hul oorsprong in die denke van onder andere Rousseau, Froebel, Pestalozzi, Montessori, Dewey en Kilpatrick wat gepleit het vir die herstrukturering van die onderwys tot die kind se voordeel (Dekker *et al.*, 1995:397-439; Hamilton, 1999:3-7). Swak voorbereide skoolverlaters het gelei tot geskoolde werkloosheid (Hamilton, 1990:4-8; Glover & Marshall, 1993:588; Anon, 1994:3184-3186; Olson, 1994:1-3; Shackleton, Clarke, Lange & Walsh, 1995; Hamilton 1999:3-20; Van Tonder, 2003; Anon, 2003; Gardens, 2003; Nxumalo, 2003; Venter, 2003:19; Mecoamere, 2004:8; Steyn, 2004:28; Blumenthal, 2004; Kok, 2005). Oor die afgelope dekade het ekonomiese verandering en internasionale onderwyshervorming in Amerikaanse onderwys genoodsaak en geskoolde werkloosheid het begin toeneem (Coombs, 1985; Theron & Van Staden, 1989:397-441; Ashton & Green, 1996:181). Meer as 600 000 leerders in sekondêre skole is betrokke by beroeps- of vaardigheidsonderwys en -opleiding. Die uitdagings vir alle goewerneurs van die state was om in elke afsonderlike staat die onderwysdoelstellings ooreenkomstig die aanvaarde nasionale doelstellings te hersien. Die uitdaging vir die onderwysstelsel was om aan die vereistes van die arbeidsmark te voldoen.

'n Onderwysstrategie om geskoolde werkloosheid te bekamp is op 18 April 1991 deur president G. Bush (sr.) aangekondig. Die "America 2000"–projek was 'n duidelike, omvattende en langtermynplan wat in werking gestel is om alle gemeenskappe in Amerika te mobiliseer vir die bereiking van vereiste vaardighede in die wêreld van werk. Een van die belangrikste voortvloeisels van die National Education Goals van die "America 2000"–projek is die vestiging van die National

Council on Education Standards and Testing (NCEST). Die doel is die ontwikkeling van nasionale standaarde wat vrywillig nagestreef kan word.

In 'n poging om werkloosheid te bekamp is die "School-to-work"-program in 1994 geïnisieer.

## Ontwikkeling en doel van "School-to-work Opportunities Act" (STWOA)

Die organiseerders en ondersteuners van die plan het 'n nasionale raamwerk ontwikkel waarin doelwitte sentreer om akademiese en beroepsgerigte onderwys te integreer, asook skakeling met werkplekgebaseerde aktiwiteite. Die STWOA voorsien sistematiese stappe om leerders te voorsien van 'n leeratmosfeer waarin die werkplek as 'n aktiewe leeromgewing gebruik word (Kazis & Niles, 1992; Stern, Finkelstein, Stone III, Lalling & Dornsife, 1995; Hamilton, 1999:6-11).

Die hoofdoel van die STWOA is die ontwikkeling van skool-en-werk-stelsels sodat leerders met gepaste vaardighede toegerus kan word, daar 'n direkte skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede/indiensneming is en die aanmoediging van gemeenskappe om jeug-vakleerlingskappe te vestig (Silverberg *et al.,* 1996:190-199).

Beide die VSA se "Department of Labour (DOL)" en die "School-to-work Opportunities Act (STWOA)" het strategieë geïdentifiseer wat skool-tot-werk-oorgange vergemaklik het. Ondersteuning en belangstelling in die STWOA-program is in 1994 deur die voormalige President Clinton onderteken. Die wet maak voorsiening vir die gesamentlike administrasie van die "National Department of Education (ED)" en die DOL. Die doel van die samewerking is die voorsiening van aanvangsondersteuning, met ander woorde die voorsiening van aanvangskapitaal aan gemeenskappe om betrokke te raak by "School-to-Work". Werkgewers is aangemoedig om self die inisiatief te neem om opleiding te verskaf en direk met skole te skakel (Card & Riddell, 1991; Bash *et* al., 1995:80-90; Ferrall, 1997:120; Halperin & Partee, 1997). Verskeie pogings is in die VSA geïmplementeer om aandag te skenk aan die wanbalans tussen die onderwys en die wêreld van werk en om geskoolde werkloosheid te beperk en te bekamp (Bash *et al.,* 1995:80-90; Silverberg *et al.,* 1996:209-217):

### 2.3.3 Nederland

Die Nederlandse geskiedenis kan teruggevoer word tot die Romeinse Ryk, maar vir die doel van hierdie navorsing sal slegs enkele historiese mylpale wat verband hou met die rol van die onderwys en die arbeidsmark ondersoek word.

Onderwysvoorsiening in Nederland was gekenmerk deur die godsdiensstryd. Skole het vir die Hervormers deel uitgemaak van die nakom van die doopbelofte. Die bestaan van talle groepe andersdenkendes het egter daartoe gelei dat sentralisasie van onderwysvoorsiening selde volgens die letter van die wet geïmplementeer is, maar groot verdraagsaamheid gedemonstreer het. Onderwys was op die Calvinistiese lees geskoei en die taak van die primêre onderwys was hoofsaaklik om goeie Christene op te voed. Daar het sogenaamd Latynse skole ontstaan waar die eertydse internasionale geleerde taal geleer kon word. Hierdie skole het die toegangspoort tot universiteite gevorm en was veral vir die hoër klasse bedoel. Daar het egter ook goed ontwikkelde onderwysvoorsiening deur die gildestelsel vir die aanleer van verskillende ambagte ontstaan. Hierdie opleidingstelsel is tot in die negentiende eeu gehandhaaf, waarna die behoefte ontstaan het aan die ontwikkeling en differensiëring van die bestaande standsgebonde onderwysstruktuur (Voncken & Onstenk, 1995:109-112; Dekker *et al.*, 1995).

Die Hervorming het 'n bloeityd en groei van sogenaamde volkskole tot gevolg gehad. In die negentiende eeu verswak die ekonomiese omstandighede en dit word in die onderwys weerspieël. Die standgebonde onderwysstruktuur word gekenmerk deur kinders uit die gegoede stande wat die Franse skole besoek het. Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu beleef Nederland weer 'n ekonomiese bloeitydperk waarin 'n toenemende behoefte aan leidinggewende figure vir die handel, nywerheid, landbou en dienssektor ontstaan. Hierdeur ontwikkel die moontlikheid van sosiale mobiliteit via die onderwys. Die aanpassing van die onderwys het in hierdie tyd noodsaaklik geword. Die gimnasium, wat toegang tot universiteite verleen het, en die Hogere Burgerskole, wat 'n geleentheid vir die gewone burger moes skep, is gevestig. Hierdie skole sluit ook aan by die Polytechnische Skole in Delft en die Rijkslandbouwskole te Wageningen. Geleidelik ontstaan ook ander vorme van middelbare onderwys soos die Mulu en beroepsonderwys. Teen die einde van die sewentigerjare het ongelykhede tussen

die aanvraag in die arbeidsmark en die vaardighede wat deur die onderwysstelsel afgelewer is voorgekom. Sodoende het geskoolde werkloosheid ontstaan. Die oorgang tussen onderwys en die arbeidsmark en die buigsaamheid van skoolkurrikulums het 'n saak van kommer geword. In die tagtigerjare het die Nederlandse ekonomie verbeter, maar geskoolde werkloosheid was nog steeds aan die orde van die dag (Voncken & Onstenk, 1995:109-111; Dekker *et al.*, 1995).

Tegnologiese, sosiale en demokratiese veranderinge het meegebring dat die toetrede van skoolverlaters tot die arbeidsmark 'n daling getoon het. Nog 'n verdere gevolg was dat die arbeidsmark nie met genoegsame werkers met geskikte vaardighede gevoer is nie (Voncken & Onstenk, 1995:109-111). Die Nederlandse arbeidsmark was onder meer onderhewig aan veranderinge as gevolg van ekonomiese aktiwiteite. Die dienstesektor in die ekonomie het 'n bloeitydperk beleef en 'n vereiste wat aan die sakesektor gestel is, was dat die onderwysstelsel meer leerders met geskikte vaardighede behoort te voorsien. Die oplossing was om beroepsgerigte onderwys (vaardigheidsonderwys) te voorsien as deel van die vasgestelde kurrikulum. Die resultaat was dat meer skoolverlaters tot die volgende sektore toegetree het, naamlik kleinhandel, landbouaktiwiteite, tuinbou, groothandel, boudienste, persoonlike dienste, gesondheidsdienste en spyseneringsdienste. Tegniese vakleerlingskappe het in alle skole voorkeur geniet en dit het meegebring dat werkplekke hervorm is. Organisasies in Nederland vereis gepaste vaardighede en kwalifikasies, probleemoplossingsvaardighede en die kapasiteit om te kan leer. Maatskappye lewer ook 'n deurslaggewende rol in die onderwysstelsel, programme en die kurrikulum (Voncken & Onstenk, 1995:109-110; Dekker *et al.*, 1995).

In 1993 was alle sekondêre instellings hervorm en 'n gemeenskaplike kurrikulum is nasionaal voorgeskryf. 'n Verdere verandering was die instelling van beroepsgerigte onderwys as finale stap voordat leerders die arbeidsmark betree. 'n Toename in die deelname aan beroepsgerigte onderwys en opleiding was die gevolg. Vakke wat gevolg is, was tegnies- sowel as ekonomies-verwant.

Pogings is aangewend om deelname aan leerlingskappe te verhoog en leerlingskappe is ingestel as 'n minimum kwalifikasie. Opleiding wat eers in die werkplek plaasgevind het, is oorgeplaas na die skool-gebaseerde vorm van

beroepsgerigte onderwys, buite die werkplek (Dekker *et al.*, 1995; Vonken & Onstenk, 1995:111-115).

Beroepsonderwys in Nederland sluit die volgende in:

- Laer beroepsonderwys
- Middelbare beroepsonderwys
- Leerlingwese, waar die leerder wat drie of vier dae van die week in beroepspraktyk opgelei word, toepaslike onderwys op skool ontvang.
- Kort middelbare beroepsonderwys.

Die betrokkenheid van werkgewers by die onderwys word aanbeveel en die onderwysstelsel vestig vennootskappe tussen skool en werkplek wat die oorgang tussen skool en werk vergemaklik en sodoende geskoolde werkloosheid beperk (Voncken & Onstenk, 1995:116-118).

### 2.3.4 Singapoer en Maleisië

Dié twee lande het van die mees vooruitstrewende en dinamiese ekonomieë in Suid-Oos Asië, maar onderwys en opleiding word steeds blootgestel aan uitdagings ten opsigte van die voorbereiding van jeug met die oog op die wêreld van werk. Hierdie lande streef daarna dat hul jeug aan die einde van hul skoolloopbaan oor geskikte vaardighede beskik, wat relevant is vir die arbeidsmark. Die kurrikulum bestaan uit tegniese en akademiese vakke en is deur middel van vakleerlingskappe aan die wêreld van werk gekoppel (Thomas, 1995:119-120; Dekker *et al.*, 1995). Onderwys maak voorsiening vir die voorbereiding van leerders met die oog op indiensneming, en die ontwikkeling van relevante en gepaste kennis, vaardighede en gesindhede is 'n vereiste vir 'oorlewing' in die wêreld van werk. Spesifieke vaardighede word deur die wêreld van werk voorgeskryf, en die onderwys volg die voorskrifte (Thomas, 1995:121-123). Die doel van onderwys is dat leerders hul werksmoontlikhede en werksvoorkeure kan nastreef. Drie vakrigtings wat leerders kan volg, is akademies-, tegnies- en beroepsgerigte onderwys. Die sukses van die onderwys is die gevolg daarvan dat beantwoord word aan die behoeftes van die arbeidsmark en dat 'n skakeling tussen die onderwys en werksmoontlikhede bestaan. Daar word gefokus

op die gebruik van meer tegniese en beroepsgerigte onderwys waarop vaardigheidsonderwys gebaseer is.

Die toenemende ekonomieë bring sodoende mee dat die onderwys ook dienooreenkomstig groei en ontwikkel. Die onderwysstelsel voorsien werkers van 'n hoë standaard en verseker verdere ekonomiese groei, ontwikkeling, vooruitgang en stabiliteit (Dekker *et al.,* 1995; Thomas, 1995:123-131).

Skole en sake-ondernemings is in doeltreffende vennootskap, en die resultaat is dat leerders meer beroepsvaardig is.

### 2.3.5 Duitsland

Die tweeledige stelsel van beroepsonderwys en –opleiding in Duitsland word wyd voorgehou as dié stelsel waarin geslaag word om onderwys en ekonomie in tandem te plaas (Wolhuter, 2003:145). Die oorsprong van die tweeledige stelsel kan teruggevoer word tot die Middeleeuse gildes. Die ontwikkeling van dié stelsel kan gekoppel word aan die pogings van die nuutgestigte verenigde Duitse staat in die negentiende eeu (Erasmus, 2002:18-20). Georg Kerschensteiner het aan beroepsonderwys en –opleiding 'n sleutelrol in burgerskap en morele opvoeding toegeken (Raggatt, 1995:190-191; Marshall, 1995:205; Dekker, 1998). Vir Kerschensteiner het werk sentraal gestaan in die ontwikkeling van die leerder. Hy beskryf ook die verhouding van die individu tot sy ambag ooreenkomstig hardwerkendheid, verantwoordelikheid en pligsgetrouheid. Kerschensteiner beskou beroepsonderwys as 'n bydraende faktor tot die kweek van bogenoemde eienskappe. Die rol van beroepsgerigte skole strek verder as die tegniese, en dek ook burgerskapopvoeding en sosialisering met die oog op aanvaarding van die bestaande politieke en sosiale orde (Daugherty, 1995; Wilson, 2000:1-3). In 1964 het die Duitse Kommissie van Onderwys 'n verslag oor beroepsonderwys die lig laat sien en die term "tweeledige beroepsonderwys" geskep. Die tweeledige stelsel het oor 'n tydperk van meer as 500 jaar beslag gekry, en 'n opleidingskultuur is gevestig (Wilson, 2000:2-3). Binne die onderwysstelsel van Duitsland neem leerders se skoolloopbaan op 6 jaar 'n aanvang met 'n vier-jaar primêreskoolsiklus (Grundschule). Daarna word leerders gekanaliseer na een van drie tipes sekondêre skole:

- Gymnasium, is 'n elitistiese skool met 'n nege-jaar, rigoristiese akademiese kurrikulum.
- Die Hauptschule bied 'n vyf-jaar praktiese, beroepsgerigte kurrikulum aan.
- Die Realschule, met 'n ses-jaarkursus, is hoofsaaklik akademies.

Persone onder die ouderdom van 18 jaar wat nie voltyds skool bywoon nie, word verplig om die beroepskool (Berufsschule) deeltyds by te woon en sodoende beroepsonderwys te deurloop. 60% van die onderrig behels teoretiese kursusse binne die beroepsrigting en 40% algemene onderwys (Dekker, 1996:49-70; Wilson, 2000:3-4). Die opleiding by die werkplek word georganiseer by wyse van 'n kontrak tussen die werkgewer-opleier en vakleerling. Werkplekopleiding word gekenmerk deur die deeglike en sistematiese aard daarvan (Erasmus 2002:19-20). Die skool word deur die staat befonds, terwyl werkgewers die werkplekgedeelte finansier. Leerders werk vir lone laer as die gekwalifiseerde vaklui in ruil vir opleiding (Wilson, 2000:4-6). Leerders se salarisse word nasionaal vasgestel. Werkgewers kan opleidingskoste van hulle inkomste voor belasting verhaal en die produksie van leerders sorg vir 40% van die bedrag (Campbell, 1997:63-64). Werkgewers is bereid om leerders volgens die tweeledige stelsel in te neem, aangesien dit 'n goedkoop bron van arbeid is en dit hulle die kans bied om potensiële werknemers in werklike omstandighede waar te neem en op te lei voordat 'n permanente aanstelling gemaak word. In 'n land waar lone nasionaal beding word, bly 80% van die leerders werk by die firmas waar hulle gekwalifiseer het (Hamilton, 1999:7-9).

Die kontrakte tussen die vakleerling en werkgewer moet by die betrokke beroep geregistreer word. Die federale state bepaal die sillabusse van die akademiese en beroepsgerigte vakke in die beroepskole. Die BBIG werk vir elke beroep regulasies uit rakende die duur van die opleidingsperiode, die sillabus wat by die werkplek gevolg moet word en ook die eksamenstandaarde word neergelê. Slegs persone wat die voorgeskrewe opleiding suksesvol voltooi het, mag in diens geneem word. Gevolglik bly meer as 50% van voormalige vakleerlinge in die beroep waarvoor hulle aanvanklik opgelei is (Hamilton, 1999:8).

Leerlingskappe is die pad van ongeveer 70% van die skoolverlaters in Duitsland. Elke jaar word 600 000 jongmense in die stelsel opgeneem (Wilson, 2000:5). Die

tweeledige stelsel dek alle sektore van die ekonomie in Duitsland; van die bankwese tot vervaardiging en landbou (Erasmus, 2002:19-21). Volgens Hamilton (1999:12-14) behoort die klem binne sekondêre beroepsgerigte onderwys te verskuif na algemene doelwitte, veral die vermoë om 'n lewenslange leerder te kan bly.

### 2.3.6 Relevansie vir Suid-Afrika

Pogings om die tweeledige stelsel in ander lande te laat funksioneer, was nog feitlik oral onsuksesvol. Slegs Singapoer kon daarin slaag om 'n volhoubare, landswye stelsel van tweeledige beroepsonderwys en –opleiding te vestig. In Singapoer is die deelname van persone maar 35% tot 40% (Wilson, 2000:16-18). Weens ontoereikende omstandighede (tegnies en ongekwalifiseerde personeel), in ontwikkelende lande en selfs in Suid-Afrika, vind die implementering van die tweeledige stelsel moeilik inslag. Verskille tussen Duitsland en ander lande wat betref die arbeidsopset bemoeilik ook die "verspreiding" van die tweeledige stelsel elders. Vir Suid-Afrika beteken dit dat kwalifikasies sentraal behoort te staan in die onderwys- en algemene opleidingsvelde. Slegs persone wat opleiding uit die tweeledige stelsel ontvang het, kan aangestel word om leerders te help. Suid-Afrika behoort ook die Amerikaanse konteks wat gekenmerk word deur 'n hoë beroepsmobiliteit, na te streef. Dit is egter van belang dat Suid-Afrika sterk met beroepe behoort te identifiseer, soos die geval in Duitsland is. Die minderwaardige status wat beroepsonderwys in die samelewing geniet, behoort uitgeskakel te word. Slegs wanneer Suid-Afrika 'n hoër status aan beroepsonderwys toeskryf, kan dit 'n bydrae lewer ten opsigte van geskoolde werkloosheid. Uit die beskrywing van bogenoemde lande is dit duidelik dat handearbeid dieselfde status behoort te geniet as akademiese werk. Slegs dan sal dit lewensvatbaarheid in Suid-Afrika verkry. Die doel van die skakeling tussen die skool en werkplek is om vaardigheidsopleiding te verskaf ten einde produktiwiteit en kompetisie in nywerhede, sakeondernemings, handel en dienste te bevorder. Vir ekonomiese groei is vaardigheidsvlakke in Suid-Afrika van deurslaggewende belang. Een van die doelstellings van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is dat die arbeidsmark/werkplek voorsien behoort te word van opgeleide werkers. Ten spyte van beleggings in die onderwys is geskoolde werkloosheid besig aan die toeneem. 'n Algemene probleem is dat 'n

wanbalans/leemte voorkom tussen wat die skool vir die werkplek bied en wat die werkplek van die onderwys (gepaste en relevante vaardighede) verlang. Sodoende ontstaan die probleem van geskoolde werkloosheid. Die tweeledige stelsel van Duitsland kan moontlik in Suid-Afrika as omvattende, gestruktureerde program as inleiding vir nuwe toetreders tot die wêreld van werk aangewend word.

Gesien vanuit 'n vergelykendeopvoedkunde-perspektief kan gestel word dat die tweeledige stelsel in Duitsland binne 'n besondere maatskaplike ekonomie plaasvind: 'n stabiele bevolkingsgroei en 'n buigsame ekonomie is nie in Suid-Afrika teenwoordig nie. Die uitwerking van die toenemende werkloosheidsyfer in talle dele van die wêreld, en spesifiek in Suid-Afrika, dui daarop dat relevante onderwys in Suid-Afrika noodsaaklik is. Die skool behoort tred te hou met die ontwikkeling en veranderinge ten opsigte van die tegnologie, die wetenskap en die doeltreffende skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede.

### 2.3.7 Sintese

Onderwysstelsels wêreldwyd het 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik om die arbeidsmark/die wêreld van werk van 'n geskoolde menslike hulpbronbasis te voorsien. 'n Tegnologiese toekoms waarin slegs 'n vyfde van die wêreld se huidige arbeidsmag benodig sal word, met 'n verhoging van globale werkloosheid tot 'n koers van 80%, word voorspel. Die onderwys en sy "uitset" (produk) blyk uit pas te wees met die behoeftes en vereistes van die ekonomie en die arbeidsmark. 'n Ooraanbod van werkers wat oor verkeerde en verouderde kwalifikasies beskik, word ondervind, en 'n ondervoorsiening van vaardighede wat 'n snelveranderende, getegnologiseerde ekonomie vereis. Die wêreld van werk word verder ook gekenmerk deur revolusionêre ontwikkeling. 'n Enorme behoefte bestaan aan 'n nuwe geslag vaardige werkers wat vaardighede kan toepas tot voordeel van die werkplek en voortdurend kan aanpas by nuwe tegnologiese vereistes in die werkplek. Grootskaalse hervorming word geloods ten einde onderwys wat relevant is vir die vereistes van die wêreld van werk, te struktureer. Arbeidsmarkte word gekenmerk deur verhoogde hoeveelhede werkers wat werkloos is (geskoolde werkloosheid) en om hierdie eenvoudige rede behoort aandag geskenk te word aan die skoolverlaters se

kapasiteit wat ontwikkel moet word om die deelname in die globale ekonomie doeltreffend te laat geskied.

In die sewentigerjare van die twintigste eeu was die fokus van onderwys in Afrika meer gerig op die skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede. Skole is verander in "produksie-eenhede", maar die owerhede kon in die algemeen nie die "produksie-eenheid"-konsep implementeer nie en probleme is ondervind met doeltreffende voorsiening van onderwys. Met die toename in geskoolde werkloosheid, in byvoorbeeld Zimbabwe, het 250 000 skoolverlaters jaarliks 40 000 tot 60 000 beskikbare werksmoontlikhede nagejaag. Met die lae onderwysstandaard is geen inisiatiewe geloods om dié probleem te bekamp nie. In die lig van vorige vergelykende studies was dit nodig dat Afrika 'n aksieplan loods om die gehalte en die "produk" van die onderwys te verbeter en meer te fokus op akademies-beroepsgerigte onderwys waardeur skoolverlaters met meer gepaste werks-gebaseerde vaardighede en algemene vaardighede toegerus word.

In die VSA is in ruim mate voorsiening gemaak vir, onder andere, beroepsgerigte onderwys. Skole word beskou as die sleutel tot vryheid en die plek waar 'n sterk demokratiese ingesteldheid ontwikkel kan word. Elke gemeenskap stig gevolglik skole wat by hulle behoeftes en omstandighede aanpas. Onderwys is minder boekgebonde en eerder prakties van aard – 'n eienskap wat die Amerikaanse onderwys kenmerk. Ekonomiese verandering en internasionale onderwys het hervorming in Amerikaanse onderwys genoodsaak, en geskoolde werkloosheid het begin toeneem. Meer as 600 000 leerders in sekondêre skole is by beroeps- of vaardigheidsonderwys en opleiding betrokke, en dit is die uitdaging vir 'n onderwysstelsel van die VSA om aan die vereistes van die arbeidsmark te voldoen. 'n Onderwysstrategie is op 18 April 1991 deur president Bush aangekondig om geskoolde werkloosheid te bekamp. Die *"America 2000"–projek i*s 'n duidelike, omvattende en langtermynplan om alle gemeenskappe in Amerika te mobiliseer vir die bereiking van die vereiste vaardighede van die wêreld van werk/die arbeidsmark. Een van die belangrikste voortvloeisels van die National Education Goals van die "America 2000"–projek was die in die lewe roep van die National Council on Education Standards and Testing (NCEST). Die doel is die ontwikkeling van

nasionale standaarde. In 'n verdere poging om werkloosheid te bekamp is die "School-to-work"-program geïnisieer.

Ook in Nederland is ongelykhede tussen die aanvraag in die arbeidsmark en vaardighede wat deur die onderwysstelsel afgelewer is ondervind. Die oorgang tussen onderwys en die arbeidsmark en die buigsaamheid van skoolkurrikulums het 'n saak van kommer geword. In die tagtigerjare het die Nederlandse ekonomie verbeter, maar geskoolde werkloosheid was nog steeds aan die orde van die dag. Die instel van beroepsgerigte onderwys was die gevolg, en pogings is aangewend om deelname tot leerlingskappe te verhoog. Opleiding wat eers in die werkplek plaasgevind het, is oorgeplaas na die skool-gebaseerde vorm van beroepsgerigte onderwys, buite die werkplek. Die betrokkenheid van werkgewers by die onderwys is aanbeveel en die onderwysstelsel vestig vennootskappe tussen skool en werkplek wat die oorgang tussen skool en werk vergemaklik en sodoende geskoolde werkloosheid verminder.

Verder is in Singapoer en Maleisië daarna gestreef dat hul jeug aan die einde van hul skoolloopbaan oor geskikte vaardighede moet beskik wat relevant is vir die arbeidsmark. Die doel van onderwys en skole is dat leerders hul werksmoontlikhede en werksvoorkeure kan nastreef en om aan die behoeftes van die arbeidsmark te beantwoord deur middel van skakeling tussen die onderwys en werksmoontlikhede.

## 2.4 BEKNOPTE SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

### 2.4.1 Konteksskepping

Die dramatiese verandering die afgelope paar jaar in Suid-Afrika word in almal se lewens weerspieël. As 'n ontwikkelende land word Suid-Afrika se hele bestaan gekenmerk deur krisisse op verskeie terreine, byvoorbeeld die ekonomie en sosio-ekonomiese gebiede. Dit is belangrik om te verstaan dat, met die 21$^{st}$ eeu, skakeling behoort te bestaan tussen die onderwys en verbandhoudende faktore soos byvoorbeeld demokrasie, ekonomie, demografie en kultuur wat onderwys elkeen onderling beïnvloed.

Die doel van hierdie afdeling is om die doel van onderwys in Suid-Afrika kortliks te bespreek.

## 2.4.2 Doel van onderwys in Suid-Afrika

Die term onderwys verwys na daardie doelbewuste, beplande handelinge waardeur die leerder deur die onderriggewer met die verlangde kennis, vaardighede en gesindhede toegerus word om sy verantwoordelikheid vir roepingsvervulling in die lewe na te kom (Steyn, Steyn & De Waal, 1998:2; Kok, 2005). Hierdie handelinge waardeur die leerder deur die onderriggewer met die verlangde kennis, vaardighede en gesindhede toegerus word, vind normaalweg in 'n onderwysstelsel met sy bepaalde komponente plaas. 'n Onderwysstelsel kan soos volg gedefinieer word: "Die nasionale onderwysstelsel, omvattendste kultuurproduk van die mens op die gebied van opvoeding en onderwys, is 'n vervlegtingstruktuur waarin sosiale strukture van 'n bepaalde samelewing met die onderwysinrigtings verenig om deur koördinasie van bydraes en deur organisasie van versnelde ontsluiting van die jeug binne 'n bepaalde staatsgebied teweeg te bring in aansluiting by die natuurlike eise van tyd en plek." Op sy beurt beklemtoon Van Schalkwyk (1998:68) verder dat die onderwysstelsel 'n instrument is wat deur 'n gemeenskap geskep word om onderwys aan sy lede op 'n doelgerigte, beplande en geordende wyse te voorsien en dat die hooftaak van die onderwysstelsel is om opvoedende onderwys te voorsien.

Dit blyk dus dat die onderwysstelsel in sy algemeenste vorm soos volg gedefinieer kan word, naamlik:

"Die onderwysstelsel is 'n raamwerk of struktuur bestaande uit bepaalde komponente waardeur doeltreffende onderwys moontlik word om in die onderwysbehoeftes van 'n bepaalde groep mense, binne 'n bepaalde geografiese gebied" (Steyn *et al.*, 1998:5).




**FIGUUR 2.1: VOORSTELLING VAN DIE DEFINISIE VAN 'N ONDERWYSSTELSEL (STEYN ET AL., 1998:5)**

Die nasionale onderwysstelsel is bedoel om in die onderwysbehoeftes van die gemeenskap te voorsien. Die onderwysstelsel en die teikengroep is op mekaar afgestem. Volgens Bondesio en Berkhout (1992:41-43) kan die volgende doelstellings deur die onderwysstelsel nagestreef word:

- 'n Kulturele doelstelling waardeur die onderwysstelsel die geleentheid skep om bestaande kultuurinhoude oor te dra en nuwe kultuurinhoude te skep
- 'n Selekteringsdoelstelling waardeur gedifferensieerde onderwys aan die individuele onderwysgebruikers die geleentheid skep om volgens eie aanleg, vermoë en belangstelling, met inagneming van die landsbehoeftes, hulle tot volledige roepingsvervulling voor te berei
- 'n Doelstelling om verantwoordelike landsburgers te vorm om sodoende 'n bydrae te lewer tot die vorming van staatsburgers wat meehelp aan die meewerk aan die welsyn van die land en nie die bestaande staatsbestel ondergrawe nie
- 'n Doelstelling om sinvolle vryetydbestedings-geleenthede te skep
- 'n Doelstelling om gelyke onderwysgeleenthede binne die onderwysstelsel in die samelewing te skep

Uit die definisie en doelstellings hier bo kan reeds afgelei word dat die onderwysstelsel leerders moet toerus vir die eise van die land, dus ook vir die arbeidsmark.

## 2.5 DIE VERBAND TUSSEN ONDERWYS EN GESKOOLDE WERKLOOSHEID

Vir die doeleindes van hierdie bepaalde studie word slegs na demografiese en sosio-ekonomiese faktore as determinante van die onderwysstelsel gebruik gemaak. D*emografie* verwys na die getal, verspreiding en beweging van die teikengroep. Suid-Afrika het 'n snel stygende bevolkingsgroei. Op 30 Junie 1995 was die bevolkingstal 41 244 000, en in 2003 was dit 44 miljoen. Volgens die Nasionale Verslag oor die bevolking sal Suid-Afrika se bevolking met ongeveer 80 miljoen toeneem binne minder as 30 jaar. Die vinnig toenemende getalle van die teikengroep vereis dat daar vir meer fisiese fasiliteite, klaskamers, banke, stoele en handboeke voorsiening gemaak moet word. Die situasie in Suid-Afrika stel groot eise aan die voorsiening van fisiese fasiliteite en opvoeders in die onderwys.

Die *sosio-ekonomiese situasie* van die teikengroep verwys na die samestelling en maatskaplike toestand asook die ekonomiese omgewing van die teikengroep. Die verswakking in die ekonomie word aangetoon deur die werkloosheidskoers, die dalende groeikoers, 'n groot aantal inwoners wat onder die broodlyn lewe, gereelde begrotingstekorte en 'n toenemende buitelandse skuldlas.

Suid-Afrika is 'n land wat oor natuurlike hulpbronne van goeie gehalte beskik, met 'n potensiële arbeidsmag van ongeveer 24 miljoen in 1996 (Stats SA, 1998). In ooreenstemming met veranderende ekonomieë het die ekonomiese patroon van aktiwiteite ook in Suid-Afrika verander. Veranderinge wat plaasvind maak deel uit van die ontwikkelingsprosesse in die ekonomie – 'n verskuiwing van primêre aktiwiteite (soos landbou) na sekondêre sektore (soos groothandel, vervaardigingswese) na tersiêre en dienstesektore. 'n Algemene voorbeeld is dat die Suid-Afrikaanse landbousektor se Bruto Binnelandse Produksie van 22,4% na 9,5% gedaal het tussen 1920 en 1969, terwyl die vervaardigingswese se produksie in dieselfde periode van 7,4% na 22,7% toegeneem het (Malherbe, 1975:177-181).

Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank (2000) en die CIA The world Factbook (2005), is die bydrae van die primêre sektor konstant besig om af te neem, terwyl die bydrae van die sekondêre sektor toeneem. Groter belangstelling kom voor in die tersiêre/dienstesektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie (soos dienste deur besighede aan die publiek gelewer).

Die bydrae van die tersiêre sektor het van 54.6% tot 'n totale waarde van 64.9% in 1999 toegeneem, en tot 'n totale waarde van 65,2% in 2005 (CIA, 2005). In dieselfde tydperk het die bydrae van die primêre sektor van 14.1% na 10.6% met 'n laagtepunt van 3.8% afgeneem, en die sekondêre sektore van 31.3% na 24.5% en 31.0% in 2005. Werkloosheid het in die primêre en sekondêre sektor toegeneem, en die gevolg was dat meer werksmoontlikhede in die tersiêre sektor beskikbaar was (Whiteford *et al.*, 1999:10-18; Temkin, 2001:4; CIA, 2005). Volgens Stats SA (2000b) het 'n verhoging van 18% in die Bruto Binnelandse Produk van R515 miljoen in 1993-1994 na R596 miljoen in 1999-2000 voorgekom (Cronin, 1998:514; Ryan, 1998:38). Die Suid-Afrikaanse ekonomie word verder gekenmerk deur intense ekonomiese kompetisie, maar ook interafhanklikheid, snelle tegnologiese uitvindings en aansienlike verskuiwings in werksfeer-organisasie (Swanepoel & Van Zyl, 1994:19; Rao, 2000:5; CIA, 2005). Eenstemmigheid bestaan daaroor dat 'n land in die huidige era nie sonder 'n dinamiese en goed opgeleide werkerskorps wat oor bepaalde vaardighede en werksetiek beskik, ekonomies kompeterend kan bly nie (Heintz & Jardine, 1998:20; Msomi & Munusamy, 2003).

Gesien in die lig hiervan is 'n nuwe bewustheid van die belangrike rol wat onderwys in die voorbereiding van 'n land se werkerskorps kan en behoort te vervul aan die ontwikkel (Fortuijn *et al.*, 19987:258-265; Stern *et al.*, 1995:1-6; Peron, 2004:9). Intellektuele kapitaal is die belangrikste vereiste vir ekonomiese sukses en vooruitgang. Doeltreffende skakeling tussen die onderwys en die wêreld van werk kan verseker dat die ekonomie op internasionale markte meer mededingend kan wees (Costley, 2001:58; Cabral-Cardoso, 2001:212; Kok, 2005). Die tekort aan goed opgeleide skoolverlaters lei tot frustrasie en aansienlike koste vir die bedryf en die ekonomie in die geheel (Orr, 1995:10; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Strukturele veranderinge in die ekonomie het tot gevolg dat 'n verhoging in geskoolde

werkloosheid aanwesig is, met gepaardgaande nadelige gevolge vir skoolverlaters en die gemeenskap (Tanner, Lowe & Krahn, 1984:27-29; Furnham, 1985:10-24; Naicker, 1992:95-102; Hartnagel, 1998: 435-437; Roberts, 1998:236-237; Van Tonder, 2003; Nxumalo, 2003; Stats SA, 2003; Haffaje, 2003; Marshall, 2003:7; Mecoamere, 2004:8; Steyn, 2004:12; Kok, 2005).

### 2.5.1 Suid-Afrikaanse arbeidsmark

Die algemene tendens in Suid-Afrika is dat ekonomiese groei wel plaasvind, maar dat werkloosheid terselfdertyd toeneem. Data rakende werkloosheid dui daarop dat werkloosheid in Suid-Afrika drasties toeneem ten spyte van ekonomiese oplewing (Stats SA, 1998; Fourie, 1999:53; Stats SA, 2000b; Temkin, 2001:4-5; Van Tonder, 2003; Gardens, 2003; Marshall, 2003:7; Louw, 2004:10; Mecoamere, 2004:8; Veleoane, 2004; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Gedurende 1996 en 1997 het ongeveer 116 000 werksgeleenthede jaarliks in verskeie sektore tot niet gegaan (Ray, 1998:14; Chandler, 1998:3; Meintjies, 1998:2; Sapa, 1999a:1; Anon, 2004:12).

Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank (1999, 2000) neem werksgeleenthede in die formele sektor af. Weens 'n verskuiwing van arbeidsintensiewe produksie na kapitaalintensiewe prosesse in die ekonomie het dit verder ook aanleiding gegee tot 'n verlies aan werksgeleenthede (Segal, 2003:18; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Die gevolg was en is dat die vraag na arbeid 'n daling toon (Meintjies, 1998:6-7l; Fourie, 1999:367). Volgens De Lange (2000:7) het die primêre sektor die meeste kapitaalintensiewe prosesse ondergaan en minder mense was nodig om poste te vul. Selfs in die mynbou was en is daar 'n algemene ommekeer na kapitaalintensiewe masjinerie wat meebring dat werksgeleenthede afneem. Nog 'n rede vir die gebruik van kapitaalintensiewe prosesse is die tekort aan behoorlik opgeleide werkers (Wolhuter, 2003; Louw, 2004:10; Steyn, 2004:12; Blumenthal, 2004; Kok, 2005). Hierdie veranderinge in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark is 'n moontlike rede waarom buitelandse beleggings in die Suid-Afrikaanse ekonomie afneem (Jacks, 1998; Barker, 1999:36; Fourie, 1999:368; Naudé, 2000:11; Rautenbach, 2000:29-30; Kok, 2005). Nog 'n nadeel ten opsigte van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark is dat die bevolkingsaanwas in verhouding tot die arbeidsmark baie hoër is en

sodoende ontstaan die situasie dat nie almal in die arbeidsmark opgeneem kan word nie (Fourie a & b, 1999:366).

Uit die vorige paragrawe blyk dit dat Suid-Afrika voor 'n al hoe groter wordende probleem te staan gekom het, naamlik dat die beskikbaarheid van werksmoontlikhede/indiensneming afneem. Daarom is dit belangrik dat onderwys, en veral sekondêre onderwys in Suid-Afrika, in pas moet kom met die aanvraag/behoeftes van die ekonomie/die wêreld van werk.

### 2.5.2 Ekonomies aktiewe bevolking in Suid-Afrika teenoor werkloosheid

Suid-Afrika is 'n land wat baie ryk is aan natuurlike hulpbronne. Een van die swakpunte is dat die land se ekonomie sedert 1982 'n negatiewe neiging toon. Werkloosheid was tussen 1982 en 1990 in ooreenstemming met die hoeveelheid mense wat tot die arbeidsmark toegetree het. Na 1990 het werkloosheid drasties begin toeneem (Wolhuter, 2003; Venter, 2003:19; Marshall, 2003:7; Segal, 2003:18; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Gedurende 1992 was ongeveer 52% van die bevolking tussen die ouderdomme 16 en 30 jaar werkloos. In 1993 was ongeveer 46% van die ekonomies aktiewe bevolking in die formele sektor werkloos (SAIRR, 1994). Die redes wat moontlik hiervoor aangevoer kan word is onder meer die afname in beleggings.




**FIGUUR 2.2: EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING TEENOOR WERKLOOSHEID (STATS SA, 1998; CIA, 2005)**

Volgens Stats SA (2000a:114) was die potensiële arbeidsmag ongeveer 2.4 miljoen (60%) in die ouderdomsgroep (15-64) jaar. Van die potensiële arbeidsmag was slegs 43.5% ekonomies aktief (Erasmus, 2003:2). Figuur 2.2 toon dat die ekonomies aktiewe bevolking bestaan uit ongeveer 13.8 miljoen mense, waarvan 66.1% wel werksaam is, en 33.9% nie in staat was om 'n werk te kry nie (Stats SA, 1998). Die ekonomies aktiewe bevolking was in Maart 2003 ongeveer 16 815 000 miljoen, waarvan 6.1 miljoen mense in 2003 in Suid-Afrika werkloos was (43.5%) (Stats SA, 2003; Segal, 2003:28; Anon, 2004; Kok, 2005; CIA, 2005).




**FIGUUR 2.3: WERKLOOSHEIDSKOERS BY VERSKEIE BEVOLKINGSGROEPE (STATS SA, 2003; CIA, 2005)**

In Figuur 2.3 kan gesien word dat:

- Swartes die hoogste werkloosheidsyfer in Suid-Afrika in 2003 getoon het, teenoor die blankes met die laagste werkloosheidsyfer.
- In al die verskillende bevolkingsgroepe is die werkloosheidsyfer vir vroue hoër as die vir mans.
- Werkloosheid onder Indiër-vroue is 28.8%, en 23.9% onder kleurlingmans, behalwe by swart mans waar die werkloosheidsyfer hoër is as by vroue.

**TABEL 2.1: EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING (STATS SA, 2003; CIA, 2005)**

| | '000 |
|---|---|
| **Totaal indiensneming** | **11 565 000** |
| Totaal werkloosheid | **8 421 000** |
| Totaal ekonomies aktiewe bevolking | **19 986 000** |
| Totaal nie-ekonomies aktiewe bevolking | **9 569 000** |
| Mense tussen die ouderdomme 15-65 | **29 555 000** |
| ***WERKLOOSHEIDSKOERS VAN 2003*** | **42.1%** |

Tabel 2.1 toon die grootte van die ekonomies aktiewe bevolking, die hoeveelheid mense wat in 2003 in Suid-Afrika werkloos was. Dit toon verder dat daar 'n groot aantal mense vir werk beskikbaar is, maar wat nie noodwendig aansoek doen om werk nie. Vooruitskouings wys daarop dat Suid-Afrika se totale populasie met ongeveer 88% tydens die tydperk 1990 tot 2020 sal groei (Calitz, 1996:18-20) – 'n verdubbeling dus van tussen 38.9 miljoen en 73.4 miljoen. Die demografiese profiel van die potensiële Suid-Afrikaanse arbeidsmag, word weerspieël in die relatiewe jong generasie (Stats SA, 2000a:114). Beramings van persone wat elke jaar tot die arbeidsmark betree, verskil tussen 300 000 tot 450 000, met 'n totale arbeidsmag wat met meer as 3% per jaar toeneem. Die potensiële arbeidsmag het van 24.4 miljoen mense in 1996 toegeneem tot 'n totaal van 28.2 miljoen in 2001. Barker (1999:163), Klasen en Woolard (1999:17) beraam dat die potensiële arbeidsmag tot 31.7 miljoen in 2006, en 34.9 miljoen in 2011 sal toeneem.

'n Groot probleem in Suid-Afrika is die feit dat meer as 'n derde van sy potensiële arbeidsmag nie formele skoolopleiding ontvang het nie. Lae onderwysvlakke het 'n negatiewe invloed op werkers en beskikbare werksgeleenthede (Honey, 2003:28). Volgens Stats SA (2000a:120) het ongeveer 19% Suid-Afrikaners bo die ouderdom van 20 jaar geen onderwys ontvang en 17% nooit primêre onderwys voltooi nie (Honey, 2003:28). Die moontlike gevolg wat hiervoor aangevoer kan word, is onder andere dat baie skoolverlaters nie oor relevante vaardighede, kennis of kwalifikasies wat ooreenstem met die aanvraag in die ekonomie/die wêreld van werk, beskik nie.

### 2.5.3 Verwagtings wat die onderwys/werkgewers aan werkgewers/onderwys stel

Volgens Prais (1995:4), Segal (2003:18), Mecoamere (2004:8), Anon (2004), Veleoane (2004), Steyn (2004:12), Louw (2004:10) en Kok (2005) is werkgewers op soek na werkslui met gepaste vaardigheidsvlakke wat by veranderende tegnologie kan aanpas. Dus is 'n bepaalde skakeling en samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/die wêreld van werk/die ekonomie nodig vir volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling.

Verwagtings wat die onderwys/werkgewers aan die onderwys/werkgewers stel, is onder andere:

- Dat die wêreld van werk meer by onderwys op plaaslike as sentrale vlak betrokke raak
- Dat leerders in die regte rigting gekanaliseer word in ooreenstemming met hul vaardighede en met behoeftes in die handelswêreld
- Dat meer respek teenoor die onderwysprofessie betoon word en dat die gehalte van die onderrig vertrou sal word
- Dat daar 'n beter begrip vir en insig in onderwys sal wees met betrekking tot sy probleme as 'n omvattende multikulturele en komplekse eenheid wat sterk beïnvloed word deur 'n groot verskeidenheid faktore, byvoorbeeld ekonomie, sosiale diversiteit, taal, etnisiteit, kultuur, historiese agtergrond, demografie, geografie, die tegnologie en sosio-ekonomiese omstandighede
- Dat goeie, deurlopende en oop kommunikasiekanale tussen sekondêre skole en sake-ondernemings bestaan en dat instansies/nywerhede in Suid-Afrika, goeie idees sal voortbring
- Dat meer gefokus moet word op die skep van werksmoontlikhede vir alle skoolverlaters
- Dat die onderwys meer afhanklik van die wêreld van werk sal wees vir die genereer van gepaste werksmoontlikhede vir leerders

- Dat voorsiening gemaak moet word vir advies aangaande inhoude, standaarde, kurrikula en addisionele hulp aan leerders, opvoeders en ouers.
- Dat meer finansiële steun en bystand verleen word aan die onderwysstelsel (Fortuijn, Hoppers & Morgan, 1987:249-255).

Neave (1975:91) en Kok (2005) stel dit dat daar van onderwysers verwag kan word om meer betrokke te wees by geleenthede met betrekking tot navorsing. Navorsing is 'n geïntegreerde deel van mensehulpbronontwikkeling, en 'n goed gevestigde, relevante arbeidsmag kan lei tot ekonomiese groei en ontwikkeling. Onderwysers toon onder andere 'n gebrek aan kennis en inligting rakende die arbeidsmark en omstandighede en vaardighede wat deur die sakewêreld vereis word. Volgens Swap (1993:45), Crowson *et al.*, (2000), Steyn (2004:12), Segal (2003:18) en Kok (2005) is dit van kardinale belang dat die onderwys en arbeidsmark in hul vennootskap bewus moet wees van mekaar se verwagtinge.

### 2.5.4 Werkloosheid in Suid-Afrika

'n Wanbalans kom voor tussen die vlakke van die vraag na en die aanbod van skoolverlaters weens die wantroue tussen die onderwysstelsel en die sakeondernemings. Volgens Barker (1999:209) en Kok (2005) is die vaardighede wat leerders in skole aangeleer word, ondoeltreffend in die wêreld van werk. Die probleem van 'n wanskakeling tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark het Suid-Afrika ook nie ontkom nie (Departement Arbeid, 2001:27-28; Erasmus, 2002:1-30), en geskoolde werkloosheid kan nie geïgnoreer word nie. Geskoolde werkloosheid maak meer as die helfte (56,8%) van die werkloosheid in Suid-Afrika uit (Blaug, 1973; Tanner, Lowe & Krahn, 1984:27-29; Furnham, 1985:10-24; Fortuijn, Hoppers & Morgan, 1987:305; World Bank, 1988:70-71; Bradley, 1990:439-461; Naicker, 1992:95-102; Levin, 1994:237; Roberts, 1998:226; Hartnagel, 1998:435-437; Roberts, 1998:236; Stats SA, 2000c:37; Flude, 2000:6-15; Louw, 2004:10; Kok, 2005).

Die werkloosheidskoers vir 1996 is vasgestel op ongeveer 33.9% van die ekonomies aktiewe bevolking (4.7 miljoen mense) (Stats SA, 2000a:52). Die provinsies met die hoogste werkloosheidskoers was die Oos Kaap (48.5%), die Noordelike Provinsie

(46.0%), KwaZulu-Natal (39.1%), Noordwes (37.9%), Mpumalanga (32.9%), Vrystaat (30%), Noordkaap (28.2%) en die Wes Kaap (17.9%) (Mvoko, 1997). Vergelyk Tabel 2.2.

In 2003 het die werkloosheidskoers per provinsie soos volg gelyk:

**TABEL 2.2: WERKLOOSHEIDSKOERS PER PROVINSIE IN 2003 (STATS SA, 2003)**

| | % |
|---|---|
| **RSA** | **42.1** |
| **Limpopo** | **57.5** |
| **KwaZulu-Natal** | **46.7** |
| **Noordwes** | **46.4** |
| **Mpumalanga** | **44.6** |
| **Oos Kaap** | **44.0** |
| **Vrystaat** | **40.1** |
| **Noord Kaap** | **39.1** |
| **Gauteng** | **38.8** |
| **Wes Kaap** | **25.0** |

Volgens Levin (1994:237) en Erasmus (2002) vind geskoolde leerders in ontwikkelende en industriële lande dit moeilik om in diens geplaas te word en is dikwels werkloos na voltooiing van sekondêre onderwys. Dit word beklemtoon deur die feit dat 'n besonder groot groep werkloses jonger as 35 jaar (Marshall, 2003:7; Honey, 2003:28; Kok, 2005). Die ouderdomsgroep 15-19 se werkloosheidskoers was 76.7%, die 20-24 jaar ekonomies aktiewe bevolking 54.8% en die van tussen 25 en 29, 42.7% in 2000 (Schoeman & Blignaut, 1998:304). Geskoolde werkloosheid maak meer as die helfte (56,8%) van die werkloses in Suid-Afrika uit (Stats SA, 2000c:37; World Bank, 1988:70-71; Blaug, 1973; Bradley, 1990:439-461; Fortuijn, Hoppers & Morgan, 1987:305; Roberts, 1998:226; Hartnagel, 1998:435-437;

Roberts 1998:236; Naicker, 1992:95-102; Furnham, 1985:10-24; Tanner, Lowe & Krahn, 1984:27-29; Levin, 1994:237; Flude, 2000:6-15; Wolhuter, 2003; Mfoloe, 2003; Veleoane, 2004; Mecoamere, 2004:8; Louw, 2004:10; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Dit beteken dat skoolopleiding nie relevant is vir die behoeftes van die arbeidsmark nie. Van al die ekonomiese vraagstukke waarmee Suid-Afrika worstel, is werkloosheid seker die mees traumatiese.

Talle skoolverlaters en werkloses beskik nie oor relevante vaardighede of die kwalifikasies vir beskikbare poste in die land nie. Terwyl die amptelike werkloosheidskoers op 42.1% staan, is die werkloosheidskoers vir gegradueerdes sowat 8% en vir skoolverlaters tussen 43.8 en 57.1%, wat 'n duidelike teken daarvan is dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel die mense van die land in die steek laat (Blumenthal, 2004:8; Nxumalo, 2003; Van Tonder, 2003; Anon, 2003; Gardens, 2003; Louw, 2004:10). Volgens Steyn (2004:12) was die hoogste werkloosheids-koers in 2004 onder diegene met onderwyskwalifikasies tussen Grade 8 en 12. Volgens Van Eeden (2004:21) sal net sowat 5% van die 322 492 jongmense wat in 2003 matriek geslaag het, in die formele sektor werk bekom. Die totale indiensnemingsyfer van die matrikulante van 2003 kan tussen 15% en 20% wees, maar nie almal sal in die formele sektor kan werk nie. Dit beteken dat daar 5.3 miljoen mense is wat wil werk, maar nie 'n werk kan kry nie. Die werkloosheidsyfer het in 2002 op 40.9% gestaan, waar dit in 2003, 42.3% was (Anon, 2003). Volgens die Mosebetsi Labour Force Survey is 38% swart jeugdiges werkloos en staan 39% buite die arbeidsmark. Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) het op 23 September 2003 indiensnemings- en verdienste-opnames gemaak waarvolgens 6.4 miljoen mense in die formele arbeidsektor in diens gestaan het. Ongeveer 22% van die jeug tussen die ouderdomme 18 en 34 was werkloos. Skoolleerders is skoolpligtig tot 14 jaar en is dus na hierdie ouderdom sonder relevante kennis en vaardighede blootgestel aan die eise van die arbeidsmark (Hess, 1997; Mwakalebela, 2003; Staff Reporter, 2003; Van Tonder, 2003; Monas, 2003; Ncaca & Mbuntshu, 2003).

Dit word algemeen aanvaar dat die ekonomiese proses van 'n land in direkte wisselwerking staan met sy menslike kapitaal (Ashton & Green, 1996:186-187; Van Dyk, *et al.*, 1997:5; Erasmus, 2002). Soos enige ander ontwikkelende land het Suid-Afrika ook te kampe met die probleem van 'n ooraanbod van ongekwalifi-

seerde/ongeskoolde mense en 'n gebrek aan opgeleide/geskoolde werkers (Barker, 1999:209). Die leemte/gaping (mismatch) tussen die onderwysstelsel en die vaardighede wat deur die wêreld van werk/die arbeidsmark vereis word, is ook in Suid-Afrika duidelik waarneembaar. 'n Duidelike verwantskap bestaan tussen lae onderwys- en kwalifikasievlakke, lae arbeidsproduktiwiteit en toetrede tot die arbeidsmark (Marshall, 2003:7; Segal, 2003:18; Honey, 2003:28; Mulder, 2003:2; Anon, 2004:12; Steyn, 2004:12; Kok, 2005). Volgens Edwards (1997:189) en Blossfeld & Stockmann (1999:14) is die lae vaardigheidsvlakke in Brittanje verwant aan 'n gebrek aan algemene onderwys en beroepsgerigte onderwys en opleiding. Die grootste probleem is dat die onderwysstelsel nie tred hou met die behoeftes van die ekonomie/die wêreld van werk nie. Die meeste suksesvolle ekonomieë van die 21ste eeu spits hulle toe op leer en het sogenaamde 'leergemeenskappe' geword (Ashton, 1996:186). Die grootste teenvoeter vir armoede en werkloosheid, is dat lande meer 'belê' in hulle menslike hulpbronne en die gehalte van hul onderwysstelsels (Kok, 2005). Deurdat meer gefokus word op die gehalte van hulle arbeidsmag en op dié van hulle onderwysstelsel, bring strukture van groei mee en doeltreffende arbeidsbenutting (Blossfeld & Stockmann, 1999:18; Kok, 2005). Singapoer was suksesvol met die implementering van deurlopende opleiding in die werkplek en die aanpassing van hulle onderwysstelsel by die behoeftes van die werkplek. Die voorspoed wat Duitsers byvoorbeeld op ekonomiese gebied ervaar, is geleë in die feit dat hulle oor 'n standvastige onderwysstelsel en opleidingstelsel beskik. Duitse werkers word in gespesialiseerde velde opgelei. Hulle beskik oor 'n goeie teoretiese basis waardeur vaardighede ontwikkel en versterk word (Ashton & Green, 1996:95; Porter, 1996:369). Ongeveer 65.9% van die Suid-Afrikaanse werkers het nie sekondêre onderwys voltooi nie, terwyl 'n skrale 25% in Duitsland oor lae onderwyskwalifikasies beskik (Dekker, 1996:67). Die rede daarvoor is dat die meerderheid mense die Berufsschule[9]-eksamen voltooi, wat gelykstaande is aan 'n matriek.

[9] Deeltydse sekondêre skool vir basiese beroepsgerige onderwys. Bywoning is vrywillig vir alle leerders onder die ouderdom van 18 wat nie 'n ander gespesifiseerde skool bywoon nie.

## 2.6 WERKLOOSHEID IN DIE NOORDWES PROVINSIE

Die sukses van Noordwes se ekonomie word grootliks toegeskryf aan die provinsie se vermoë om toenemende werkloosheid te kan stuit. Noordwes het met 'n gemiddeld van 2.4% per jaar gegroei, die tweede grootse projeksie na Gauteng. Groei het in die platinummyne, vervaardigingsektor, finansieringsdienste, navorsings- en ontwikkeling sektore voorgekom (Thompson, 2003).

Die grootste negatiewe invloed op ekonomiese ontwikkeling is werkloosheid en armoede. Die kritieke rol van onderwys is van deurslaggewende belang vir die bekamping van werkloosheid (geskoolde werkloosheid). Die werkloosheidskoers in Noordwes was ongeveer 38% in 2002, en styg tot 46.4% in 2003 (Stats SA, 2003; Mfoloe, 2003). Werkloosheid is dus 'n probleem wat met negatiewe faktore gepaard gaa Blossfeld en Stockmann (1999:5-28) n – dus 'n bose kringloop.

## 2.7 SINTESE

Veranderinge wat die afgelope paar jaar in Suid-Afrika plaasgevind het, word weerspieël in die lewens van alle Suid-Afrikaanse burgers. As 'n ontwikkelende land word Suid-Afrika se hele bestaan, gekenmerk deur krisisse op verskeie terreine, byvoorbeeld op ekonomiese en sosio-ekonomiese gebied. In ooreenstemming met tendense wat in ekonomieë verander, het die ekonomiese patroon van aktiwiteite ook in die Suid-Afrikaanse ekonomie verander. Veranderinge wat plaasvind, is gekoppel aan die ontwikkelingsprosesse in die ekonomie – 'n verskuiwing van primêre aktiwiteite na sekondêre sektore, na tersiêre en dienstesektor. Weens die wantroue tussen die onderwysstelsel en die wêreld van werk het 'n wanbalans ontstaan tussen die vlakke van vraag en aanbod ten opsigte van skoolverlaters. Die akademiese vaardighede wat leerders in skole aangeleer word, is nie toepaslik vir die wêreld van werk en die ekonomie nie.

Onderwys is daardie doelbewuste, beplande handelinge waardeur die leerder deur die onderriggewer met die verlangde kennis, vaardighede en gesindhede toegerus word om sy verantwoordelikheid van roepingsvervulling in die lewe na te kom. Volgens die selekteringsdoelstelling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel behoort gedifferensieerde onderwys aan individuele onderwysbenutters voorsien te word en

die geleentheid geskep te word om volgens onderwysgebruikers se eie aanleg, vermoë en belangstelling, met inagneming van die landsbehoeftes, hulle tot volledige roepingsvervulling voor te berei. Die onderwysstelsel behoort 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n vaardigheidintensiewe ekonomie, en daar behoort toegesien te word daarvoor dat die ekonomie gevoed en ondersteun word. Die gebrek aan goed opgeleide skoolverlaters lei tot die frustrasie van aanmerklike koste vir die bedryf en die ekonomie in die geheel. Strukturele veranderinge in die ekonomie het tot gevolg dat 'n verhoging in geskoolde werkloosheid voorkom, met nadelige gevolge vir skoolverlaters en die gemeenskap.

Doeltreffende skakeling tussen onderwys en die wêreld van werk kan meebring dat die ekonomie op internasionale markte meer mededingend behoort te wees. Werkgewers is op soek na werkers met gepaste vaardigheidsvlakke wat by veranderende tegnologie kan aanpas. Dus is 'n bepaalde skakeling of samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/die wêreld van werk noodsaaklik. Baie skoolverlaters en werkloses beskik nie oor relevante vaardighede of die kwalifikasies vir die beskikbare poste nie.

## 2.8 ONDERWYS IN SUID-AFRIKA NA 1994

Na die 1994-verkiesing, waartydens die ANC aan bewind gekom het, het die fokus van onderwys in Suid-Afrika verander. Die Ministerie van Onderwys, met die Departement Onderwys as sekretariaat, is die verantwoordelike liggaam vir alle onderwysvoorsiening in Suid-Afrika. Binne hierdie nuutverkose regering het 11 onderwysadministrasies, 19 onderwysdepartemente en 15 onderwysministers wat as politieke hoofde van die departemente funksioneel by die onderwysvoorsiening betrokke was en deel uitgemaak het van die ou bedeling 'n rol gespeel. Daar was meer as 27 500 verskillende onderwysinrigtings en ongeveer 11 miljoen leerders. Die departemente was gesamentlik verantwoordelik vir onderwysvoorsiening in Suid-Afrika. Die stelsel het al die elemente bevat van statutêre skeiding op grond van bevolkingsgroepe of rasseskeiding of etniese indelings, 'n verskeidenheid geografiese indelings en 'n diversiteit met betrekking tot hulpbron-voorsiening en bestuursmodelle. Dit moes nou in ooreenstemming met die Grondwet in 'n enkele nie-rassige onderwysstelsel binne een staatsdiens omgeskep word.

Uit vroeë besprekings rakende die Suid-Afrikaanse arbeidsmag (Paragraaf 2.5.1) kom ongelykhede voor met betrekking tot die verspreiding van vaardighede by die verskillende bevolkingsgroepe en is daar ernstige kommer oor die groot persentasie mense in Suid-Afrika wat werkloos is, waarvan meer as die helfte geskoolde werkloosheid is. Baie min Suid-Afrikaanse leerders kan internasionaal meeding en ondervind onder andere probleme ten opsigte van kommunikasie, om hulle selfs in hul moedertaal uit te druk, asook in 'n tweede taal. Die aantal leerders wat tegniese en/of beroepsgerigte onderwys voltooi, is baie laag. Dit bring mee dat die vaardigheidsprofiel van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag swak is en in die globale ekonomie nie mededingend is nie.

Daar is verskeie beleidsdokumente wat opleiding rig soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (Wet 58/1995), Vaardigheidsontwikkelingswet (1296/1997), Verdere Onderwys- en Opleidingwet (98/1998), Hoër Onderwys en Opleiding, Kurrikulum 2005, Nasionale Kwalifikasieraamwerk, Lewenslange Leer vir die 21ste eeu en so meer (Departement Onderwys, 1997b). Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) is 'n nuwe benadering tot die organisasie van onderwys en opleiding in Suid-Afrika na 1994. Die NKR orden leergeleenthede van leerders volgens hul ouderdomme, omstandighede en die vlak van voltooide onderwys en opleiding. Dit word lewenslange leer genoem. Die NKR is daarop gerig om die gaping tussen onderwys en opleiding uit te skakel (Hatting, 1999:12). Akademiese, professionele en beroepsvereistes wat in die NKR vervat en gekoördineer moet word sodat doeltreffende skakeling tussen onderwys en opleiding verseker kan word, is die verantwoordelikheid van verskillende liggame. Die akademiese vereistes word deur SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid) bepaal. Die professionele vereistes word deur SAOO (Suid-Afrikaanse Owerheid vir Onderwysers) bepaal en die omvang van die beroepsvereistes is die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys. NSL's (Nasionale Standaardeliggame) is verantwoordelik vir die registrasie van kwalifikasies binne die NKR. OOKO (Onderwys en Opleidingskwalifikasie-owerhede) akkrediteer op hul beurt weer die verskaffers van onderwys/opleiding en verseker dat die programme tydens registrasie van kwalifikasie aan gespesialiseerde standaarde beantwoord.

Kurrikulum 2005 staan bekend as UGO (Uitkomsgerigte Onderwys) wat gekoppel is aan die NKR. Die doel van hierdie kurrikulum was onder meer daarop gerig om leerders met kennis en bevoegdhede vir suksesvolle toetrede tot die arbeidsmark na skool en vir verdere studie toe te rus. Die fokus was op kommunikasie, letterkunde (tale) en syfervaardigheid, maar tog is dit juis hierdie fasette waarmee matrikulante en skoolleerders sukkel. Die hoop met UGO is en was dat, met die implementering daarvan, Suid-Afrika van werkers voorsien sou word met 'n meer holistiese uitkyk wat meer aanpasbaar is en met 'n gebalanseerde kombinasie van 'harde' en 'sagte'[10] vaardighede sou verwerf om te kan oorleef in die wêreld van werk (Noble, 2000:46). Volgens Noble (2000:46-47) kan met die implementering van UGO verseker word dat teoretiese kennis beter in die werkplek toegepas word. Dit is egter onseker of Suid-Afrika sy diep gevestigde sosiale en opvoedkundige probleme sal kan oorkom met slegs die implementering van 'n nuwe kurrikulum (UGO) (Kraak, 1998:34-44; Meerkotter, 1998:63). Kok (2005) vermaan dat UGO verdere verswakking kan meebring ten opsigte van die vestiging en versterking van 'n leerkultuur in Suid-Afrikaanse skole.

Met Verdere Onderwys en Opleiding het die Departement Onderwys 'n verslag in Augustus 1997 gepubliseer (National Committee on Further Education: A framework for the transformation of further education and training in South Africa) (Departement Onderwys, 1997a). Die verslag stel 'n plan voor vir die integrasie van verdere onderwys en opleiding (VOO) waardeur voorsiening gemaak word vir 'n wye verskeidenheid leerders. Die missie van VOO is om vaardighede by leerders te vestig, 'n grondslag te lê vir tersiêre opleiding, die vergemakliking van die oorgang van die skool na die wêreld van werk en die ontwikkeling en voorsiening van lewenslange leer (Departement Onderwys, 1998: seksie 2.1-7; National Committee on Further Education, 1997:211; Erasmus, 2002). VOO is van mening dat hulle sal verseker dat leerders toegang het tot kennis wat van toepassing is op die arbeidsmark/die wêreld van werk, asook 'n aanduiding sal gee van vaardighede wat

---

[10] 'Harde' vaardighede is vaardighede wat te make het met die toepassing van algemene begrippe, wiskunde en die gebruik van tale in kommunikasie, asook die toepassing van taalvaardighede.
'Sagte' vaardighede is vaardighede wat meer gevorderd is soos die implementering van rekenaartegnologie, probleemoplossings en so meer.

skaars is, werksmoontlikhede en tendense in die arbeidsmark (Departement Onderwys, 1998: seksie 2.14-18) en dat onderwys 'n vereiste word vir langtermyn-indiensneming (Steenekamp, 2000:2).

Met die implementering van die 'Skills Development Strategy' in September 1997 het die Departement Arbeid 'n raamwerk geskep om die openbare mening te peil (Skills Development Bill (1296/1997). Ingevolge Artikel 6(1) van die 'Skills Development Bill (1296/1997) behoort onderwys en onderrig van so 'n aard te wees dat werkgebaseerde onderwys met teoretiese kennis verbind te word wat meebring dat beter kwalifikasies behaal word. Leerders beskik dan oor professionele en beroepsgerigte bevoegdhede in gebiede waarvoor 'n aanvraag in die ekonomie voorkom, ingeslote selfindiensneming (Departement Arbeid, 1998a:43). Hierdie kombinasie van werkgebaseerde vaardighede en teoretiese kennis kan onder meer meebring dat leerders hulle produktiwiteit en vordering in die werkplek, verbeter. Weens snelle veranderinge in die wêreld van werk is dit nodig dat skoolleerders en skoolverlaters oor 'n wye verskeidenheid vaardighede beskik (Blaug, 1978:8-9; Hattingh, 1999:14; Vorwerk, 1999:22). Volgens Murnane en Levy (1996:31) en Kok (2005) is werkgewers op soek na sekere karaktereienskappe en vaardighede by 'n werker, byvoorbeeld, 'n positiewe houding en gedrag, eerlikheid, hardwerkendheid, betroubaarheid, gewilligheid en so meer. Leerstrategieë en –programme behoort onder meer te verseker dat deurlopende aktiwiteite geïntegreer is met die vaardighede wat deur die wêreld van werk/die arbeidsmark vereis word (Blaug, 1978:34-36). Die klem val dus eerder op informele, bykomstige en ervaring-gebaseerde vorme van leer wat nie in die NKR vermeld word nie.

## 2.9 ONDERWYS IN SUID-AFRIKA IN 2003 EN 2004

Skoolverlaters ondervind dié probleem dat hulle nie die nodige oor minimale kwalifikasies beskik waardeur hulle tegniese vaardighede kan ontwikkel en 'n onvermoë tot aanpasbaarheid. Die onderwysstelsel behoort meer gerig te wees op die behoeftes van werkgewers. Die algemene probleem van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is dat daar nie op die gehalte van die senior sertifikaat gelet word nie. Die Minister van Onderwys moedig deurlopend skoolleerders aan, veral matrikulante, om hulle vakke op die Standaard Graad te neem, met die motief om

aan skole 'n hoër slaagsyfer te besorg. Desnieteenstaande neem die gehalte van onderwys af en skoolverlaters is 'unemployable'. Slegs 19% van die skoolverlaters wat die seniorsertifikaat-eksamen in 2004 geskryf het, het vrystelling verwerf. Wanneer skoolverlaters op Universiteit kom, kan hulle nie die hoë standaard werk hanteer nie, en universiteite is ontevrede met die gehalte van daardie spesifieke persentasie skoolverlaters wat wel toe universiteite toetree (Jansen, 2004). Jansen (2004) stel dit verder dat leerders/studente wat Graad 12 voltooi, dit moeilik vind om argumente te voer. Die vraag is of leerders na die voltooiing van Graad 12 opgeneem kan word in die ekonomie/die arbeidsmark? Volgens die Suid-Afrikaanse Sakekamer kan die meeste skoolverlaters nie in diens geneem word as gevolg van die swak gehalte onderwys. Volgens Lennox (2004) is die hoë slaagsyfer nie werklik 'n verbetering op die onderwys nie, aangesien die gehalte skoolverlaters nog steeds swak is. Dit is ook Lennox (2004) se mening dat wanneer skoolverlaters in diens geneem word, ontsaglike hoeveelhede hulpbronne gebruik moet word om dergelike mense/skoolverlaters op 'n standaard te bring dat hulle wel tot die verlangde vlak styg waarvolgens hulle werklik opgeneem kan word om die eenvoudigste en basiese werk te kan verrig. Dit is die gevoel van tersiêre inrigtings en die wêreld van werk, dat meer praktiese werk in die kurrikulum ingewerk moet word en dat sodanige kurrikulum meer relevant sal wees (Jansen, 2004; Lennox, 2004). Die onderwysstelsel behoort sterker klem te plaas op meerdoelige vaardighede wat skoolverlaters in die wêreld van werk kan toepas. Samewerking met ekonomiese organisasies, werkgewers en so voort is onder meer belangrik. Skoolprogramme behoort ontwikkel te word waarin die klem op werksvaardighede val. Meer integrasie behoort ook ten opsigte van handelsbeleid en die nasionale menslike hulpbronbehoeftes plaas te vind. Volgens Lennox (2004), Jansen (2004) en Roodt (1999) is dit nodig dat ander staatsdepartemente ook by onderwys betrokke moet raak om die versekering te gee dat skoolverlaters wel tot die vereiste vaardigheidsvlakke styg.

Die ideaal is egter dat die onderwys in die behoeftes van die wêreld van werk sal voorsien (Wong, 1997). Dit is verder ook nodig dat die onderwysstelsel meer omvangryk behoort te wees en meer daarop behoort te fokus om skoolverlaters en leerders voor te berei op die wêreld van werk (Jansen, 2004; Lennox, 2004; Kok,

2005). Swak prestasies, lae seniorsertifikaat-slaagsyfers en onvoldoende voorsiening van beroepsgerigte onderwys kan onder andere die gevolg wees indien die stem van alle belangegroepe (die arbeidsmark/die ekonomie/werkgewers) nie aangehoor word nie.

Solank onderwysinstansies kennis, vaardighede en lewenshoudings sertifiseer, terwyl dit nie aan die vereistes voldoen nie (soos behoorlike basiese geletterdheid en gesyferheid), bewys hulle leerders en die land 'n onguns en dra hulle by tot die werkloosheidsprobleem. Met ander woorde onderwysstandaarde wat voorgee dat iets bestaan wat nie regtig bestaan nie, is onaanvaarbaar en oneerlik en die land kan dit nie bekostig nie (Kok, 2005).

## 2.10 SINTESE

Die meeste suksesvolle ekonomieë van die 21ste eeu spits hulle toe op leer, en het sogenaamde leergemeenskappe geword. Die kultuur van onderrig en leer is nie in Suid-Afrika gevestig nie. Die beperkte tydskedule in die onderwys, tesame met die min belangstelling van leerders en ouers in onderwys, verklaar verder waarom die gehalte van onderwys betreklik ondergemiddeld is.

Die doel van die onderwysstelsel behoort onder meer te wees om skoolleerders se kanse op indiensneming te verhoog (Blaug, 1978:8-9; Stern *et al.*, 1992). Die fokus moet weer op primêre en sekondêre onderwys geplaas word waar die onderwysstelsel, en spesifiek sekondêre onderwys, weer die behoeftes van die wêreld van werk in ag neem en onder die loep neem. 'n Breë tegniese grondslag behoort vir leerders gelê te word. Ingevolge Artikel 6(1) van die 'Skills Development Bill (1296/1997) behoort onderwys en onderrig van so 'n aard te wees dat werkgebaseerde onderwys met teoretiese kennis verbind word wat meewerk daartoe dat beter kwalifikasies verwerf word. Leerders beskik dan oor professionele en beroepsgerigte bevoegdhede in gebiede waarvoor 'n aanvraag in die ekonomie voorkom, insluitend selfindiensneming.

Die onderwysstelsel hou geen werklike waarde in vir skoolverlaters nie, en onderwys behoort verband te hou met die produksiesisteem van die ekonomie/die arbeidsmark. Die grootste probleem is dat die onderwysstelsel irrelevant is vir die behoeftes van die ekonomie/die wêreld van werk.

## 2.11 DIE ROL VAN DIE ONDERWYS IN DIE EKONOMIE

Die matriekuitslae het die afgelope 2 jaar, 2003 en 2004, ontwikkel in 'n voorspelbare ritueel wat bestaan uit:

- die nasionale slaagsyfer wat met 'n paar persentasiepunte verbeter het (4.4) (Seleoane, 2004:4);
- skoolverlaters wat 'n hoeveelheid onderskeidings behaal het;
- een of twee provinsies waar uitslae so verbeter het dat agterdog gewek is;
- die sakewêreld wat die onderwysowerhede verwyt dat werkgewers nie matrieks kan oplei wat indiensneembaar is nie; en
- skeptici (prof. Jonanthan Jansen) wat die geldigheid van verbeterde uitslae bevraagteken (Mecoamere, 2004:8).

Een van die doelstellings van onderwys- en opleidingstelsels is ekonomiese groei. Die ekonomie moet voorsien word van 'n geskoolde menslike hulpbronbasis. Ten spyte van wêreldwye grootskaals belegging in onderwys neem werkloosheid toe (Badenhorst, 1989:413; Wolhuter, 1993:163-173; Departement of Education, 2000:3b; Gardens, 2003; Van Tonder, 2003; Veleoane, 2004; Louw, 2004:10; Anon, 2004:12; Steyn, 2004:12; Kok, 2005).

Terselfdertyd het onderwysuitbreiding nie daarin geslaag om ekonomiese ontwikkeling beduidend te bevorder nie. Onderwys en die uitsette daarvan skyn dus uit pas te wees met dit wat die ekonomie/die arbeidsmark verlang of benodig (Marshall, 2003:7; Mulder, 2003:2). 'n Ooraanbod van werkers wat oor verkeerde en of verouderde kwalifikasies en vaardighede beskik word ondervind. Daar is ook 'n ondervoorsiening van die vaardighede wat 'n snelveranderende, tegnologiese ekonomie vereis (Cappelli *et al.*, 1997:165; Blossfeld & Stockmann, 1999; Rae *et al.*, 2001; Steyn, 2004:12; Segal, 2003:12; Marshall, 2003:7; Kok, 2005). Hierdie wanskakeling tussen die onderwysuitset en ekonomiese aanvraag/behoefte veroorsaak nie alleen 'n ekonomiese krisis nie, maar lei ook tot sosio-politieke probleme (Kok, 2005).

Onderwys is taamlik onsuksesvol ten opsigte van die behaling van die doelwitte wat vir die ekonomie, land en onderwys gestel is. Die grootste uitdaging vir die onderwys is tans om in die aanvraag/behoefte van die arbeidsmark te voldoen. Doeltreffendheid het te make met die gehalte van die vaardighede wat aan skoolverlaters onderrig word om in die arbeidsmark suksesvol te kan wees (Steyn, 2004:12; Louw, 2004:10; Kok, 2005). Wat leer die kinders werklik? Daar behoort onder meer in die onderwysbehoeftes van skoolverlaters, voorsien te word. Dié bepaalde behoefte kan onder meer beskryf word as dat skoolverlaters sodanig met relevante kennis en vaardighede toegerus moet word wat relevant/geskik is vir die aanvraag in die arbeidsmark (Venter, 2003:19; Steyn, 2003:12; Kok, 2005).

Onderwys- en opleidingstrukture speel 'n groot rol en is onlosmaaklik gekoppel aan die ekonomiese en maatskaplike strukture van 'n land (Suid-Afrika spesifiek). Onderwys is 'n noodsaaklike komponent vir ekonomiese ontwikkeling (paragraaf 2.5.3) (Mairra, 2003:1; Steyn, 2004:10; Kok, 2005).

Die vereistes wat die arbeidsmark aan die onderwys stel, neem elke dag toe (Macatta, 2003:9; Kok, 2005). Die belangrikste vereiste, onder andere, is dat sekondêre onderwys meer daarop gerig moet wees om in die moderne behoeftes van die ekonomie te voorsien, dus 'n stelsel wat meer buigsaam en aanpasbaar is en wat voorsien in die aanvraag van die ekonomie/die arbeidsmark. Die teorie van menslike kapitaal het die grondslag gelê vir die vertroue in onderwys en opleiding as wondermiddel om ekonomiese groei en ontwikkeling te verseker en om werkloosheid te beperk. Onderwys moet voorsien word wat die ekonomie kan voed en ondersteun en wat deurlopend in pas is met die veranderende aanvraag van die ekonomie (Kok, 2005). Dit is duidelik dat gesofistikeerde ekonomieë verskillende fases van ontwikkeling deurmaak en dat onderwys tred behoort te hou met hierdie ontwikkeling, en dit te ondersteun en te bevorder (Wolhuter, 2003). Dit blyk dus dat 'n sterk en gevestigde onderwysstelsel die sleutel tot sukses en vooruitgang is (onderwys en ekonomie behoort ineen te skakel) (Wolhuter, 2003; Steyn, 2003:12; Kok, 2005).

Vir die onderwys om 'n bydrae tot die arbeidsmark te kan lewer, moet onderwys leerders met vaardighede wat met die behoeftes van die arbeidsmark ooreenstem, toerus, naamlik (Pauw, 2000:135; Fourie, 2002; Kok, 2005):

- Tegnologie-vaardighede

- Basiese rekenaarvaardighede
- Vaardighede wat verband hou met globale inskakeling
- Vaardighede om inligting te bekom
- Entrepreneuriese vaardighede
- Sakevaardighede
- Finansiële vaardighede

Die stand van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark wek groot kommer onder toekomstige volwassenes (skoolverlaters). Werkloosheid in Suid-Afrika is 'n probleem, nie net vir die owerhede in die privaatsektor nie, maar ook vir die jonger geslag (paragraaf 2.5.4 en 2.6) (Kassiem, 2003:4; Kok, 2005). Vooruitskattings dui daarop dat meer as 8 miljoen mense in Suid-Afrika teen 2010 werkloos sal wees (Kok, 2005). Dis egter van strategiese belang dat relevante vaardighede by leerders ontwikkel moet word wat in aanvraag is by die arbeidsmark (Haberman, 1997; North, 2002:25).

'n Belangrike aspek wat uit die literatuur na vore kom, is dat Suid-Afrikaanse onderwys altyd verseker dat die 'produkte' wat hulle lewer, in ooreenstemming is met die behoeftes/aanvraag van die arbeidsmark, maar in werklikheid het hulle GEEN kontak met die arbeidsmark nie (Honey, 2003:28; Segal, 2003:18; Louw, 2004:10; Veleoane, 2004; Kok, 2005). Daar moet 'n beter skakeling tussen onderwys en die arbeidsmark ontstaan, met ander woorde "contextualise education within the world of work" (Blumenthal, 2004:8). Mnr. Blumenthal (CEO of the services Seta) stel dit dat Suid-Afrikaanse skoolverlaters onderrig word vir werkloosheid:

"There's a tension between the vocational qualifications required by employers, and the academic supply currently available form educational institutions." (Blumenthal, 2004:8.)

## 2.12 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n beeld te skep van die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede. Wat in hierdie bespreking duidelik na vore kom, is dat nie die wêreld van werk of die onderwysstelsel (sekondêre onderwys) onafhanklik kan funksioneer nie. Daarom bestaan eenstemmigheid daaroor dat 'n land in die huidige era nie sonder 'n dinamiese en goed opgeleide werkerskorps wat oor bepaalde vaardighede en werksetiek beskik, ekonomies kompeterend kan bly nie. In die lig hiervan is daar 'n bewustheid van die belangrike rol wat onderwys ter voorbereiding van 'n land se werkerskorps kan en behoort te speel.

Vervolgens is 'n navorsingsontwerp saamgestel waarin, deur middel van 'n empiriese ondersoek, data in die Klerksdorp distrik van Suid-Afrika ingesamel is oor dié bepaalde probleem rakende die gaping wat tussen die onderwysstelsel (sekondêre onderwys) en arbeidsmark/die wêreld van werk bestaan, asook rakende die vaardighede waaroor leerders moet beskik ten einde werk in die arbeidsmark/die wêreld van werk te kan bekom.

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

In die voorafgaande drie hoofstukke is aan die hand van 'n literatuurstudie ondersoek ingestel na die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede, die verband tussen onderwys en die arbeidsmark en die betrokkenheid van werkgewers by die gebeure in sekondêre skole. Die algemeenste metodes van navorsing is kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes. Hierdie twee metodes verteenwoordig twee duidelik onderskeibare benaderings met groot verskille in waardes, doelwitte en navorsingsprosedures. In hierdie hoofstuk word gefokus op die navorsingsontwerp waarin vraelyste en onderhoude as navorsingmetodes gebruik is vir die insameling van data oor die verband tussen die onderwysstelsel en werksmoontlikhede, die wisselwerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark en die betrokkenheid van werkgewers by onderwys. Die navorsingsresultate word bespreek.

## 3.2 DOEL VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om data in die KOSH area (Klerksdorp, Orkney, Stilfontein) en Rustenbrug in die Noordwes Provinsie van die RSA in te samel rakende die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede, die wisselwerking tussen sekondêre skole en die arbeidsmark/die ekonomie en die rol of betrokkenheid van, onder meer, die werkgewers by onderwys te ondersoek.

## 3.3 NAVORSINGSONTWERP

Die kwalitatiewe metode word in toenemende mate erken as 'n belangrike metode van navorsing. Die primêre doel van die kwalitatiewe metode is om die feite wat die grondslag van 'n gebeurtenis vorm, te verstaan, en die bevindinge in geskrewe taal aan te bied (Borg & Gall, 1989:23). Vir die doel van hierdie studie is gebruik gemaak

van 'n kwalitatiewe benadering om data in te samel, sowel as in mindere mate van kwantitatiewe metodes, naamlik die vraelys, om 'n grondslag te vorm waarop die onderhoudskedule opgestel word. Elke benadering het sy voor- en nadele en elkeen is in besonder geskik vir navorsing met 'n spesifieke doel. Die metode wat toegepas word en die metodes van dataversameling wat gekies is, hou verband met die ondersoek en die soort inligting wat verlang word (De Wet, Monteith, J.L. de K., Steyn, & Venter, 1981; Bogdan & Biklen, 1982; Burgess, 1986; Jaeger, Shulman, Kaestle, Scriven, Wolcott, Stake, Porter, & Glass, 1988; Bogdan & Biklen, 1998; Cherry, 2000; Gummesson, 2000; Wiersma, 2000; Heiman, 2001; Berg, 2001; Coleman & Briggs, 2002; Bogdan & Biklen, 2003; Creswell, 2003; Jackson, 2003; Lecompte, Klingner, Campbell, Menk, Dziobek, & Yager, 2003; Monteith, J.L. de K., 2003). Deur middel van 'n gestruktureerde vraelys, onderhoude en 'n fokus-groepsessie (vlg. Bylaag B) is data ingesamel oor die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede/die ekonomie, die wisselwerking tussen die rol van die onderwys en die arbeidsmark/die ekonomie om die rol van, onder meer, werkgewers in onderwys te bepaal. In hierdie hoofstuk word die resultate wat met behulp van die vraelys verkry is, aangedui om:

- 'n oorsig te verkry van die biografiese en demografiese gegewens van 'n respondent en sy werksomgewing;
- die belangrikheid van die wisselwerking/verband/skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede/die ekonomie te bepaal;
- die rol van onderwys in die ekonomie en die rol van werkgewers in onderwys te bepaal; en
- vaardighede te identifiseer wat skoolhoofde, adjunkhoofde en deelnemers in die ekonomie/die wêreld van werk as belangrik beskou en dit te interpreteer.

### 3.3.1 Die vraelys as meetinstrument

Die doel van die vraelys is om navraag te doen oor bestaande praktyke en toestande, houdings en menings waar spesifieke reaksies uitgelok word, te peil, inligting aangaande respondente se gevoelens, opinies, planne en persoonlike opvoedkundige en finansiële agtergrond te verkry (Van der Westhuizen, 1985:1;

Pietersen, 1985:87). Die vraelys as navorsingsinstrument is verder ook 'n selfverslaggewende instrument vir die insameling van 'n verskeidenheid toepaslike inligting vir die navorser (Wolf, 1997:477-479).

Vraelyste in navorsing word gebruik om inligting wat nie direk waarneembaar is nie, aan die lig te bring. Hierdie tegniek van data–insameling doen navraag oor aspekte wat oor 'n wye spektrum probleme handel (Gall *et al.*, 1996:288-329; Neuman, 1997:33-34). Nadat die voor- en nadele van 'n vraelys bestudeer is (Pietersen, 1985:95; Van Der Westhuizen, 1985:1; Ary, Jacobs & Razavieh, 1990:421; Best & Kahn, 1993:230; Gail *et al.*, 1996:241,288-292; Neuman, 1997:251-253), is besluit om inligting deur middel van vraelyste in te samel en te verwerk voordat onderhoude met fokusgroepe gevoer is.

### 3.3.2 Konstruksie van die vraelys

Die vraelysitems moet sorgvuldig ontwikkel word om 'n bepaalde aspek van die doel van die studie te meet. Met die konstruksie van die vraelys is dié vereistes vir die gewone vraelys in gedagte gehou (Landman, 1980:111; Ary *et al.*, 1996:428-429; Vermeulen & Shaw, 1996:52-53 Gall *et al.*, 1996:295-296).

Die doel van hierdie studie, soos gestel in Hoofstuk 1, is om ondersoek in te stel na die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede, die verband tussen onderwys en die arbeidsmark en die betrokkenheid van werkgewers by sekondêre skole. Die vraelysitems en vrae is sorgvuldig hiervolgens saamgestel en die doel van die empiriese ondersoek is deurgaans in gedagte gehou.

Na aanleiding van die literatuurstudie is vraelysitems met betrekking tot die volgende opgestel:

- die bibliografiese gegewens (Afdeling A)
- die demografiese gegewens (Afdeling B)
- die wisselwerking tussen onderwys en werksmoontlikhede (Afdeling C)
- die rol van onderwys in die ekonomie (Afdeling D)

- die skakeling tussen onderwys en die ekonomie/die wêreld van werk (Afdeling E)
- die vereiste vaardighede van belang by skoolverlaters (Afdeling F)

Volgens die aanbevelings van Ary *et al.* (1990:422-428) is items geskep van eenvoudig en neutraal tot meer kompleks en kritiek. Vrae met betrekking tot soortgelyke inhoude is saamgegroepeer.

Daar is egter afgewyk van Ary *et al.* (1990:425) se aanbevelings dat vrae met betrekking tot geslag, ouderdom, onderwyskwalifikasies, beroep, etniese oorsprong en huwelikstatus aan die einde van die vraelys geplaas moet word en nie aan die begin nie. Die rede hiervoor is dat hierdie vrae wat meer biografies en algemeen van aard is, vir die doel van hierdie studie belangrik is om 'n profiel te kan saamstel. Ary *et al.* (1990:426-429) se aanbeveling kan in gedagte gehou word by die formatering van die vraelys. 'n Kopie van die vraelys moet van hoë gehalte wees.

## 3.4 LOODSSTUDIE

Ary *et al.* (1990:428) en nog verskeie outeurs, onder andere (Wolf, 1997:423) wys daarop dat, aanvullend tot aanvanklike hersiening van die vraelys, dit belangrik is om 'n voortoets uit te voer voordat die vraelys vir navorsingsdoeleindes uitgestuur word.

Vir die voortoets kan 'n klein steekproef van individue van 'n populasie, soortgelyk aan die teikengroep van die navorsing, geselekteer word. Die doel van die voortoets-weergawe van die vraelys is om ruimte te skep waarin respondente opmerkings kan maak met betrekking tot die vraelys om sodoende leemtes uit te wys sodat die vraelys aangepas kan word ter verbetering daarvan (Ary, *et al.*, 1990:428). Die vraelys wat vir hierdie navorsing gebruik is, is aan die navorser se promotor vir kommentaar en aanbevelings voorgelê. Daarna is die vraelys persoonlik afgegee aan lede van die loodsstudiegroep, en kort gestruktureerde onderhoude is ook met die bepaalde lede gevoer.

Nadat die resultate van die loodsondersoek ontleed en verwerk is, is die vraelys verfyn en versprei. 'n Kopie van finale vraelys is hierby aangeheg (Bylaag C).

## 3.5 VERSPREIDING VAN DIE VRAELYS

Verskeie aspekte moet in gedagte gehou word met die verspreiding van die vraelys, waarvan die volgende enkele van die belangrikste is:

### 3.5.1 Dekbrief

Ary *et al.* (1990:420; Gall *et al.*, 1996:299-300) wys op die belangrikheid van die dekbrief wat die vraelys moet vergesel. Die dekbrief dien as 'n inleiding tot die vraelys en poog om respondente te oorreed om die vraelys in te vul en terug te stuur. Die volgende aspekte behoort in die dekbrief aandag te geniet (Ary *et al.*, 1990:429-431; Gall *et al.*, 1996:299-300):

- die doel van die studie;
- 'n versoek om samewerking;
- die feit dat beskerming aan respondente verleen word met betrekking tot vertroulikheid;
- 'n aanbod van toegang tot navorsingsresultate;
- 'n woord van waardering;
- 'n resente datum en 'n versoek om die vraelys so spoedig moontlik in te vul en terug te stuur.

'n Kopie van die dekbrief met betrekking tot die vraelys vir hierdie studie word in Bylae A verstrek.

### 3.5.2 Versprei van die vraelyste

Die finale vraelys is persoonlik aan die lede van die steekproefpopulasie oorhandig, tesame met die dekbrief, soos in die vorige paragraaf bespreek. Altesaam 34 vraelyste was onder skole en sake-ondernenings in Klerksdorp, Orkney, Stilfontein en Rustenbrug versprei. Na ses weke het die navorser persoonlik weer al die vraelyste by skole en nywerhede gaan insamel. Ongeveer ses weke is toegelaat vir die verspreiding, invul en afhaal van die vraelyste.

## 3.6 POPULASIE EN STEEKPROEF

Daar is twee tipes populasie by kwantitatiewe navorsing ter sake. Die eerste is die teikenpopulasie wat alle lede van 'n werklike of hipotetiese groep mense insluit. Omdat dit egter dikwels moeilik is vir navorsers om 'n steekproef uit 'n baie groot en geografies wydverspreide teikenpopulasie te neem, word 'n bereikbare populasie tweedens onderskei. Die bereikbare populasie verwys dan na alle individue wat realisties by die steekproef ingesluit kan word.

Vir die doel van hierdie navorsing is die teikenpopulasie doelbewus gekies, waar vooraf besluit is op die soorte skole wat in die KOSH-omgewing beskikbaar is, en bepaalde skole is doelbewus gekies ooreenkomstig die tipe skool uit die bepaalde populasie (twee groeipunte in die Noordwes Provinsie, naamlik die Klerksdorp-distrik en Rustenburg). Daar is besluit op die bepaalde keuse omdat dit tans die groeipunte in Noordwes is. Daar is ook doelbewus op 'n aantal strategiese bedrywe in die bepaalde gebied besluit wat ook sodoende maklik bereikbaar is, aangesien vraelyste persoonlik aan die respondente afgelewer en afgehaal is. In die seleksie is gebruik gemaak van alle skole in Noordwes, soos deur die Noordwes Onderwysdepartement gelys.

Om tyd, koste en arbeid te bespaar, behoort die steekproef so klein as moontlik gehou te word. Vir die doel van hierdie empiriese ondersoek is gepoog om ter wille van verteenwoordiging die steekproef so groot te hou as wat prakties moontlik is met betrekking tot tyd en koste, omdat dit nie moontlik was om 'n ewekansige steekproef te trek nie. Vraelyste was proporsioneel onder die verskillende soorte skole in die KOSH omgewing versprei. (Kyk Tabel 3.3).

Strata:

* Sake-ondernemings/nywerhede
  1 Mynbedryf (Anglo, Impala)
  2 Vervaardigingsnywerhede
  3 Staatsdienste
  4 Semi-staatsdienste

* Tipe skole

1 Staatskole

2 Privaatskole

3 Tegniese skole

4 ELSEN-skole.

## 3.7 TERUGVOER

'n Totaal van 34 vraelyste is terug ontvang. Navorsers verskil oor die terugvoer wat verwag kan word. Navorsers meen dat 'n 75%-80%-terugvoer redelikerwys verwag kan word. Volgens Ary *et al.* (1990:432) moet pogings aangewend word om kontak met respondente op te neem indien die responsfrekwensie minder as 75% is. Hulle stel voor dat sowat 10% van die nie-respondente telefonies bereik moet word om meer te wete te kom van hulle eienskappe en response met betrekking tot die vrae wat in die vraelys vervat is.

In Tabel 3.1 blyk dit dat 34 vraelyste onder respondente versprei is. Altesaam is 34 vraelyste weer by die respondente afgehaal en terug ontvang. Volgens Landman (1980:112) blyk dit dat meer as 70% van die vraelyste terug ontvang moet word voordat 'n analise van data gemaak kan word.

**TABEL 3.1 TERUGVOER**

| VRAELYSTE VERSPREI | VRAELYSTE TERUG ONTVANG | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 34 | 34 | 100% |

## 3.8 DIE ONDERHOUD AS MEETINSTRUMENT

Die onderhoud is een van die mees algemene metodes van data-insameling en is geskik vir beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe metode van navorsing. Kwalitatiewe navorsing is bedoel om meer detail-gegewens in te samel en diepte-inligting te verkry. Kwalitatiewe navorsing is dus buigsamer as kwantitatiewe navorsing. Hierdie buigsaamheid verleen groter vryheid aan die navorser om metodologie te ontwikkel met die doel om nuwe insigte in die betrokke navorsing te verkry.

Die buigsaamheid word verkry deur die unieke wyse van insameling, verwerking en rapportering van data. Verskillende tegnieke vir data-insameling kan gebruik word byvoorbeeld onderhoude en fokusgroepsessies. In hierdie navorsing is van fokusgroep-onderhoude as tegniek gebruik gemaak. Kwalitatiewe navorsing is ook buigsamer ten opsigte van steekproefneming en daar word in hierdie geval van gerigte steekproefneming gebruik gemaak. Die doel is om inligting te verkry deur op kleiner groepe en ook individue te fokus. Gevolgtrekkings waartoe gekom word is nie veralgemeenbaar nie (Gall *et al.*, 1996:231-618).

Hierdie metode stel die navorser in staat om sy bevindinge in 'n lewendige, alledaagse taal weer te gee. Hier word gestreef na insig. Die onderhoud is by die informant en die omstandighede waaronder die onderhoud gevoer is, aangepas. Die onderhoude is voorafgegaan deur die invul van die vraelyste. Die primêre doel van hierdie benadering is om die feite wat die grondslag van 'n gebeurtenis vorm, te verstaan en die bevindinge in geskrewe taal aan te bied (Borg & Gall, 1996:329). Data wat gedurende die navorsingsproses ontstaan, staan bekend as gegronde teorie. Die navorser moet sorg dat hy/sy nie op enige wyse, en veral tydens onderhoude, sy persoonlike mening oor tersaaklike kwessies op informante afdwing nie. Die gehalte van die navorsing lê in die egtheid en onbevangenheid waarmee informante op vrae van die navorser antwoord (Burgess, 1989:4; Borg, All & Gall, 1993:431-434; Ary *et al.*, 1996:422-423; Best & Kahn, 1993:230; Gall *et al.*, 1996:228; Neuman, 1997:33; Vermeulen, 1998:52; Gubrium & Holstein, 2002). Nadat die voor- en nadele van 'n onderhoud bestudeer is (Burgess, 1989:108; Creswell, 1998; Leedy & Ormrod, 2001:148-153; Gay & Airasian, 2000:223) is besluit om inligting deur middel van onderhoude/fokusgroep-onderhoude in te samel.

### 3.8.1 Redes waarom die keuse op die onderhoud as metode van navorsing geval het

Die keuse van 'n onderhoud as metode van navorsing berus op die volgende (Burgess, 1989):

- Onderhoude is besonder beskrywend en openbaar die aard van sekere situasies, prosesse, verhoudings, sisteme en mense (persone).

- Interpretasie stel die navorser in staat om meer insig te verkry ten opsigte van 'n sekere gebeurtenis of situasie.
- Verifikasie stel die navorser in staat om die egtheid van sekere veronderstellings te toets binne werklike gebeure.
- Onderhoude is geskik vir beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe metode van data-insameling.
- Die onderhoud pas aan by die informant en die omstandighede waaronder die onderhoud gevoer word.
- Die navorser, as ondervraer, kan egter daarna streef om die informant se ervaringe en handelinge wat vir die navorsingsprobleem relevant is, te beklemtoon.
- Die onderhoud word gevoer in 'n vry en openhartige atmosfeer en word gewoonlik op band vasgelê.

## 3.8.2 Die ontwerp van die onderhoud

### *3.8.2.1 Die struktuur van die onderhoud*

Voortspruitend uit die literatuuroorsig en die response op vraelyste is 'n onderhoudskedule saamgestel.

Belangrike inligting uit vraelyste het as rigsnoer gedien. 'n Onderhoudskedule verseker dat die belangrikste velde gedek word. Daar is egter geen vasgestelde orde waarin die vrae gestel word nie. Die ondervraer streef egter daarna om die informant se ervaringe en houdings wat relevant is vir die navorsingsprobleem te beklemtoon en moedig die informant aan om hierdie ervaring natuurlik en vrylik te bespreek (Burgess, 1989:107). Die informant behoort omtrent 90% van die "praat werk" te doen (Vos *et al.*, 2002:293).

Hierdie wyse verseker dat die belangrikste aspekte in elke literatuuroorsig wat na vore gekom het en die belangrikste resultate uit die data-analise uit die vraelyste gedek word. Tydens die individuele onderhoude word die gesprekke volledig op band vasgelê en deur skriftelike notas (veldnotas) aangevul.

### *3.8.2.2 Konstruksie van die onderhoud*

In die geval van 'n kwalitatiewe ondersoek word die gestruktureerde onderhoud aanvaar as 'n geskikte metode van data-insameling. Duidelike, akkurate en volledige vrae (gebaseer op die informant se persoonlike ondervinding) is van belang by die opstel van 'n onderhoudskedule. Die ondervraer maak deurentyd gebruik van 'n onderhoudskedule (Bylaag D). Die onderhoudskedule is gebaseer op die vooraf-gaande literatuurstudie asook op die inligting van die verwerkte vraelyste wat as rigsnoer vir die ondervraer dien. Hierdie skedule verseker dat die belangrikste velde gedek word. Daar is egter geen vasgestelde orde waarin die vrae gestel word nie. Die ondervraer streef daarna om die informant se ervaringe en houdings wat relevant is vir die navorsingsprobleem, te beklemtoon (Burgess, 1982:107).

Op hierdie wyse is verseker dat die belangrikste aspekte gedek word wat in die literatuurstudie en inligting uit die 30 vraelyste op die voorgrond getree het.

### *3.8.2.3 Die identifisering van informante*

Die identifisering van informante wat die data voorsien, is die uiterste belang vir die individuele onderhoude. Elke individuele informant het toegang tot unieke inligting. Geen enkele informant kan universele inligting verskaf nie.

Daar is besluit om 11 fokusgroeponderhoude te voer. Die betrokke persone is so gekies dat hulle verteenwoordigend is van verskillende teikengroepe (skole en instansies). Nadat hierdie seleksies gemaak is, is onderhoude met hoofde gevoer en so ook fokusgroep-onderhoude met 'n hoof en twee persone verbonde aan nywerhede/instansies. Die navorser self het as gespreksleier opgetree, wat die voordeel het dat voorafinligting as vertrekpunte kon dien en die vrae voortdurend op die bereiking van die navorsingsdoel gerig was.

In die meeste kwalitatiewe studies gebruik navorsers 'n relatief klein steekproef. Die geldigheid van 'n steekproef is nie soseer afhanklik van die aantal informante wat ondervra word nie, eerder van die graad van betroubaarheid waarmee die informante optree en die kennis waaroor hulle beskik.

Vir die navorsingsproses is dit uiters belangrik dat die korrekte informante gekies word. Anders as wat die gebruik by kwantitatiewe navorsing is, word die informante nie volgens 'n ewekansige steekproefneming bepaal nie. Daar word met oorleg te werk gegaan om 'n groep informante te kies wat verteenwoordigend is van die groter geheel waaroor die navorsing handel. Die navorser moet die informante dus so kies dat kenners uit verskillende velde ingesluit word om sodoende al die nodige inligting te bekom. Die betrokke informante moet oor die nodige kennis beskik om die verlangde data aan die navorser te verskaf (Goetz & Le Compe, 1984:215).

### 3.8.3 Fokusgroepsessies/onderhoude

Die fokusgroepsessie/onderhoude is 'n variasie op die individuele onderhoud wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word. Dit word veral op die gebied van bemarking gebruik as 'n metode om kliënte se persepsies van sekere produkte te toets. 'n Fokusgroep-sessie kan gedefinieer word as 'n bespreking waarin 'n klein groep informante onder leiding van 'n gespreksleier oor een of meer onderwerpe wat vir die navorsing van belang is, praat.

Enkele ander belangrike aspekte in die beplanning en lei van fokusgroepsessies is:

- Informante word vooraf ingelig oor die doel van die sessie en die algemene strekking en onderwerp van die bespreking.
- Die bespreking word volgens 'n vaste skedule, soortgelyk aan die onderhoudskedule vir individuele onderhoude, deur die gespreksleier gelei.
- 'n Volledige bandopname word met die medewete en instemming van elke informant gemaak met die oog op data-analise.
- Daar moet doelgerig rigting gegee word aan die gesprek, sonder om self op die voorgrond te tree of eie menings op die gespreksgroep af te dwing.

## 3.9 INTERPRETERING VAN RESPONSE VAN VRAELYSTE

Vraelyste is deur die navorser self gekodeer en ontleed. Daarna is die inligting wat ontleed is in tabelle gesorteer waarna gevolgtrekkings en afleidings gemaak is. Daarna is die inligting uit die vraelyste aan skole en instansies/nywerhede/sake-

ondernemings vergelyk met die doel om vas te stel wat die mening is van bepaalde kategorieë tussen skole en instansies/nywerhede/sake-ondernemings en of daar 'n behoefte is aan samewerking tussen die skool en die wêreld van werk/die ekonomie. Uit response op die vraelyste is willekeurig op bepaalde verbandhoudende vrae besluit wat in die gestruktureerde onderhoude aan dieselfde en ander belang-hebbende persone gestel is.

### 3.9.1 Interpretering van Biografiese Data van Skoolhoofde, Adjunkhoofde en Departementshoofde

Die data met betrekking tot die biografiese gegewens in Tabel 3.2 word vervolgens geïnterpreteer.

**TABEL 3.2: BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN SKOOLHOOFDE IN DIE KOSH-OMGEWING VAN DIE RSA**

| ITEM | BIOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hoogste kwalifikasie | | **TOTAAL** | **%** |
| | | HOD (sek) | 0 | 0 |
| | | Graad en Diploma | 5 | 20,83 |
| | | B.Ed.-graad (Honneurs) | 3 | 12,5 |
| | | Honneursgraad | 8 | 33,33 |
| | | Meestersgraad | 7 | 29,16 |
| | | Doktorsgraad | 1 | 4,16 |
| | | **Totaal** | **N = (24)** | 100,0 |

| ITEM | BIOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | Posisie beklee in die werksituasie | | | |
| | | Skoolhoof | 13 | 54,1 |
| | | Adjunkhoof | 9 | 37,5 |
| | | Departementshoof | 2 | 8,3 |
| | | **Totaal** | **N = (24)** | 100,0 |
| 3 | Totale aantal jare ondervinding | | | |
| | | Minder as 10 jaar | 3 | 12,5 |
| | | Meer as 10 jaar | 21 | 87,5 |
| | | **Totaal** | **N = (24)** | 100,0 |

Uit Tabel 3.2 het respondente aangetoon dat hulle oor toepaslike akademiese kwalifikasies beskik. Dit blyk dat die meeste hoofde by die skole oor akademiese kwalifikasies beskik.

### Watter posisie beklee u in u werksituasie?

Op Vraag 2 het die respondente aangetoon dat 54,1% in posvlak 4 aangestel is, 37,5% het aangetoon dat hulle in posvlak 3 aangestel is en slegs 8,3% van die respondente was in posvlak 2 aangestel. Dit blyk dat die meeste respondente oor die kennis beskik om die bepaalde vraelys noukeurig in te vul.

### Totale aantal jare ondervinding

Volgens die response op Vraag 3 het 87,5% van die respondente meer as 10 jaar ervaring, terwyl slegs 12,5% van die respondente oor minder as 10 jaar ervaring beskik.

### 3.9.2 Interpretering van Demografiese gegewens

Die data met betrekking tot die demografiese gegewens in Tabel 3.3 word vervolgens geïnterpreteer.

**TABEL 3.3: DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN SKOOLHOOFDE IN DIE KOSH–OMGEWING IN DIE RSA**

| ITEMS | DEMOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Geografiese ligging | | **TOTAAL** | **%** |
| | | Stedelik | 15 | 62,5 |
| | | Landelike | 9 | 37,5 |
| | | Totaal | N = 24 | 100,0 |
| 2 | Die tipe skool | | | |
| | | Staatskole | 10 | 42,0 |
| | | Privaatskole | 4 | 17,0 |
| | | Tegniese Skole | 6 | 25,0 |
| | | Hotelskole | 1 | 2,0 |
| | | ELSEN-skole | 3 | 13,0 |
| | | **Totaal** | **N = 24** | 100,0 |

#### Geografiese ligging

Uit Tabel 3.3 blyk dit dat 62,5% van die respondente in 'n stedelike gebied werksaam is en slegs 3,7% in plattelandse gebiede.

#### Die tipe skool?

Uit Tabel 3.3 blyk die volgende ten opsigte van die tipe skole waarna vraelyste geneem is:

- Staatskole 42%;
- Privaatskole 17%;
- Tegniese skole 25%;

- Hotelskole 2%; en
- ELSEN-skole 13%.

2 skole is ook gekombineerd ten opsigte van staat-, tegniese en hotelskool. Daarbenewens is daar ook 'n staat- en 'n hotelskool.

### 3.9.3 Interpretering van data met betrekking tot die wisselwerking/verband tussen onderwys en werksmoontlikhede (vaardighede en werksmoontlikhede)

'n Doelwit van hierdie studie was om die belangrikheid van die wisselwerking/-verband tussen onderwys en werksmoontlikhede te bepaal.

"The development of linked work and training is planned in relation to the supply of school-leavers for equipping young people with the skills required by the labour market." (Jallade, 1983; par. 2.2.2.)

**TABEL 3.4: DIE DOEL VAN ONDERRIG EN LEER BY AL DIE SKOLE (N = 24)**

| | RESPONSE | |
|---|---|---|
| | TOTAAL | % |
| Om leerders met vaardighede toe te rus wat geskik is vir die ekonomie/die werksmoontlikhede | 9 | 37,5 |
| Om leerders te ontwikkel as verantwoordelike landsburgers | 7 | 29,1 |
| Om leerders basiese vaardighede aan te leer | 10 | 41,6 |
| Om leerders te ontwikkel as volwaardige volwassenes | 2 | 8,3 |

Uit Tabel 3.4 blyk die volgende ten opsigte van die belangrikheid van die doel van onderrig en leer:

- Om leerders basiese vaardighede aan te leer: 41,6%
- Om leerders met vaardighede toe te rus wat geskik is vir die

- ekonomie/werksmoontlikhede: 37,5%
- Om leerders te ontwikkel as verantwoordelike landsburgers: 29,1%
- Om leerders te ontwikkel as volwaardige volwassenes: 8,3%

Vyf respondente het meer as een keuse uitgeoefen en dit blyk verder uit die vraelyste dat die belangrikste doel rakende onderrig en leer onder andere is om leerders met basiese vaardighede toe te rus en nie soseer om leerders met vaardighede toe te rus vir die wêreld van werk/die ekonomie nie. Die sienswyse kan gekoppel word aan die feit dat al die skole UGO (uitkoms-gebaseerde onderwys) implementeer, ook nie daadwerklike riglyne en hulp van die departement se kant ontvang nie. Die hulp en ondersteuning wat gegee word, is elementêr van aard en fokus meer op hoe die verskeie uitkomste saamgestel word. Een van die fokuspunte van UGO is om leerders met basiese vaardighede toe te rus. Bogenoemde stem nie ooreen met die bevindinge uit die literatuurstudie (par. 1.1; 2.2.1 en 2.6) nie, waar dit duidelik gestel word dat doeltreffende onderwys voorsien moet word en dat die waarde van enige onderwysstelsel gesetel is in die voorbereiding van leerders met die oog op werksmoontlikhede, en dat dit die gaping tussen teorie en praktyk moet verklein. Par. 2.2.1; 2.5.4 en 2.11 bevestig dat onderwys en sy uitset (leerders, vaardighede, kennis) blyk uit pas te wees met die behoeftes van die ekonomie/die arbeidsmark. Die doel is om die gaping wat bestaan tussen die vaardighede wat leerders/skoolverlaters op skool aangeleer word en die vaardighede wat die ekonomie/die arbeidsmark/die wêreld van werk van die skoolverlaters verlang, te probeer verklein. As gevolg van die ekonomiese onstabiliteit, verhoogde lewenskoste, werkloosheid en transformasie wat in alle sektore in Suid-Afrika plaasvind, kan daar nie geredeneer word dat alle skoolverlaters tersiêre instellings sal betree nie. Daar behoort dus geleenthede vir skoolverlaters te wees om wel die arbeidsmark/die wêreld van werk te kan betree.

**TABEL 3.5: DIE GEHALTE/STANDAARD VAN SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE ALGEMEEN (N=24)**

| | TOTAAL | % |
|---|---|---|
| Swak | 3 | 12,5 |
| Nie na wense | 14 | 58,3 |
| Goed | 7 | 29,1 |
| Uitstekend | 0 | 0 |
| Totaal | **N = 24** | 100,0 |

Uit Tabel 3.5 is dit duidelik dat die gehalte/standaard van sekondêre onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks na die mening van respondente nie na wense is nie. Hierdie bevinding is in teenstelling met die literatuurstudie (par 1.1) waar dit pertinent gestel word dat die standaard van onderwys relevant moet wees ten opsigte van die aanvraag van die ekonomie/die arbeidsmark/die wêreld van werk.

Ongeveer 58.3% van die respondente het laat blyk dat sekondêre onderwys nie na wense is nie, en dat daar daadwerklike verbeteringe of vernuwings in die onderwys moet intree, anders sal die probleem van geskoolde werkloosheid en die "gaping" tussen onderwys en die werkplek in die toekoms 'n nog groter probleem word. Die literatuur (par. 1.1 en par. 2.2.1) bewys die belangrikheid van bogenoemde bevinding, want die ekonomiese gesondheid van 'n land is gevestig in die lewensvatbaarheid van die skoolopleiding (onderwys). Relevante onderwys is nodig vir ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling (par. 2.5.2). Onderwys behoort sy aanslag te verander sodat meer klem geplaas word daarop om leerders/-skoolverlaters met meer beroepsgerigte vaardighede toe te rus wat relevant is vir die ekonomie/die arbeidsmark. Meer werksmoontlikhede kan dan tot beskikking van leerlinge gestel word. Uit die literatuur (par. 1.1) blyk dit dat 'n gaping tussen die onderwys en die ekonomie bestaan wat die oorgang van skool na werk benadeel en bemoeilik. 'n Moontlike rede wat hiervoor aangevoer kan word, is dat die

veranderende vereistes van die ekonomie en die manier waarop die land se jeug met die oog op werk voorberei word, NIE in wisselwerking met mekaar is NIE.

**TABEL 3.6: VAARDIGHEDE EN WERKSMOONTLIKHEDE**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Word sekondêre leerders met relevante vaardighede vir werksmoontlikhede toegerus? | 13 | 54,16 | 11 | 45,83 | 24 |
| Word sekondêre leerders met beroepsgeoriënteerde vaardighede toegerus? | 14 | 58,3 | 10 | 41,66 | 24 |
| Kan vakleerlingskappe, skoolverlaters beter toerus vir werksmoontlikhede? | 23 | 95,83 | 1 | 4,166 | 24 |
| Kan beroepsgerigte onderwys leerders in sekondêre skole, met beter en meer relevante vaardighede toerus? | 24 | 100,00 | 0 | 0,00 | 24 |
| Sal meer beroepsgerigte onderwys werkloosheid in Suid-Afrika laat afneem? | 23 | 95,83 | 1 | 4,166 | 24 |
| Dra UGO by tot die voorbereiding van leerders met die oog op beroepsbeoefening? | 4 | 16,66 | 20 | 83,33 | 24 |
| Totaal: | | | | | **N=24** |

Uit Tabel 3.6 blyk dit dat 'n direkte verband/wisselwerking tussen vaardighede wat in sekondêre skole aangeleer word en werksmoontlikhede bestaan. Die meerderheid respondente (54,16%) van die respondente is van mening dat sekondêre leerders by veral tegniese, hotel- en privaatskole wel met relevante vaardighede vir die arbeidsmark toegerus word. 45,83% van die respondente het negatief op die bepaalde vraag geantwoord, wat daarop dui dat leerders in gewone staatskole nie met geskikte en relevante werksvaardighede toegerus word nie. Dit stem ooreen met die literatuurstudie (par. 2.2.1), naamlik dat die onderwys se uitsette nie in pas is met die behoeftes en vereistes van die ekonomie/die arbeidsmark nie. Die

meerderheid van respondente (58,3%) wat by beroepsgerigte skole en privaatskole betrokke is, het aangedui dat leerders wel toegerus word met beroepsgerigte vaardighede en dat baie van húlle skoolverlaters direk na Graad 12 in die arbeidsmarkte opgeneem word, met die vereiste van verdere gespesialiseerde opleiding.

Ongeveer 41,66% van die respondente wat by akademiesgerigte sekondêre staatskool betrokke is, is van mening dat leerders oor teoretiese vaardighede beskik wat nie beroepsgerig is nie en dat skoolverlaters ook nie met relevante teoretiese agtergrond in bepaalde werksomgewings kan funksioneer nie. Bogenoemde skoolverlaters kan nie werklik 'n doeltreffende bydrae lewer tot die werkplek nie. Die inligting in bostaandegenoemde twee paragrawe stem ooreen met die bevindinge in die literatuur (par. 1.1) waaruit dit blyk dat onderwys faal om doeltreffende, tegniese onderwys en beroepsgerigte onderwys te voorsien, veral aan leerders wat direk na skool die wêreld van werk betree. Die respondente (95,83%) is verder ook van mening dat vakleerlingskappe, nie net tegnies van aard nie, maar ook in algemene studierigtings, skoolverlaters met beter en meer relevante vaardighede vir werksmoontlikhede/die arbeidsmark/die ekonomie kan toerus. Indien onderwys meer beroepsgeoriënteerd kan wees, kan werkloosheid en veral geskoolde werkloosheid, afneem. Bevindinge uit die vraelyste dui daarop dat UGO se gebruikswaarde (werkspotensiaal) nie relevant is nie en dat UGO-leerders nie met betrekking die vereistes/aanvraag van die arbeidsmark/die ekonomie voorberei nie (83,33%). 'n Moontlike gevolg kan onder andere wees dat die geskoolde werkloosheidsyfer toeneem met 'n direkte gevolg van 'n toename in armoede en groter druk op maatskaplike en welsynsdepartemente in die bepaalde gemeenskappe.

### 3.9.4 Interpretering van data oor die rol van werkgewers in onderwys (uit die oogpunt van onderwys)

In Tabel 3.7 word 'n uiteensetting gegee van die rol van werkgewers in die onderwys.

**TABEL 3.7: ROL VAN WERKGEWERS IN ONDERWYS (N=24)**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is samewerking tussen skole en sake-ondernemings nodig? | 24 | 100,0 | 0 | 0,0 | 24 |
| Behoort standaarde/vaardighede in pas te wees met die aanvraag/behoefte van die ekonomie? | 23 | 95,83 | 1 | 4,16 | 24 |
| Is dit nodig dat Sake-ondernemings/werkgewers meer insette en bydraes moet lewer ten opsigte van die ontwikkeling en beplanning van kurrikulums? | 24 | 100,00 | 0 | 0,00 | 24 |
| Is sekondêre onderwys in voeling met die behoeftes/vereistes van werkgewers? | 5 | 20,83 | 20 | 83,3 | 25 |
| Is integrasie van teorie en praktyk in kurrikulums belangrik? | 23 | 95,83 | 1 | 4,16 | 24 |

Uit die response in Afdeling D, kyk Bylaag 2 (vraelyste aan skole), blyk dit dat al die respondente dit nodig ag dat daar samewerking tussen die onderwys en werkgewers behoort te wees ten opsigte van die beplanning, samestelling en ontwikkeling van kurrikulums. 'n Direkte gevolg kan wees dat skoolverlaters dan meer aanvaarbaar vir die arbeidsmark/die ekonomie is – met ander woorde dat skoolverlaters wel in staat sal wees om direk na Graad 12 die wêreld van werk/die arbeidsmark te betree en dat werkgewers ook meer gewillig sal wees om skoolverlaters aan te stel. Dit stem ooreen met die stelling in par. 2.2.2 dat onderwysprogramme meer loopbaangerig behoort te wees, met die pertinente doel dat onderwysleerders nie net akademies onderrig word nie, maar dat 'n wye verskeidenheid vaardighede, wat relevant is vir die ekonomie/die wêreld van werk, aangeleer behoort te word. Die algemene gevoel van respondente is dat sekondêre onderwys sy doel in die Suid-Afrikaanse konteks gemis het omdat sekondêre onderwys nie in voeling is /bekend is met die behoeftes en vereistes van die werkgewers/die arbeidsmark/die ekonomie nie. Dit bring mee dat skoolverlaters nie

aanvaarbaar is vir die wêreld van werk/die ekonomie nie, wat gerugsteun word deur par. 2; par. 2.2.3 en par. 2.5. Daar behoort 'n nouer skakeling tussen teorie en praktyk te ontstaan, waardeur leerders deur praktiese situasies gekonfronteer word. Die doel van sekondêre onderwys behoort dus onder meer te wees dat alle skoolverlaters onderwys van so 'n aard ontvang dat hulle keuses kan uitoefen met betrekking tot verdere studie en loopbaanbeoefening, deurdat hulle vaardighede aangeleer en aan vaardighede blootgestel word wat relevant is vir verdere studie en die werkplek.

Die integrasie van teorie en die praktyk is in primêre onderwys uiters noodsaaklik. Deurdat verpligte onderwys net tot aan die einde van Graad 9 strek, behoort leerders in staat te wees om die wêreld van werk te betree. Die meerderheid respondente (95%) was ten gunste van integrasie in skole (par. 2.3). Integrasie is 'n belangrike komponent wat aandag behoort te geniet omdat leerders te eniger tyd, 'n bydrae tot die ekonomie/die arbeidsmark behoort te kan lewer (87,5% van die respondente was ten gunste van deurlopende integrasie). Bogenoemde inligting stem ooreen met die stelling wat in par. 1.1 van die literatuurstudie gemaak is.

### 3.9.5 Interpretering van data oor die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting in die skole

In Tabel 3.8 word 'n uiteensetting gegee van die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting.

**TABEL 3.8: DIE BEHOEFTE AAN DOELTREFFENDE BEROEPSVOORLIGTING**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is beroepsvoorligting in Suid-Afrikaanse skole nodig? | 24 | 100,00 | 0 | 0,00 | N=24 |

Vanuit die vraelyste is dit duidelik dat beroepsvoorligting in sowel sekondêre skole as primêre skole weer in sy regmatige posisie herstel moet word. Al die respondente is van mening dat beroepsvoorligting 'n noodsaaklike behoefte in skole is waar leerders die nodige leiding, rigting en ondersteuning kan ontvang met onder andere die neem

van vakkeuses en inligting uit die arbeidsmark. Beroepsvoorligters moet ook oor relevante vaardighede/kwalifikasies en inligting beskik met betrekking tot beskikbare werksmoontlikhede en behoeftes/aanvraag van die ekonomie/die arbeidsmark. Bogenoemde stem ooreen met die bevindings in die literatuurstudie (par. 1.1) waar dit duidelik gestel word dat onderwys daarin faal om doeltreffende voorligting aan leerders te voorsien.

### 3.9.6 Interpretering van data oor die skakeling tussen die onderwys en die arbeidsmark

Die inligting vervat in Tabel 3.9 verwys na die skakeling tussen die onderwys en die ekonomie.

**TABEL 3.9: SKAKELING TUSSEN ONDERWYS EN ARBEIDSMARK**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is betrokkenheid van sake-ondernemings by sekondêre skole op akademiese gebied nodig? | 22 | 91,66 | 2 | 8,33 | 24 |
| Kan onderwys die werkloosheidskoers beïnvloed? | 22 | 91,66 | 2 | 8,33 | 24 |
| Sal hoër akademiese standaarde en hoër akademiese slaagvereistes werkloosheid kan laat afneem? | 12 | 50,00 | 12 | 50,00 | **N=24** |

Die afleidings wat uit Tabel 3.9 gemaak kan word, is dat die betrokkenheid van sake-ondernemings nie net op finansiële gebied benodig word nie, maar ook op akademiese gebied in skole (sekondêre en primêre instellings) (91,66%) benodig en verlang word. Dit stem ooreen met par. 1.1 in die literatuurstudie waar dit duidelik na vore kom dat die skakeling/samewerking tussen skole en sake-ondernemings/-instansies belangrik is. Sodoende word skoolverlaters en leerders blootgestel aan die "werklikheid" en kan indiensopleiding meer en beter aandag in die skoolopset geniet. Finansiële ondersteuning is wel nodig vir die doeltreffende funksionering van skole, maar wanneer dit by die beroepsgerigtheid en toekomswaarde van leerders

kom, is insette deur die wêreld van werk/die arbeidsmark op akademiese gebied nodig. Moontlike gevolge van die samewerking tussen sake-ondernemings en skole(onderwys) kan onder andere wees dat die houvas wat geskoolde werkloosheid op skoolverlaters het, kan afneem. Van die respondente (91,66%) het verder aangedui dat onderwys meer beroepsgerig behoort te wees om die eenvoudige rede dat meer relevante vaardighede en kennis op skool aangeleer moet word wat in ooreenstemming is met die vereistes van die werkplek. Uit die literatuurstudie (par. 2.2.2) blyk dit ook duidelik dat die samewerking/wisselwerking tussen die onderwys en die arbeidsmark vir stabiliteit in die ekonomie meer beroepsgerigte onderwys benodig. Die gevoel van respondente uit die onderwys is dat daar gekyk behoort te word na die gehalte, waarde en standaarde van die onderwys. Soos waargeneem op die 5th Educational Speaking Conference te Boksburg van die Gautengse Onderwysdepartement, was die klem op die uitstekende verbetering van matriekuitslae gedurende die afgelope 10 jaar. Die vraag is egter of die gehalte en standaard van onderwys nog relevant is vir die ekonomie/die wêreld van werk en/of die Suid-Afrikaanse Onderwysdepartemente so ingestel is om bewys te lewer van 100% uitslae, dat hulle die gehalte en standaarde van onderwys agterweë laat?

### 3.9.7 Interpretering van data met betrekking tot die vereiste vaardighede van belang by skoolverlaters

Die inligting, soos in Tabel 3.10 vervat, verwys na die rangordes van vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik, na die mening van respondente uit die onderwys.

'n Doelwit van hierdie studie (par. 1.2) was ook om onder andere te bepaal watter tegniese, persoons-, sosiale en konseptuele vaardighede as belangrik beskou word ten einde doeltreffend en produktief in skoolverlaters se nuwe werksomgewing te funksioneer. Die data wat ingesamel is, kan vir belangegroepe in onderwys 'n aanduiding wees van waarop gekonsentreer kan word ten opsigte van verlangde vaardighede wat by leerders ontwikkel kan word. Dit kan verder meebring dat onderwys 'n doeltreffende bydrae lewer tot die oorgang van skool na die wêreld van werk/die ekonomie.

Uit die data rakende die belangrike vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik, kan onder andere doeltreffende riglyne neergelê word. 'n Vaardigheid word beskou as die vermoë of behendigheid waaroor 'n persoon moet beskik om 'n bepaalde handeling vloeiend en sonder inspanning in 'n bepaalde werksituasie suksesvol te kan uitvoer. Hierdie bevindings stem dus ooreen met die literatuur (par. 2.2.2) waarin aangedui word dat skoolverlaters en leerders oor die vermoë moet beskik om doeltreffend binne 'n organisasie te kan werk.

Respondente is gevra om vaardighede wat hulle as belangrik beskou, aan die hand van 'n aantal vrae op 'n vierpuntskaal aan te dui. Die skaal was soos volg ingedeel:

1= Baie belangrike vaardigheid

2= Belangrike vaardigheid

3= Minder belangrike vaardigheid

4= Irrelevante vaardigheid.

**TABEL 3.10 RANGORDES VAN VAARDIGHEDE WAAROOR SKOOLVERLATERS MOET BESKIK (VOLGORDE VAN BAIE BELANGRIKE VAARDIGHEID TOT MINDER BELANGRIKE VAARDIGHEID) (N=24)**

| RANGORDE | VAARDIGHEID | GEMIDDELD |
|---|---|---|
| 1 | Die vermoë om verantwoordelikheid te kan aanvaar | 79,16% |
| 1 | Die vermoë om doeltreffend binne 'n bepaalde werksomgewing te kan werk | 79,16% |
| 2 | Die vermoë om te kan beplan | 75,06% |
| 3 | Die vermoë om gedelegeerde gesag/take met sukses te kan uitvoer | 66,66% |
| 4 | Die vermoë om doeltreffend onder mag en gesag te kan werk | 62,5% |
| 4 | Die vermoë om eie en ander se behoeftes en waardes te kan respekteer | 62,5% |

| RANGORDE | VAARDIGHEID | GEMIDDELD |
|---|---|---|
| 5 | Die vermoë om 'n positiewe en samewerkende verhouding met ander werknemers sowel as met werkgewers te kan vestig | 58,33% |
| 5 | Die vermoë om met 'n probleem te kan werk en na ander te kan luister | 58,33% |
| 5 | Die vermoë om toe te laat dat vaardighede, talente ontwikkel word | 58,33% |
| 5 | Die vermoë om binne 'n nuwe werksomgewing te kan saamwerk | 58,33% |
| 6 | Die vermoë om by vernuwing te kan aanpas | 54,16% |
| 7 | Die vermoë om 'n bydrae in die werksklimaat te kan lewer | 50,0% |
| 7 | Die vermoë om strategies te kan dink (beplande, doelgerigte handelinge en aktiwiteite | 50,0% |
| 7 | Die vermoë om futuristies te kan dink | 50,0% |
| 8 | Die vermoë om kreatief te kan dink | 45,83% |
| 8 | Die vermoë om nuwe werkswyses en rigtings te kan inisieer | 45,83% |
| 8 | Die vermoë om konflik in die werksituasie te kan hanteer | 45,83% |
| 8 | Die vermoë om kennis, vaardighede en houdings op so 'n manier te demonstreer dat ander in die persoon kan glo | 45,83% |
| 9 | Die vermoë om respek by meerderes te kan afdwing | 41,66% |
| 9 | Om bewus te wees van vooroordele, tekortkoming, swakpunte asook sterkpunte en bevoegdhede | 41,66% |
| 10 | Die vermoë om allerlei situasies te kan hanteer | 37,5% |

| RANGORDE | VAARDIGHEID | GEMIDDELD |
|---|---|---|
| 10 | Die vermoë om goeie verhoudings met ander in werksomgewing te kan vestig | 37,5% |
| 10 | Die vermoë om binne 'n nuwe omgewing te kan sosialiseer | 37,5% |
| 10 | Die vermoë om innoverende besluite te kan neem | 37,5% |
| 10 | Die vermoë om innoverende denke in praktiese situasies te kan demonstreer en te kan toepas | 37,5% |
| 10 | Die vermoë om paradoksaal te kan dink | 37,5% |
| 11 | Die vermoë om insette by vergadering en byeenkomste te kan lewer | 33,33% |
| 11 | Die vermoë om met tegnologie te kan omgaan | 33,33% |
| 12 | Die vermoë om vertroud te kan wees met die jongste inligtingstegnieke, soos die internet | 25,00% |
| 12 | Sterk redeneringsvermoë | 25,00% |

Respondente het vaardighede in rangorde van baie belangrik tot minder belangrik geplaas. Vaardighede van rangorde 1 tot 10 was die belangrikstes wat leerders behoort aan te leer. Die belangrikste vaardighede fokus meer op Tegniese, Persoonlike, en Konseptuele vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik. Hierdie vaardighede word as belangrik beskou ten einde ondergeskiktes gelukkig in hulle werk te hou asook om optimale doeltreffendheid en produktiwiteit ten opsigte van werksverrigting te verkry. Moontlike redes waarom respondente bogenoemde vaardighede as baie belangrik beskou, sal in Hoofstuk 5 vermeld word. Dit is ook interessant dat skoolhoofde tegniese vaardighede én persoonsvaardighede én konseptuele vaardighede as ewe belangrik beskou om doeltreffend en produktief in die arbeidsmarkte te kan funksioneer, teenoor die literatuur, naamlik die opvatting van die Departement Nasionale Onderwys dat sterker klem geplaas moet word op sosiale vaardighede (leerinhoude van UGO).

Dit blyk dat respondente bogenoemde konseptuele vaardighede belangrik ag omdat dit die vermoë by skoolverlaters ontwikkel om strategiese denke, innoverende besluite en idees in bereikbare doelwitte te kan omsit. Dit word beskou as geantisipeerde kennis wat behels dat skoolverlaters oor die vermoë behoort te beskik om moontlikhede raak te sien en sodanig op te tree dat hulle meer ingestel is op dit wat hulle in die toekoms wil bereik. Uit die literatuur (par. 2.2.2) blyk dit ook dat dit eienskappe en vaardighede is wat by leerders ontwikkel behoort te word ter voorbereiding met die oog op die wêreld van werk/die arbeidsmark.

### 3.9.8 Interpretering van Biografiese Data van Sake-ondernemings en instansies in die wêreld van werk/die ekonomie

Die data met betrekking tot die biografiese gegewens in Tabel 3.11 word vervolgens geïnterpreteer.

**TABEL 3.11 BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN SAKE-ONDERNEMINGS IN DIE KOSH-OMGEWING VAN DIE RSA**

| ITEM | BIOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Hoogste kwalifikasie | | **TOTAAL** | **%** |
| | | Bestuursdiploma | 6 | 60 |
| | | Graad en Diploma | 3 | 30 |
| | | Honneursgraad | 0 | 0 |
| | | Meestersgraad | 1 | 10 |
| | | Doktorsgraad | 1 | 10 |
| | | **Totaal** | **N = (10)** | 100,0 |

| ITEM | BIOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | Posisie beklee in die werksituasie | | | |
| | | Afdelingshoof | 1 | 10 |
| | | Personeelafdeling | 5 | 50 |
| | | Projekbestuurder | 2 | 20 |
| | | Onderbestuurder | 0 | 0 |
| | | Bestuurder | 3 | 30 |
| | | **Totaal** | **N = (10)** | 100,0 |
| 3 | Totale aantal jare ondervinding | | | |
| | | Minder as 10 jaar | 2 | 20 |
| | | Meer as 10 jaar | 8 | 80 |
| | | **Totaal** | **N = (10)** | 100,0 |

Volgens Tabel 3.11 het respondente aangetoon dat hulle oor die toepaslike akademiese en professionele kwalifikasies beskik.

### Watter posisie beklee u in u werksituasie?

Op Vraag 2 het die respondente geantwoord dat 10% aangestel is as afdelingshoofde en 50% dat hulle in die personeelafdelings van sake-ondernemings aangestel is. Slegs 20% van die respondente was as projekbestuurders en 30% as bestuurders aangestel.

### Totale aantal jare ondervinding

Volgens die response op Vraag 3 het 80% van die respondente meer as 10 jaar ervaring in hul bepaalde posisies, terwyl slegs 20% van die respondente oor minder as 10 jaar ervaring beskik.

### 3.9.9 Interpretering van Demografiese Gegewens

Die data met betrekking tot die demografiese gegewens in Tabel 3.12 word vervolgens geïnterpreteer.

**TABEL 3.12 DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN SAKE-ONDERNEMINGS EN INSTANSIES IN DIE KOSH – OMGEWING IN DIE RSA**

| ITEMS | DEMOGRAFIESE GEGEWENS | | RESPONSE | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Geografiese ligging | | **TOTAAL** | **%** |
| | | Stedelik | 6 | 60 |
| | | Landelik | 4 | 40 |
| | | **Totaal** | **N = 10** | 100,0 |
| 2 | Die tipe onderneming | | | |
| | | Mynbedrywe | 3 | 30 |
| | | Vervaardigingsnywerhede | 5 | 50 |
| | | Staatsdienste | 1 | 10 |
| | | Semi-staatsdienste | 1 | 10 |
| | | **Totaal** | **N = 10** | 100,0 |

#### Geografiese ligging

Uit Tabel 3.12 blyk dit dat 60% van die respondente in stedelike gebiede werksaam is en slegs 40% in plattelandse gebiede.

#### Die tipe onderneming?

Uit Tabel 3.12 blyk die volgende ten opsigte van die tipe onderneming waarna vraelyste geneem is:

- Mynbedrywe: 30%
- Vervaardigingsnywerhede: 50%

- Staatsdienste: 10%
- Semi-staatsdienste: 10%

### 3.9.10 Interpretering van data oor die Wisselwerking/verband tussen onderwys en Werksmoontlikhede (Vaardighede en werksmoontlikhede)

'n Doelwit van hierdie studie was om die belangrikheid van die wisselwerking/-verband tussen onderwys en werksmoontlikhede te bepaal (N = 10).

**TABEL 3.13 DIE DOEL VAN ONDERRIG EN LEER BY AL DIE SKOLE VOLGENS ONDERNEMINGS EN INSTANSIES**

| | RESPONSE | |
|---|---|---|
| | TOTAAL | % |
| Om leerders toe te rus oor vaardighede wat geskik is vir die ekonomie/werksmoontlikhede | 10 | 100 |
| Om leerders as verantwoordelike landsburgers te ontwikkel | 0 | 0 |
| Om leerders basiese vaardighede aan te leer | 0 | 0 |
| Om leerders as volwaardige volwassenes te ontwikkel | 0 | 0 |

Uit Tabel 3.13 blyk die volgende ten opsigte van die rangorde van belangrikheid rakende die doel van onderrig en leer:

- Om leerders toe te rus oor vaardighede wat geskik is vir die ekonomie/werksmoontlikhede: 100,0%
- Om leerders as volwaardige volwassenes te ontwikkel: 10,0%

Die respondente het hul keuses uitgeoefen ten opsigte van wat die doel van onderwys moet wees. Die belangrikste doel vir onderwys volgens die betrokke respondente, is om leerders met vaardighede toe te rus wat relevant is vir die wêreld van werk/die ekonomie. Bogenoemde stem ooreen met die bevindinge in die literatuurstudie (par. 2.2.1 en par. 2.2.3) wat dit duidelik stel dat die doel van

onderwys is om leerders toe te rus met 'n wye verskeidenheid vaardighede wat geskik is vir die wêreld van werk en die ekonomie. Dit ondersteun die afleiding wat in par. 2.2.1 gemaak is, naamlik dat onderwys by die behoeftes en die aanvraag van die ekonomie, moet aansluit.

**TABEL 3.14 DIE GEHALTE/STANDAARD VAN SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE ALGEMEEN**

| | TOTAAL | % |
|---|---|---|
| Swak | 1 | 10 |
| Nie na wense | 7 | 70 |
| Goed | 2 | 20 |
| Uitstekend | 0 | 0 |
| Totaal | **N = 10** | 100,0 |

Uit Tabel 3.14 kom dit duidelik na vore dat die gehalte/standaard van sekondêre onderwys in die algemeen nie na wense is nie. Dit blyk dat ongeveer 70% van die respondente van mening is dat die gehalte van sekondêre onderwys nie na wense is nie. Uit die reaksies van die arbeidsmark/die wêreld van werk is dit duidelik dat die onderwys meer moet fokus op beroepsgerigte vaardighede wat relevant is vir die ekonomie/die arbeidsmark. Hierdie bevinding stem ooreen met par. 2.2.4 in die literatuurstudie, naamlik dat uitdagings aan onderwys deur die wêreld van werk/die ekonomie gestel word rakende die gehalte skoolverlaters wat gelewer word aan die arbeidsmark en die ekonomie.

Uitdagings (Mursak, 1997:255; Zanchariev, 1999:26; Lindley, 1996:171-176; Kok, 2005) word deur die wêreld van werk aan die onderwys gestel rakende die gehalte skoolverlaters wat vir die arbeidsmark gelewer word:

- Die verbetering van 'n land se internasionale mededingendheid
- Die lewering van meer arbeiders wat aan die vereistes van die veranderende ekonomiese stelsel voldoen
- Die bereiking van langtermynbehoeftes van die arbeidsmark en die bevordering van indiensnemingsmoontlikhede/werksmoontlikhede
- Die verbetering van produktiwiteit onder skoolverlaters
- Die verhoging in die totale vlak van deelname in onderwys met die verbetering in gehalte van die vaardighede wat aangeleer word
- Die snelle kwalitatiewe en kwantitatiewe verbetering in die onderwys, in reaksie op die toenemende en diverse vereistes van die wêreld van werk
- die verbetering van werkgewers se deelname aan die onderwys

**TABEL 3.15 VAARDIGHEDE EN WERKSMOONTLIKHEDE**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Word sekondêre leerders met relevante vaardighede vir werksmoontlikhede toegerus? | 2 | 20 | 8 | 80 | 10 |
| Word sekondêre leerders met beroepsgeoriënteerde vaardighede toegerus? | 2 | 20 | 8 | 80 | 10 |
| Kan vakleerlingskappe skoolverlaters beter vir werksmoontlikhede toerus? | 9 | 90 | 1 | 10 | 10 |
| Kan beroepsgerigte onderwys leerders in sekondêre skole met beter en meer relevante vaardighede toerus? | 10 | 100,00 | 0 | 0,00 | 10 |
| Sal meer beroepsgerigte onderwys, werkloosheid in Suid-Afrika laat afneem? | 9 | 90 | 1 | 10 | 10 |
| Dra UGO by tot die voorbereiding van leerders met die oog op beroepsbeoefening? | 2 | 20 | 8 | 80 | 10 |
| Totaal: | | | | | **N=10** |

Uit Tabel 3.15 blyk dit dat 'n direkte verband/wisselwerking tussen vaardighede wat in sekondêre skole aangeleer word en werksmoontlikhede bestaan. Die meerderheid respondente (80%) is van mening dat sekondêre leerders, veral by staatskole, nie met relevante vaardighede vir werksmoontlikhede toegerus word nie . 80% van die respondente het ook verder aangedui dat leerders in sekondêre skole, nie met beroepsgerigte vaardighede toegerus word nie, en dat skoolverlaters na Graad 12 nie in die arbeidsmarkte opgeneem kan word - skoolverlaters kan dus nie 'n bydrae tot die wêreld van werk/die ekonomie lewer nie. Dit stem ooreen met die bevindinge in die literatuurstudie (par. 1.1), naamlik dat leerders in sekondêre skole nie vaardighede ontwikkel wat die huidige en toekomstige ekonomie vereis nie.

Die respondente (90%) is verder ook van mening dat vakleerlingskappe nie slegs tegnies van aard nie, maar ook in algemene studierigtings skoolverlaters met beter vaardighede wat geskik is vir werksmoontlikhede/die ekonomie kan toerus. Uit die vraelyste blyk dit ook dat UGO se gebruikswaarde (werkspotensiaal) in die wêreld van werk/die ekonomie nie bydra tot die voorbereiding van leerders om te kan beantwoord aan die behoeftes en vereistes van die arbeidsmark/die ekonomie nie. Indien die struktuur van onderwys en die inhoude daarvan meer vaardigheidsgebaseer is, kan werkloosheid afneem deurdat leerders "grootgemaak" word vir indiensneming na die voltooiing van skool (90%). Bogenoemde word in par. 2.3.1; par. 2.3.2; par. 2.3.3; par. 2.3.4 en par. 2.3.5 met betrekking tot die literatuur ondersteun, waarin die afleiding gemaak word dat onderwys meer op akademiese as beroepsgerigte onderwys moet fokus, aangesien skoolverlaters met meer gepaste werksgebaseerde en algemene vaardighede toegerus behoort te word.

### 3.9.11 Interpretering van data oor die rol van werkgewers in die onderwys

Die inligting vervat in Tabel 3.16 verwys na die rol van werkgewers in die onderwys.

**TABEL 3.16 ROL VAN WERKGEWERS IN ONDERWYS (N=10)**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is samewerking tussen skole en sake-ondernemings nodig? | 10 | 100 | 0 | 0 | 10 |
| Behoort standaarde/vaardighede in pas te wees met die aanvraag/behoefte van die ekonomie? | 10 | 100 | 0 | 0 | 10 |
| Is dit nodig dat Sake-ondernemings/werkgewers meer insette en bydraes moet lewer ten opsigte van die ontwikkeling en beplanning van kurrikulums? | 8 | 80 | 2 | 20 | 10 |
| Is sekondêre onderwys in voeling/bekend met die behoeftes/vereistes van werkgewers? | 1 | 10 | 9 | 90 | 10 |
| Is integrasie van teorie en praktyk in kurrikulums belangrik? | 10 | 100 | 0 | 0 | 10 |

Uit die response op Afdeling D van die vraelys blyk dit dat die meerderheid respondente, van mening is dat werkgewers in sekondêre onderwys 'n groter rol behoort te speel ten opsigte van die beplanning en samestelling van kurrikulums waarvan die inhoude sekondêre leerders meer aanvaarbaar sal maak vir die arbeidsmark/die ekonomie. Die moontlike resultaat is dat skoolverlaters na Graad 12 wel in staat sal wees, om die wêreld van werk/die arbeidsmark te betree. Werkgewers sal ook meer gewillig wees om skoolverlaters aan te stel omdat werkgewers bydraes lewer tot die skoolopleiding van leerders en dan sodoende bewus is van wat leerders kan doen. Dit stem ooreen met die literatuurstudie (par. 2.2.2), naamlik dat die betrokkenheid van werkgewers belangrik is aangesien werkgewers beweer dat skoolverlaters 'n gebrek toon aan gepaste

werkplekvaardighede. Werkgewers is dus direk by die arbeidsmarkte betrokke en hulle weet van die behoeftes en vereistes van die ekonomie. Sodoende behoort werkgewers/sake-ondernemings/nywerhede en instansies insae en bydraes te lewer tot onderwysprogramme. Alleenlik dan kan onderwys bewus wees van die behoeftes, aanvraag en vereistes van die arbeidsmark/die ekonomie/die wêreld van werk.

### 3.9.12 Interpretering van data oor die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting in die skole

Die inligting vervat in Tabel 3.17 verwys na die behoefte aan doeltreffende beroepsvoorligting.

**TABEL 3.17 DIE BEHOEFTE AAN DOELTREFFENDE BEROEPSVOORLIGTING**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is beroepsvoorligting in Suid-Afrikaanse skole nodig? | 10 | 100,00 | 0 | 0,00 | N=10 |

Uit die betrokke vraelyste word dit duidelik dat doelgerigte en doeltreffende beroepsvoorligting belangrik en noodsaaklik is en dus in skole heringestel behoort te word. Die respondente was almal van mening dat beroepsvoorligting 'n noodsaaklikheid is, soos blyk in par. 2.5.4. en par 2.11. Uit par. 2.5.4 en 2.11 blyk dit verder dat skoolverlaters aan die einde van Graad 9 nie 'n bydrae tot die ekonomie/die arbeidsmark kan lewer nie, en dat aandag gegee moet word aan die feit dat verpligte onderwys op 'n latere ouderdom vasgestel moet word sodat leerders sodoende wel met relevante vaardighede toegerus kan word om in die wêreld van werk/die ekonomie te kan "oorleef".

### 3.9.13 Interpretering van data oor die skakeling tussen onderwys en die arbeidsmark

Die inligting vervat in Tabel 3.18 verwys na die skakeling tussen onderwys en die ekonomie.

**TABEL 3.18 SKAKELING TUSSEN ONDERWYS EN ARBEIDSMARK**

| VRAAG | JA | % | NEE | % | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Is betrokkenheid van sake-ondernemings in sekondêre skole op akademiese terrein nodig? | 9 | 90 | 2 | 20 | 10 |
| Kan onderwys die werkloosheidskoers beïnvloed? | 10 | 100 | 0 | 0 | 10 |
| Sal hoër akademiese standaarde en hoër akademiese slaagvereistes werkloosheid kan laat afneem? | 8 | 80 | 2 | 20 | **N=10** |

Uit Tabel 3.18 blyk dit dat sake-ondernemings meer betrokke wil raak by onderwys. Dus word skoolverlaters en leerders blootgestel aan die werklikheid en kan indiensopleiding in die skoolopset meer en beter aandag geniet, met die nodige insette en bystand deur sake-ondernemings en verskeie ander instansies. Ook word die bepaalde stelling in hierdie verband in paragraaf 2.2.2 en paragrawe. 2.3.1 tot 2.3.5 beklemtoon.

Deur meer betrokkenheid/samewerking van instansies/nywerhede by onderwys kan die moontlikheid ontstaan dat die houvas van geskoolde werkloosheid op skoolverlaters kan afneem en dat leerders deur die werklikheid ten opsigte van die wêreld van werk gekonfronteer word. Volgens par. 2.5.2 is die samewerking/-wisselwerking/skakeling tussen onderwys en die arbeidsmark/die ekonomie nodig vir volhoubare ekonomiese groei en ekonomiese vooruitgang.

### 3.9.14 Interpretering van data met betrekking tot die vereiste vaardighede wat belangrik is vir skoolverlaters

Die inligting vervat in Tabel 3.19 verwys na die rangorde van vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik.

## Vaardighede by skoolverlaters wat as belangrik beskou word

'n Doelwit van hierdie studie (par. 1.2) was ook om onder andere te bepaal watter tegniese, persoons-, sosiale en konseptuele vaardighede as belangrik beskou word ten einde doeltreffend en produktief in skoolverlaters se nuwe werksomgewings te kan funksioneer. Die data wat ingesamel is, kan ook vir belangegroepe in die onderwys 'n aanduiding wees van waarop gekonsentreer kan word ten opsigte van verlangde vaardighede wat by leerders ontwikkel kan word vir die doeltreffende verband, skakeling en wisselwerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/die ekonomie. Dit kan ook meebring dat onderwys 'n doeltreffende bydrae lewer tot die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.

Uit die ingesamelde data ten opsigte van belangrike vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik, kan doeltreffende riglyne ook in Hoofstuk 5 neergelê word vir toepaslike/doelgerigte onderwys vir doeltreffende wisselwerking tussen industrie en die onderwys.

Respondente is gevra om vaardighede wat hulle as belangrik beskou, aan die hand van 'n aantal vrae op 'n vierpuntskaal aan te dui. Die skaal was soos volg ingedeel:

1= Baie belangrike vaardigheid

2= Belangrike vaardigheid

3= Minder belangrike vaardigheid

4= Irrelevante vaardigheid.

**TABEL 3.19: RANGORDES VAN VAARDIGHEDE WAAROOR SKOOLVERLATERS MOET BESKIK (VOLGORDE VAN BAIE BELANGRIKE WAARDIGHEID TOT MINDER BELANGRIKE VAARDIGHEID) (N=10)**

| RANGORDE | VAARDIGHEID | GEMIDDELD |
|---|---|---|
| 1 | Die vermoë om verantwoordelikheid te kan aanvaar | 70% |
| 1 | Die vermoë om toe te laat dat vaardighede, talente ontwikkel word | 70% |
| 2 | Die vermoë om doeltreffend onder mag en gesag te kan werk | 60% |
| 2 | Die vermoë om doeltreffend binne 'n bepaalde werksomgewing te kan werk | 60% |
| 2 | Die vermoë om binne 'n nuwe werksomgewing te kan saamwerk | 60% |
| 2 | Die vermoë om met 'n probleem te kan werk en na ander te kan luister | 60% |
| 2 | Die vermoë om innoverende denke in praktiese situasies te demonstreer en te kan toepas | 60% |
| 3 | Die vermoë om te kan beplan | 50% |
| 3 | Die vermoë om gedelegeerde gesag/take met sukses te kan uitvoer | 50% |
| 3 | Die vermoë om allerlei situasies te kan hanteer | 50% |
| 3 | Die vermoë om 'n positiewe en samewerkende verhouding met sowel ander werknemers as werkgewers te kan vestig | 50% |
| 3 | Die vermoë om respek by meerderes te kan afdwing | 50% |
| 3 | Die vermoë om kennis, vaardighede en houdings op so 'n manier te kan demonstreer, dat ander in die persoon kan glo | 50% |

| RANGORDE | VAARDIGHEID | GEMIDDELD |
|---|---|---|
| 3 | Die vermoë om strategies te kan dink (beplande, doelgerigte handelinge en aktiwiteite) | 50% |
| 3 | Die vermoë om kreatief te kan dink | 50% |
| 3 | Die vermoë om paradoksaal te kan dink | 50% |
| 3 | Die vermoë om konflik in die werksituasie te kan hanteer | 50% |
| 4 | Die vermoë om eie en ander se behoeftes en waardes te kan respekteer | 40% |
| 4 | Om bewus te wees van vooroordele, tekortkoming, swakpunte asook sterkpunte en bevoegdhede | 40% |
| 4 | Die vermoë om innoverende besluite te kan neem | 40% |
| 4 | Die vermoë om nuwe werkswyses en rigtings te kan inisieer | 40% |
| 5 | Die vermoë om in die werksklimaat 'n bydrae te kan lewer | 30% |
| 5 | Die vermoë om met tegnologie te kan omgaan | 30% |
| 5 | Die vermoë om by vernuwing te kan aanpas | 30% |
| 5 | Die vermoë om eie beperkings t.o.v. waardes en norme binne die werksomgewing te kan bepaal | 30% |
| 5 | 'n Sterk redeneringsvermoë | 30% |
| 5 | Die vermoë om futuristies te kan dink | 30% |
| 6 | Die vermoë om vertroud te kan wees met die jongste inligtingstegnieke, soos die internet | 20% |
| 7 | Die vermoë om by vergadering en byeenkomste insette te kan lewer | 0% |
| 7 | Die vermoë om goeie verhoudings met lede van ander instansies te kan vestig | 0% |
| 7 | Die vermoë om binne 'n nuwe omgewing te kan sosialiseer | 0% |

Rangordes 1 tot 7 was die belangrikste vaardighede wat leerders in skole behoort aan te leer. Die belangrikste vaardighede fokus meer op persoonlike en konseptuele vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik. Hierdie vaardighede word as belangrik beskou ten einde optimale doeltreffendheid en produktiwiteit ten opsigte van werksverrigting te verkry. Moontlike redes waarom respondente bogenoemde vaardighede as baie belangrik beskou, sal in Hoofstuk 4 vermeld word.

Dit blyk verder dat respondente bogenoemde konseptuele vaardighede belangrik ag, sodat skoolverlaters strategiese denke, innoverende besluite en idees in bereikbare doelwitte te kan omsit. Dit word ook beskou as geantisipeerde kennis wat stel dat skoolverlaters oor vermoëns behoort te beskik om moontlikhede raak te sien en sodanig op te tree dat hulle meer daarop ingestel is op dit wat hulle in die toekoms wil bereik (par. 2.9; 2.11).

### 3.9.15 Vergelyking met betrekking tot die inligting vanuit vraelyste van skole en sake-ondernemings (instansies)

In die bepaalde vergelyking sal slegs na 'n paar tabelle en die inligting daarin vervat, gekyk word, hetsy om verskille of ooreenkomste tussen die twee belanghebbende partye uit te wys wat van belang is.

**TABEL 3.20 DIE DOEL VAN ONDERRIG EN LEER (VERGELYK TABEL 3.4 EN 3.13)**

| | RESPONSE | |
|---|---|---|
| | SKOLE % | INSTANSIES % |
| Of leerders oor vaardighede beskik wat geskik is vir die ekonomie/werksmoontlikhede | 37,5 | 100,0 |
| Om leerders as verantwoordelike landsburgers te ontwikkel | 29,1 | 0,0 |
| Om leerders basiese vaardighede aan te leer | 41,6 | 0,0 |
| Om leerders as volwaardige volwassenes te ontwikkel | 8,3 | 0,0 |

Uit Tabel 3.20 blyk dit dat instansies meer skoolverlaters soek wat oor vaardighede beskik wat geskik/relevant is vir die arbeidsmark/werksmoontlikhede. Volgens respondente uit die arbeidsmark/die wêreld van werk behoort dit die klem en fokus in onderwys te wees.

**TABEL 2.21 DIE GEHALTE/STANDAARD VAN SEKONDÊRE ONDERWYS IN DIE ALGEMEEN**

| | SKOLE % | INSTANSIES % |
|---|---|---|
| Swak | 12,5 | 10,0 |
| Nie na wense | 58,3 | 70,0 |
| Goed | 29,1 | 20,0 |
| Uitstekend | 0 | 0,0 |
| Totaal | 100,0 | 100,0 |

Uit Tabel 3.21 blyk dit dat die meerderheid respondente (Skole, 58.3% en Instansies, 70%), van mening is dat die gehalte van onderwys nie na wense is nie. Uit beide die „Sektore" blyk dit 'n saak van kommer te wees.

**TABEL 3.22 VAARDIGHEDE EN WERKSMOONTLIKHEDE**

| VRAAG | SKOLE | | INSTANSIES | |
|---|---|---|---|---|
| | JA % | NEE % | JA % | NEE % |
| Word sekondêre leerders met relevante vaardighede vir werksmoontlikhede toegerus? | 54,2 | 45,8 | 20 | 80 |
| Word sekondêre leerders met beroepsgeoriënteerde vaardighede toegerus? | 58,3 | 41,7 | 20 | 80 |
| Kan vakleerlingskappe skoolverlaters beter toerus vir werksmoontlikhede? | 95,8 | 4,2 | 90 | 10 |
| Kan beroepsgerigte onderwys leerders in sekondêre skole met beter en meer relevante vaardighede toerus? | 100,0 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| Sal meer beroepsgerigte onderwys werkloosheid in Suid-Afrika laat afneem? | 95,8 | 4,0 | 90,0 | 10 |
| Dra UGO by tot die voorbereiding van leerders met die oog op beroepsbeoefening? | 16,7 | 83,3 | 20,0 | 80,0 |
| Totaal: | **N = 24** | | **N= 10** | |

Uit Tabel 3.22 blyk dit dat die meerderheid respondente van skole (54,16%) wel van mening is dat sekondêre leerders, veral by tegniese, hotel- en privaatskole, met relevante vaardighede toegerus word. Die meerderheid sake-ondernemings (80%) is verder van mening dat sekondêre leerders, veral by gewone akademiese staatskole, nie met relevante vaardighede vir werksmoontlikhede toegerus word nie, asook dat leerders in sekondêre skole nie met beroepsgerigte vaardighede toegerus word nie. Altwee die belanghebbende partye is verder van mening dat meer beroepsgerigte onderwys in Suid-Afrikaanse sekondêre skole werkloosheid kan laat afneem.

**TABEL 3.23 ROL VAN WERKGEWERS IN DIE ONDERWYS**

| VRAAG | SKOLE | | INSTANSIES | |
|---|---|---|---|---|
| | JA % | NEE % | JA % | NEE % |
| Is samewerking tussen skole en sake-ondernemings nodig? | 100,0 | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| Behoort standaarde/vaardighede in pas te wees met die aanvraag/behoefte van die ekonomie? | 95,8 | 4,2 | 100,0 | 0,0 |
| Is dit nodig dat Sake-ondernemings/werkgewers meer insette en bydraes moet lewer ten opsigte van ontwikkeling en beplanning van kurrikulums? | 100,0 | 0,0 | 80,0 | 20,0 |
| Is sekondêre onderwys in voeling met die behoeftes/vereistes van werkgewers? | 20,8 | 83,3 | 10,0 | 90,0 |
| Is die integrasie van teorie en praktyk in kurrikulums belangrik? | 95,83 | 4,16 | 100 | 0 |

Uit die response in Tabel 3.23, blyk dit dat die meerderheid respondente verlang dat werkgewers 'n groter rol moet speel in sekondêre onderwys in Suid-Afrika en dat sekondêre onderwys nie in voeling/in pas is met die behoeftes en vereistes van werkgewers nie.

Opvallend vanuit die interpretering van data met betrekking tot sake-ondernemings is dat 20% van respondente nie betrokke wil raak by die beplanning en ontwikkeling van kurrikulums nie. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat meer deelname/betrokkenheid ook meer verantwoordelikhede op die betrokke instansies kan plaas en dat die werkslas van die betrokke bestuurders, onderbestuurders en personeelafdelings kan toeneem. Dit is egter jammer, omdat die toekoms van ons leerders en ons skole, in 'n groot mate tog in die hande van sake-ondernemings/-nywerhede geplaas is.

Uit Tabelle 3.10 en 3.19 blyk dit verder dat daar wesenlik 'n verskil van mening is tussen die twee belanghebbende partye (skole en sake-ondernemings) rakende die

vaardighede waaroor skoolverlaters moet beskik. In Tabel 3.23 word die verskil in rangorde tussen skole en instansies/sake-ondernemings uiteengesit.

**TABEL 3.24 VERSKIL IN RANGORDE TUSSEN SKOLE EN INSTANSIES MET BETREKKING TOT VAARDIGHEDE**

| VAARDIGHEID | RANGORDE | |
|---|---|---|
| | SKOLE (N=24) | INSTANSIES (N=10) |
| Die vermoë om vaardighede te kan ontwikkel | 5 | 1 |
| Die vermoë om doeltreffend onder mag en gesag te kan werk | 3 | 2 |
| Die vermoë om met 'n probleem te kan werk en na ander te kan luister | 5 | 2 |
| Die vermoë om innoverende denke te demonstreer en dit in praktiese situasies te kan toepas | 10 | 2 |
| Die vermoë om respek by meerderes te kan afdwing | 9 | 3 |
| Die vermoë om strategies te kan dink | 7 | 3 |
| Die vermoë om kreatief te kan dink | 8 | 3 |
| Die vermoë om paradokskaal te kan dink | 10 | 3 |
| Die vermoë in die werksituasie te kan hanteer | 8 | 3 |
| Die vermoë om eie en ander se behoeftes te kan respekteer | 4 | 4 |

Die vaardighede in Tabel 3.24 beeld die *Baie Belangrike* en *Belangrike* vaardighede uit. Die vermoë om doeltreffend onder mag en gesag te kan werk (3 en 2) en die vermoë om eie en ander se behoeftes te kan respekteer (4 en 4) is twee vaardighede wat as min of meer as ewe belangrik deur die twee groepe beskou word. Bogenoemde stem nie ooreen met par. 3.8 van die literatuurstudie waarin vaardighede genoem word wat as belangrik beskou word nie.

## 3.10 SINTESE

Uit die ontleding van die twee groepe vraelyste, naamlik vraelyste aan skole en vraelyste aan sake-ondernemings/instansies/nywerhede, blyk dit voorts dat die gevoel van beide instansies en skole in die algemeen dít is dat sekondêre onderwys sy doel in die Suid-Afrikaanse konteks gemis het, omdat sekondêre onderwys nie in voeling/bekend is met die behoeftes/vereistes van die werkgewers/die arbeidsmark/-die ekonomie nie. Die doel van sekondêre onderwys behoort dus onder andere te wees dat alle Suid-Afrikaanse skoolverlaters onderwys moet ontvang wat van so 'n aard is dat leerders keuses kan uitoefen rakende verdere studie en/of loopbaanbeoefening, deurdat hulle met vaardighede toegerus en daaraan blootgestel word wat geskik is vir verdere studie en die ekonomie/die wêreld van werk, soos afgelei uit par. 2.9; 2.11. Indien daar genoegsame en doeltreffende samewerking/-wisselwerking/skakeling tussen onderwys, veral sekondêre onderwys en die ekonomie/die wêreld van werk is, kan die gaping tussen die twee betrokke partye kleiner word, omdat die feit dat leerders, en veral ook skoolverlaters, met relevante vaardighede en kennis toegerus word in ooreenstemming met die vereistes en behoeftes van die ekonomie/die wêreld van werk. 'n Direkte gevolg kan wees dat geskoolde werkloosheid drasties kan afneem, aangesien leerders/skoolverlaters dan onderwys ontvang wat relevant is vir die Suid-Afrikaanse ekonomie/die arbeidsmark en sal die probleem op hande nie voorkom nie, naamlik dat 'n land skoolverlaters aan die einde van elke jaar afgee wat GEEN waarde kan toevoeg tot die samelewing of die ekonomie/die wêreld van werk nie. Op die oomblik is daar nie 'n mark vir die Suid-Afrikaanse skoolverlaters nie. Die onderwys behoort dus van so 'n aard te wees dat skoolverlaters wel in aanvraag is en daar WEL 'n mark vir skoolverlaters en hul vaardighede bestaan.

## 3.11 PROSES VAN ONDERHOUDE

'n Kenmerk van kwalitatiewe navorsing is 'n gelyktydige insameling en analise van data plaasvind (Burgess, 1985:9). Hierdie siening van *Burgess* word ondersteun deur Rossouw (2002). Rossouw begin by 'n beskrywing van datasortering ("data reduction") wat hy soos volg definieer:

> "Data reduction refers to the process of selecting, focusing, simplifying, abstracting, and transforming the 'raw' data that appears in die written-up field notes. As we see it, data reduction occurs continuously throughout the life of any qualitatitively oriented project." (Rossouw, 2002.)

Wat belangrik is, is dat die datasorteringsfase reeds in die ontwerp van die studie, dus in die voor-veldwerkstadium, begin. Die opstel van 'n onderhoudskedule, die keuse van informante en besoekpunte, asook die keuse van data-insamelings-metodes het almal reeds bewus of onbewus, regstreeks of onregstreeks, 'n invloed op die datasortering.

Hierdie proses word opgevolg deur die tweede faset van die analitiese proses, naamlik data-uiteensetting ("data display") wat beskryf word as "an organized assembly of information that permits conclusion drawing and action taking" (Rossouw, 2002). Dit kan in die vorm van beskrywende teks wees, of in die vorm van matrikse, grafieke, netwerke of diagramme.

Die derde fase is dié van gevolgtrekking en verifiëring (Rossouw, 2002). Hierdie proses word gevolg deur deurlopende toetsing van voorlopige gevolgtrekkings om te bepaal of dit geldig en bevestigbaar is. Daar word gereeld terugverwys na die aanvanklike gesorteerde data om seker te maak dat elke gevolgtrekking op die waarheid gebaseer is.

In figuur 3.1 verskap Rossouw (2002) die volgende skematiese uiteensetting van die komponente wat gesamentlik kwalitatiewe analise uitmaak:




**FIGUUR 3.1 KWALITATIEWE DATA-ANALISE**

Die bandopnames van onderhoude is getranskribeer, gelees en herlees. Indien nodig, is informante weer geskakel om die presiese aard van hul menings te verifieer. Alle onderhoude is op band vasgelê sodat daar tydens die analise herhaaldelik daarna geluister kon word. Sodoende kan die presiese woorde en bedoelings van elke informant deeglik nagegaan word.

## 3.12 BESPREKING VAN VRAE UIT DIE FOKUSGROEP-ONDERHOUDE

Bepaalde vrae uit die onderhoudskedule is aan respondente gestel en dit is verkry en tot 'n kort opsomming verwerk, en 'n samevatting van al die response is gedoen.

# ONDERHOUDSKEDULE VIR ONDERHOUDE EN FOKUSGROEP-ONDERHOUDE — BEVINDINGS

## 3.12.1 Vaardighede en Onderwys

### *3.12.1.1 Is die onderwys 'n bepaler vir 'n land se ekonomiese stabiliteit en sukses?*

Geskoolde werkers is nodig vir die handhawing van ekonomiese stabiliteit en sukses.

* Die vaardighede wat leerders op skool aangeleer word, is 'n bepaler van die land se ekonomiese sukses en stabiliteit.
* Die onderwys is tans nie in pas met die vaardighede wat die deur ekonomie/die arbeidsmark verlang word nie.
* Ondervoorsiening van vaardighede deur die onderwys wat deur die snelveranderende ekonomie/die arbeidsmark vereis word, word ondervind.
* As gevolg van vaardighede wat nie relevant is vir die wêreld van werk nie, is geskoolde werkloosheid 'n probleem.
* Onderwys moet meer beroeps- en ekonomiesrelevant wees.

### *3.12.1.2 Met watter vaardighede behoort leerders toegerus te word?*

* Meer relevante vaardighede kan in die werklike behoeftes van die samelewing en die ekonomie voldoen.
* Entrepreneursvaardighede is 'n belangrike faktor waaraan aandag gegee moet word en dit moet ook op 'n deurlopende basis bevorder en ontwikkel word.

* By vaardighede waaroor skoolverlaters behoort te beskik behoort sakevaardighede ook meer beklemtoon te word.
* Finansiële vaardighede is vir alle leerders belangrik.
* Die ontwikkeling van konseptuele vaardighede is belangrik.

### *3.12.1.3 Is 'n direkte skakeling/samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/wêreld van werk nodig?*

* Ja, samewerking/wisselwerking is van belang.
* Die twee groepe – skole en die wêreld van werk - kan mekaar aanvul.
* Skoolverlaters kan makliker in die arbeidsmark/die ekonomie opgeneem word deurdat hulle in ooreenstemming met die behoeftes/vereistes van die wêreld van werk/die arbeidsmark/die ekonomie gevorm word.
* Onderwys kan dan aansluit by die behoeftes van die ekonomie en sodoende is die onderwys bewus van die aanvraag vanuit die ekonomie/die arbeidsmark/die wêreld van werk.

### *3.12.1.4 Moet onderwys onder andere by die behoeftes van die ekonomie aansluit?*

* Ja
* Kommunikasie tussen die skole en privaatinstansies is nodig.
* Vaardighede en kennis wat in die onderwys aangeleer word, behoort ooreen te stem met die behoeftes van die ekonomie/die arbeidsmark.
* Met ander woorde onderwys behoort „produkte" te lewer, wat relevant is vir die wêreld van werk.

## 3.12.2 WISSELWERKING/SAMEWERKING TUSSEN DIE SKOOL EN PRIVAATINSTANSIES

### *3.12.2.1 Is daar voordeel te trek uit die wisselwerking/samewerking vir die leerders en wat is die voordele?*

* Ja.
* Voordele:
    * Onderwys is meer gerig op die behoeftes van die arbeidsmark/die ekonomie.
    * Leerders doen meer werksondervinding op.
    * Leerders sien self eerstehands wat in sake-ondernemings/industrieë gebeur.
    * Praktykgerigte onderwys vind plaas.

### *3.12.2.2 Is daar voordeel te trek uit die wisselwerking/samewerking vir die arbeidsmark en wat is die voordele?*

* Ja.
* Voordele:
    * Nuwe toetreders (skoolverlaters) tot die arbeidsmark is meer voorbereid.
    * Leerders/skoolverlaters beskik oor 'n wyer verskeidenheid vaardighede.
    * Koste ten opsigte van indiensopleiding beloop kleiner bedrae omdat skoolverlaters dan reeds oor basiese vaardighede en kennis beskik.

### *3.12.2.3 Wat verwag die ekonomie/die wêreld van werk/privaatinstansies van die onderwys uit die samewerking/wisselwerking?*

* Dat skoolverlaters (werkers) aan hoëstandaard-onderwys blootgestel is.
* Dat leerders meer praktykgerigte onderwys sal ontvang.
* Dat leerders tydens probleemoplossing kennis sal kan toepas (teorie–praktyk).
* Dat die kurrikulum meer geskikte en relevante vaardighede inkorporeer.
* Dat meer klem geplaas sal word op werksdissipline en dat leerders dit reeds op skoolvlak sal aanleer.

### *3.12.2.4 Wat verwag die onderwys van die ekonomie/die wêreld van werk/privaatinstansies weens die samewerking/wisselwerking?*

* Meer finansiële ondersteuning en bystand
* Betrokkenheid van die wêreld van werk by onderwys – op sowel plaaslike as sentrale vlak.
* Dat raad, insig en hulpmiddele gebruik kan word by die opstelling, beplanning, ontwikkeling en instandhouding van die kurrikulum.
* Beter kommunikasie ten opsigte van wat die ekonomie/die wêreld van werk verlang en wat van die onderwys verlang word.
* Die skep van meer werksgeleenthede.
* Dat onderwys kan staatmaak op die hulp en ondersteuning van die wêreld van werk.
* Dat advies voorsien word ten opsigte van kurrikulumbeplanning en -ontwikkeling, en ook dat praktiese vaardighede aangebied word wat toepaslik is op die vakke.

* Beskikbaarstelling van professionele persone tot sekondêre skole vir inligting op terreine.
* Indiensopleiding van leerders – reeds in sekondêre onderwys.

## 3.13 WERKLOOSHEID

### *3.13.1.1 Is werkloosheid 'n probleem in die Noordwes Provinsie/Suid-Afrika? Moontlike oplossing?*

* Ja.
* Dat daar beter samewerking en skakeling tussen onderwys en privaat instansies/industrieë moet wees.
* Dat leerders relevante vaardighede op sekondêre skoolvlak aangeleer moet word.
* Dat sekondêre onderwys in pas moet wees met die ekonomie en die arbeidsmark.

## 3.13.2 BEROEPSGERIGTE ONDERWYS

### *3.13.2.1 Is die wydverspreide gebruik van gestruktureerde beroepsgerigte onderwys relevant vir die ekonomie/die arbeidsmark?*

* Ja.
* Meer praktiese vakke behoort ingestel te word wat beroepsgeoriënteerd is.
* Daar is 'n groot behoefte aan tegniese, handels- en beroepsonderwys.
* Meer kursusse behoort in die onderwys aangebied te word wat deur industrieë en tegniese sektore benodig/verlang word.
* Vir beroepsgerigte onderwys is dit relevant dat 'n noue verband tussen onderwys en arbeid moet bestaan.

* Deur onderwys behoort leerders opgevoed te word met die oog op taakverrigting en beroepsgereedheid.

* Onderwys behoort ook te lei tot verantwoordelike taakaanvaarding en beroepsvolwassenheid.

* Onderwys behoort ook 'n geskoolde werkerskorps aan die ekonomie/die wêreld van werk te voorsien.

Samevatting van response (par. 3.12) met betrekking tot bogenoemde onderhoudskedule:

Praktiese vakke wat beroepsgeoriënteerd is, behoort ingestel te word en die hersiening van die kurrikulums van akademiese vakke behoort hoë prioriteit te geniet. Daar behoort ook meer gefokus te word op die bevordering van praktiese vakke in sekondêre skole. Weens die groot behoefte aan tegniese, handels- en ander beroepsopleiding as gevolg van die klemverskuiwing na meer praktiesgeoriënteerde beroepe, behoort skole meer in praktiesevak-aanbiedings te spesialiseer. Die sekondêre doel van skole behoort dus onder andere te wees om kursusse aan te bied wat deur die industrieë en tegniese sektore benodig word ten einde die werkloosheidsprobleem die hoof te bied. Die toenemende behoefte aan beroepsgerigte onderwys om werkloosheid teen te werk word geïllustreer deur die feit dat daar steeds nie in die behoeftes van die leerders en die ekonomie/die arbeidsmark voorsien word nie.

Die verband tussen onderwys en die beroepslewe impliseer wisselwerking/-samewerking tussen menslike verskynsels, naamlik die onderwys en die arbeidsmark (par 1.2). Die kind moet opgevoed word met betrekking tot taakverrigting en juis deur onderwys word hy/sy bewus gemaak van en bekwaam gemaak vir 'n beroep. Deur sy arbeid kry die mens 'n greep op die werklikheid. Beroepsvoorligting is verantwoordbare hulp en steun aan jeugdiges waarop hulle deur selfevaluering insig in hulle eie situasies verwerf en tot verantwoordelike taakaanvaarding en tot beroepsvolwassenheid kom. Die skool se taak is onder meer om die kind tot selfverwerkliking ter voorbereiding vir sy toekomstige beroepsbeoefening te steun. 'n Verdere taak is ook om 'n geskoolde arbeidskorps te lewer wat aan die hoë eise van die ekonomie/die wêreld van werk moet kan voldoen.

Indien onderwys nie in bogenoemde voorsien nie, kan geskoolde werkloosheid nog 'n sterker greep kry op skoolverlaters. Die hoogste werkloosheidsyfer is juis verteenwoordig deur diegene met onderwyskwalifikasies tussen Graad 8 en Graad 12. *Die matriekslaagkoers verbeter, maar dit bied min voordele.*

Dit is dus duidelik dat beroepsgerigte onderwys toenemend gevolg moet word om die land se toekomstige werksmag nie net teorie te leer nie, maar ook hoe om dinge te doen. Praktiese ondervinding in vakrigtings moet aan leerlinge gebied word sodat teoretiese kennis en die praktiese toepassing daarvan nouer aan mekaar verbind word sodat alle leerders – hetsy kinders of volwassenes – beter voorbereid kan wees met die oog op die eise wat werkgeleenthede aan mense se praktiese vaardighede stel (par 1.2). Die skool moet egter 'n ekonomiese klimaat en 'n entrepreneurskultuur skep waarbinne voornemende skoolverlaters bepaalde vaardighede kan verwerf. Programme vir hierdie doel behoort reeds op die intreevlak van basiese onderwys aangebied te word om vroeë skoolverlaters (Graad 9-uittreders) so doeltreffend moontlik te akkommodeer. Ter wille van praktykgerigtheid en deelname behoort die samewerking tussen die skool en privaatinstansies bewerkstellig te word. Ter wille van teoretiese onderlegdheid is kennis van die basiese ekonomiese en besigheids-beginsels vanselfsprekend.

'n Direkte skakeling/wisselwerking tussen die onderwys en die arbeidsmark/die wêreld van werk is noodsaaklik wanneer die probleem van geskoolde werkloosheid onder die loep geneem word. Dienooreenkomstig kan die twee groepe mekaar sistematies aanvul ten opsigte van wat nodig is sodat skoolverlaters in die arbeidsmag opgeneem kan word. Met die aansluiting van onderwys by die behoeftes van die wêreld van werk moet leerders toegerus word met doeltreffende insette wat in die arbeidsmark gebruik word en hulle ook so rig word dat hulle hul tyd betekenisvol tot voordeel van die ekonomie kan aanwend. Die oorhoofse doel is dat leerders nie net akademies onderrig word nie, maar dat hulle ook oor 'n wye verskeidenheid vaardighede beskik wat relevant is vir die wêreld van werk. Met die aansluiting van onderwys by die behoeftes van die arbeidsmark behoort die onderwys, werk en die ekonomie op 'n deurlopende basis in wisselwerking met mekaar te verkeer. Onderwys behoort dus skoolverlaters voor te berei met die oog op die wêreld van werk en sodoende onderwys en die uitset-"produk" daarvan in pas te bring met die

aanvraag van die arbeidsmark en die ekonomie. Suksesvolle onderwys benodig 'n positiewe vennootskap tussen die wêreld van werk en die onderwysstelsel en sukses word behaal wanneer werkgewers kritieke vaardighede identifiseer wat ingebring kan word in 'n werkgebaseerde kurrikulum wat help om leerders voor te berei met die oog op lewenslange indiensnemingsmoontlikhede. Vanweë die feit dat meer relevante kennis en noodsaaklike vaardighede van skoolverlaters wat tot die arbeidsmark toetree, verwag word, is dit belangrik dat werkgewers ook 'n groter rol in die onderwys behoort te speel en sodoende ook die skakeling tussen die onderwys en wêreld van werk/die arbeidsmark te versterk. Werkgewers is ook direk by die arbeidsmarkte betrokke, hulle weet van onderskeie behoeftes en behoort insae en bydraes te lewer tot die onderwysprogramme (par 1.2). Werkgewers, onderwys-owerhede, leerders en ander sosiale strukture behoort nouer saam te werk aan doelwitstelling wat lei tot die doeltreffende funksionering van onderwys en die wêreld van werk. Dit is duidelik dat meer relevante kennis, noodsaaklike vaardighede en meer toepaslike houdings van skoolverlaters wat tot die arbeidsmark toetree, verwag word. 'n Toenemende vraag na skoolverlaters met intellektuele vaardighede, hoë produktiwiteit en 'n onderskeibare individualiteit, kreatiwiteit en sensitiwiteit word ondervind. Dit is dus duidelik dat doeltreffende skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede van kardinale belang is vir die afname in en uitskakeling van geskoolde werkloosheid.

Roesler (1988:25-26) meld dat "career education prepares students to be successfull in the transition from school to work. With regard to work roles, the relevance for the cirriculum can be improved by derterming the demands of local jobs and ensuring that school preparation is consistent with those demands ..."

## 3.14 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp met betrekking tot die insameling van data en die teikenpopulasie wat by die navorsing betrokke is, bespreek. In bogenoemde paragrawe is die onderliggende teorie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing uiteengesit. Ook in hierdie hoofstuk is data wat deur middel van die empiriese ondersoek ingesamel is, weergegee, ontleed en geïnterpreteer. Die algemene biografiese inligting ten opsigte van respondente is eerstens bestudeer

ten einde 'n profiel van die gemiddelde respondent te kan saamstel. Daarna is die bepaalde navorsingsdoelwitte in tabelvorm weergegee en ontleed. Een van die uitkomste van onderwysvoorsiening is die ekonomiese bydrae wat individue in die samelewing kan lewer deur die aktualisering van verkreë kennis en vaardighede. Die stygende werkloosheidskoers (Hoofstuk 2) staan egter in skrille kontras met die aanvraag na menslike hulpbronne en die idee dat meer individue in die ekonomiese sektor opgelei moet word om ekonomiese groei te verseker. Die gevolgtrekking waartoe deur die empiriese ondersoek asook die literatuurstudie gekom is, is dat die onderwys in Suid-Afrika aanleiding gee tot werkloosheid/geskoolde werkloosheid. Om in die werklike behoeftes van die samelewing te voldoen, behoort die onderwys meer ekonomies- en beroepsrelevant te wees, veral met die oog op regstellende aksie waardeur beroepsgeleenthede vir blankes in die toekoms waarskynlik meer kompeterend van aard gaan wees. Groter klem op entrepreneurskap, selfwerk-skepping, ekonomiese selfstandigheid en welvaartskepping kan tot ekonomiese groei lei.

In Hoofstuk 4 sal gekyk word na die riglyne vir doeltreffende wisselwerking tussen die industrie en die onderwysstelsel.

# RIGLYNE VIR DOELTREFFENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE INDUSTRIE EN DIE ONDERWYS

## 4.1 INLEIDING

### 4.1.1 Belangrikheid van onderwys

Meer en beter onderwys is noodsaaklik vir die voorbereiding van 'n dinamiese werkerskorps. Gelyke geleenthede moet in 'n regverdige samelewing bewerkstellig word. Die klem val op gehalte-onderwys en meer onderwys. Die oplossing van elke probleem en antwoord op elke vraag lê in die onderwys gesetel.

### 4.1.2 Onderwysbehoeftes

Onderwysbehoeftes van leerders kan ook in 3 kategorieë saamgevat word, naamlik:

- Onderwysbehoeftes wat verband hou met die mens se daaglikse bestaan en oorlewing.
- Onderwysvereistes wat aan mense gestel word om hulle te handhaaf en voortdurend by die veranderende samelewing en ekonomie aan te pas.
- Onderwysbehoeftes wat verband hou met die mens se kognitiewe, nie-materiele, sielkundige, geestelik en sosiale behoeftes.

Die relevante onderwysdoelstellings het te make met die toerus van die leerders met vaardighede wat ooreenstem met die behoeftes van die arbeidsmark/die ekonomie/die wêreld van werk soos die volgende:

- Sakevaardighede
- Finansiële vaardighede
- Entrepreneuriese vaardighede
- Vaardighede wat verband hou met globale inskakeling
- Basiese rekenaarvaardigheid
- Tegnologie-vaardighede
- Denkvaardighede
- Analitiese vaardighede
- Besluitnemingsvaardighede
- Innoveringsvaardighede
- Kreatiwiteit en kreatiewe denke
- Die vermoë om inligting te kan verwerk
- Die vermoë om die leefomgewing en die moontlikhede daarin te kan verstaan
- Persoonlike ingesteldheid van lewenslange leer
- Om die leerders se emosionele intelligensie gepaard met hul verstandelike intelligensie te ontwikkel

Die leerder se behoeftes om sy potensiaal te verwenslik, stel ook eise aan die onderwys. Tydens die onderrig van leerders moet die skool onder andere let op die onderwysdoelstellings:. Onderwys moet ook toesien dat:

- Dit moontlik gemaak word dat alle leerders se potensiaal ontsluit kan word
- Leerders se lewensgehalte verbeter word
- Die demokrasie gevestig en onderhou word

Omdat ekonomiese groei en ontwikkeling die ontwikkeling van menslike potensiaal moontlik maak, is dit ook nodig dat leerders met relevante vaardighede toegerus moet word wat vir ekonomiese groei en ontwikkeling in aanvraag is.

### 4.1.3 Veranderinge in sieninge betreffende die wyse waarop onderwys voorsien word

Die voorsiening van gehalte- en relevante onderwys verg veranderinge in elke faset van onderwys, in beleidsrigtings, bestuur, beheer, onderwysinhoude en betrokkenheid van die kant van die gemeenskap. Onderwysinhoude behoort 'n klemverskuiwing te ondergaan, naamlik van meer akademiesgerigte onderwys na groter klem op tegnologie-gerigte onderwys en voorbereiding met die oog op die beroepswêreld. Suksesvolle onderwys is afhanklik van algehele gemeenskapsbetrokkenheid. Riglyne vir die doeltreffende wisselwerking tussen die onderwys en arbeidsmark word skematies in Figuur 4.2 voorgestel.

## 4.2 RIGLYNE VIR DIE DOELTREFFENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE ONDERWYS EN DIE ARBEIDSMARK




**FIGUUR 4.1 DOELTREFFENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE ONDERWYS EN INDUSTRIE/ARBEIDSMARK**

Bogenoemde bevestig onder meer die rol van die onderwys in die ekonomie, die bydrae van onderwys tot ekonomiese ontwikkeling, die verband tussen onderwys en

werksmoontlikhede, die wisselwerking tussen onderwys en arbeidsmark/industrie en laastens, die rol van onder meer werkgewers in die onderwys.

Vervolgens, beskrywings van bogenoemde riglyne:

### 4.2.1 Lewensvoorbereiding

Die profiel van die Suid-Afrikaanse samelewing tot sosiale, ekonomiese (werkloosheid) en politieke aspekte het oor die afgelope twee dekades heen drasties verander. Tradisionele vaardighede met betrekking tot die mens se vermoë om hom binne die sosiale, ekonomiese en politieke sfere te kan aanpas en te handhaaf, is nie meer doeltreffend nie. Andersoortige vaardighede word deur die moderne samelewing vereis. Dit is verblydend dat lewensvaardighede groter prioriteit in die nuutgestelde kurrikulummodel geniet. Voorbereiding van die leerders om samelewingseise te kan hanteer kan in 'n groot mate remediëring ten opsigte van werkloosheid en streshantering ondervang. Tot nou toe is dit in die onderwys met afwisselende entoesiasme benader as gevolg van die gesofistikeerde strategieë wat aangewend is om verandering teweeg te bring.

Lewensvoorbereiding het betrekking op die onderrig van vaardighede wat onontbeerlik is vir sosiale, ekonomiese en politieke aanpassing. Die begrip vaardigheid omsluit begrippe soos bekwaamheid, knapheid, bedrewenheid, handigheid en vernuf (HAT, 1988 s.v. "Vaardigheid"). 'n Leerder wat bedrewenheid ten opsigte van bepaalde kritieke lewensaspekte ontwikkel het, is in staat om probleme makliker te antisipeer en te voorkom (par. 3.9.7 en par. 3.9.13). Dit kan kulmineer in geestes- en politieke verdraagsaamheid en voorspoed. Vaardighede wat by lewensvoorbereiding ter sake is, behels die volgende:

- Persoonlike keuses
- Psigologiese gesondheid
- Prosesgerigtheid

Die drie voormelde sake word soos volg in 'n enkele definisie vervat:

> "Life skills are personally responsible sequences of choices in specific psychological skills areas conducive to mental wellness. People require a

repertoire of life skills according to their developmental tasks and specific problems of living."

In die verwerwing van vaardighede met die oog op lewensvoorbereiding lei dit tot selfaktualisering van doeltreffende interkulturele kommunikasie, en konstruktiewe sosiale verhoudings word as doel aangevoer. Verdere doelwitte waarop gekonsentreer behoort te word, sluit in:

- 'n Gesonde lewenstyl
- Selfkennis
- Selfhandhawing
- Stel van persoonlike mikpunte
- Tydsbeplanning
- Probleemoplossing
- Kreatiewe en kritiese denke
- Hantering van stres
- Uitbouing van interpersoonlike verhoudings
- Hantering van seksualiteit
- Die bevordering van goeie gesondheid
- Beroepsbeplanning
- Die ontwikkeling van sosiale verantwoordelikheid (par. 3.9.7. en par. 3.9.13)

Die volgende kan as tiperend van lewensvoorbereiding en vaardigheid wat dit vereis, gestel word:

- Vaardigheid as bedrewenheid dui op die vermoë van die individu om sosiale, politieke, ekonomiese en tegnologiese samelewingseise te kan hanteer.
- Lewensvoorbereiding is nie 'n statiese gegewe nie, maar moet in ooreenstemming met veranderende lewenseise aangepas word

- Doelgerigte deelname aan die verwerwing van bepaalde vaardighede word van die leerders verwag
- Lewensvoorbereiding behoort verteenwoordigend van die breë spektrum van samelewingseise te wees, naamlik:
    * Fisiese ontwikkeling
    * Intellektuele ontwikkeling
    * Akademiese ontwikkeling
    * Persoonsvoorbereiding
    * Beroepsvoorbereiding
    * Sosiale vaardighede
    * Ontspanning

Die skool was tradisioneel vir die onderrig van akademiese leerinhoude verantwoordelik. Die eise wat die moderne tyd aan die skool stel (par. 2.2.1), het egter meegebring dat die skool toenemend ook vir die sosiale ontwikkeling van die kind verantwoordelik is. Lewensvoorbereiding is daarop gemik om die leerders toe te rus om: 'n suksesvolle bestaan in die wêreld te kan voer

Een van belangrikste universele uitkomste van onderwysoorsiening is die ekonomiese bydrae wat individue in die samelewing kan lewer deur die aktualisering van verwerfde kennis en vaardighede. Die stygende werkloosheidsyfer staan egter in skille kontras met die aanvraag na menslike hulpbronne. Om in die werklike behoeftes van die samelewing te kan voldoen, behoort onderwys ekonomies- en beroepsrelevant te wees, veral met die oog op regstellende aksie waardeur beroepsgeleenthede meer kompeterend van aard is. Groter klem behoort op entrepreneurskap, selfwerkskepping, ekonomiese selfstandigheid en welvaart-skepping tot ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling te kan lei. Die skool moet egter 'n ekonomiese klimaat en 'n entrepreneurskultuur skep waarbinne voornemende entrepreneurs bepaalde vaardighede kan verwerf. Programme vir hierdie doel behoort reeds op intreevlak van basiese onderwys aangebied te word om vroeë skoolverlaters so doeltreffend moontlik te akkommodeer (par. 2.11). Ter

wille van praktykgerigtheid en deelname behoort samewerking tussen die skool en privaat instansies bewerkstellig te word.

> "career education prepares students to be successful in the transition from school to work" Roesler (1988:25-26).

### 4.2.2 Beroepsvoorligting

Die skool se opvoedkundigeleiding-program, en daarom ook die beroepsleiding-program, is primêr 'n groepgebeure waar die onderwyservoorligter deur middel van formele onderwys beroepsleiding in groepverband aan die leerder gee. As deel van die skoolprogram moet beroepsleiding as opvoedende onderrig beskou word. Die skool se taak is onder meer om die kind tot selfverwerkliking ter voorbereiding met die oog op sy toekomstige beroepsbeoefening te steun. Die skool se taak is verder om 'n geskoolde arbeidskorps te lewer wat aan 'n hoë eise van die moderne tegnologie moet kan voldoen.

Die toegang tot relevante en bygewerkte beroepsinligting is noodsaaklik vir die beroepskeuseproses. Die inligting moet beskikking van elke jeugdige wees.

- Inligting is nodig ten opsigte van:
- Toelatingsvereistes en beroepsaanvraag
- Inhoud en aard van die werk
- Die administratiewe sy van die werk
- Die sosiale sy van die werk
- Fisiese werksomgewing
- Relevante inligting met betrekking tot die langtermynaspekte van die beroep
- Die organisatoriese en beroepsbeeld
- Die implikasies met betrekking tot die globale leefwyse

In die praktyk wil dit egter voorkom (Hoofstuk 3) of die skoolgaande jeugdige nie vertroud is met die arbeidslewe nie, en dit is noodsaak dat hy/sy deur middel van 'n loopbaanoriënteringsprogram daartoe georiënteer of daaraan blootgestel moet word.

Die jeugdige moet voorberei word daarop om aan te pas by, onder andere, veranderende arbeidsomstandighede. Hy moet nie alleen oor buigsaamheid en veeldoeligheid beskik nie, maar ook oor kreatiwiteit en leierskap om sodoende verandering te kan hanteer. Gebrekkige beroepskeuses gee aanleiding tot gebrekkige en heel dikwels verkeerde beroepskeuse. Individuele beroepsleiding behoort ook meer aandag te geniet. 'n Opvoedkundig verantwoorde beroeps- en loopbaankeuse is die uitkoms van 'n proses waardeur die leerders aan die hand van gespesialiseerde leiding self 'n beroepskeuse moet uitoefen. Ten einde die ontwikkeling in die loopbaanoriënteringsteorie en –praktyk te akkommodeer, behoort die skool se program, in soverre dit praktiese moontlik is, aan die verwagtinge en behoeftes van die werknemersgemeenskap te voldoen.

Die klem moet op die leerders as potensiële werknemer geplaas word. Die werkgewersektor moet insette lewer ten opsigte van die ontwerp van 'n loopbaan-oriënteringsprogram. Leerdermotivering en –voorbereiding met betrekking tot beroepskeuse besluitnemingsvaardighede moet vir leerders en hulle ouers toepaslik wees. Sodanige ontwikkeling behoort die skoolverlater beter in staat te stel om sy taak doeltreffend en produktief te kan uitvoer. Die volgende riglyne word voorgestel:

- Beroepsvoorligters behoort kontak met werkgewers en die industrie op te bou.
- Hulp behoort aan beroepsvoorligters gegee te word met betrekking tot kennis rakende werksmoontlikhede en die werkplek.
- Meer klem moet geplaas word op die behoefte om leerders te help ontwikkel aangaande persoonlike waardes en persoonlike bevoegdhede.
- Algemene onderwys behoort voorsien te word ten opsigte van eie werkplek as 'n belangrike plek.
- Elke leerder moet die geleenthede gegun word vir ontwikkeling en besluitneming ("self-directiveness").
- Skoolverlaters moet voorberei word ten opsigte van wat om in die wêreld van werk te verwag.
- 'n Nouer band behoort gevestig te word tussen die ouers, skool en die gemeenskap.

- Beroepsgerigte onderwys moet fokus op sosiale-, lewens- en tegniese vaardighede en dit wat die wêreld van werk benodig en vereis.
- Integrasie moet plaasvind tussen beroepsinligting en voorligting.

### 4.2.3 Die handhawing van relevante vaardighede en standaarde

Relevante onderwys word beskou as die hart van 'n gesonde ekonomie/die arbeidsmark.

- Volgehoue verhoging van standaarde in onderwys.
- Klemverskuiwing:
  - Minder akademiesgerigte onderwys
  - Meer beroepsgerigte onderwys
  - Groter klem op wetenskap en die tegnologie.
- Handhawing van internasionale standaarde met gepaardgaande kompetisie tussen skole onderling.
- Die skep van 'n lerende gemeenskap.
- Beklemtoning van kennis en respek vir die eie kultuur en waarders, maar ook van ander kulture en waardes.

### 4.2.4 Onderwys in wisselwerking met die arbeidsmark

Onderwys behoort meer gesentreer te wees om wetenskap en die tegnologie met die doel:.

- om leerders te leer en bewus te maak van die inhoud en velde van die arbeidsmark/wêreld van werk
- om "indiensnemingsvaardighede" by leerders te ontwikkel
- om leerders te help ontwikkel met spesifieke werksverwante vaardighede

- om ongelykhede in kwantiteit en kwaliteit tussen die uitset van die onderwysstelsel en korresponderende werksgeleenthede in die arbeidsmark uit te skakel

### 4.2.5 Onderwys vir entrepreneurskap

Die kennis en vaardighede wat leerders opdoen uit die deelnemers in die ekonomie, is van deurslaggewende belang. Leerders moet die volgende besef:

- dat hulle deelnemers en rolspelers in die ekonomie is;
- dat hulle vaardigheidsbewuste verbruikers moet word;
- dat hulle in staat moet wees om op 'n verantwoordelike wyse hul finansiële sake behoort te kan bestuur; en
- dat hulle in suksesvolle entrepreneurs moet ontwikkel wat deelneem aan entrepreneuriese aktiwiteite.

Die kurrikulum behoort meer te konsentreer op tegniese vaardighede, algemene vaardighede wat benodig word in alle sektore van die ekonomie, ekonomiese konsepte en prosesse, verbruikersvaardighede, produktiwiteit en entrepreneuriese vaardighede. Leerders behoort reeds in Grade 6 en 7 (senior primêre fase) daaraan bekendgestel te word. 'n Behoefte word dus ondervind aan die ontwikkeling van geskikte/relevante vaardighede vir die wêreld van werk en meer spesifiek vir die aanleer van vaardighede wat op die opsie van selfwerksaamhede gerig is – wat leerders toerus om behoeftes in hul gemeenskap te identifiseer asook moontlike oplossings vir gemelde behoeftes te vind.

Die rol van Entrepreneurskap in die Suid-Afrikaanse ekonomie neem toe. Leerders behoort dus met meer entrepreneuriese vaardighede toegerus te word as gevolg van 'n gebrek aan werksgeleenthede in die formele sektor. Leerders se gesindheid en houding behoort ook meer positief gerig te word ten opsigte van die toekoms wat ook hul beroepsverwagting sodanig sal beïnvloed. Die belangrikheid van ekonomiese onderwys vervul 'n toenemend belangriker rol in die onderwys en behoort van vroeg reeds ingestel te word. Dit is ook belangrik dat voldoende ondersteuning ten opsigte van 'n bewustheidsvlak van wat in die ekonomie/die arbeidsmark plaasvind, gegee

word. Onderwys moet dus die moderne ekonomie kan voed en ondersteun. Die moderne ekonomie vereis dat onderwys gerig moet wees op moderne ekonomiese behoeftes. Dit moet 'n onderwysstelsel wees wat meer buigsaam en aanpasbaar is ten opsigte van die aanvaarding van veranderende behoeftes/aanvraag van die ekonomie/die arbeidsmark.

Onderwys vorm die grondslag vir ekonomiese groei en sosiale ontwikkeling en beperking van armoede. As dit nie die geval is nie, sal ongeveer 88.2 miljoen jeugdiges in die wêreld tussen 15 en 23 jaar byvoorbeeld teen die einde van 2003 werkloos was (Louw, 2004). Die skoolstelsel moet leerders voorberei met die oog op die behoeftes van die werkplek. Leerders moet nie alleen voorberei word op 'n akademiese loopbaan nie – meer aandag moet gegee word aan en swaarder klem moet gelê word op leerlingskappe en vaardigheidsprogramme. Daar behoort op sekondêre vlak meer gekonsentreer te word op dít wat die ekonomie/die arbeidsmark/die werkplek van skoolverlaters verwag. Die formulering van relevante, duidelike doelstellings in die onderwys is van kardinale belang. Sonder gepaste onderwysdoelstellings sal die demokratiese doelstellings soos in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat, ook nie realiseer nie.

### 4.2.6 Mensgerigte onderwys

Mensgerigte ontwikkeling is van belang by die vestiging van ekonomiese groei en ontwikkeling. Dit moet onder andere lei tot:

- die ontwikkeling van die mens in sy totaliteit en ook as 'n produksiefaktor;
- die versekering van ekonomiese groei, maar ter wille van die mens en nie ten koste van die mens nie;
- die instaatstelling van die mens om tussen moontlikhede te kan kies; en
- die inagneming van die mens se individualiteit.

### 4.2.7 Toekomsgerigte onderwys

Die taak van die onderwys is dus voorbereiding met die oog op die toelating van skoolverlaters tot die arbeidsmark gedurende die een en twintigste eeu. 'n Toenemende aanvraag na werkers met intellektuele vaardighede, hoë produktiwiteit en sensitiwiteit word ondervind. Onderwys moet die behoeftes van werkgewers meer direk en doeltreffend aanspreek. Die doel moet onder andere wees:

- om die jeug toe te rus met 'n beter begin in die wêreld van werk en die volwasse lewe;
- om 'n beter toegeruste toekomstige arbeidsmag te voorsien;
- om 'n meer aanpasbare, gereed en hoogs gemotiveerde en produktiewe arbeidsmag te ontwikkel en in stand te hou;
- om die jeug voor te berei met die oog op selfindiensneming;
- om die jeug toe te rus om alle moontlike hulpbronne aan te wend ten opsigte van indiensneming; en
- om deelname van leerders in die werkplek aan te moedig.

### 4.2.8 Lewenslange onderwys

Weens faktore soos 'n ouerwordende bevolking en die feit dat die werkerskorps in die huidige era voortdurend heropgelei moet word om tred te hou met nuwe uitvindinge, moet Suid-Afrika daarna streef om 'n kultuur van lewenslange leer te vestig. Daar is 'n enorme behoefte aan 'n nuwe geslag van "kenniswerkers" wat inligting kan omwerk tot verkoopbare produkte wat voortdurend by die nuwe tegnologie kan aanpas. Emosionele ewewigtigheid wat ten nouste aansluit by die hedendaagse grondbegrip "emosionele intelligensie" is baie belangrik. Vir werkgewers is dit belangrik dat skoolverlaters, ondanks werkdrukte en die interpersoonlike struwelinge wat daarmee gepaard gaan, emosioneel ewewigtig moet wees. Werkgewers soek ook skoolverlaters met 'n basies sosiale geaardheid (paragrawe 2.9.7 en 3.9.13).

### 4.2.9 Groter betrokkenheid van belangegroepe (werkgewers)

Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid moet genoegsame en verantwoordelike bydraes lewer tot die proses van doeltreffende vaardigheidsonderwys. Verskeie projekte behoort geloods en deur verskillende rolspelers in die ekonomie ontwikkel te word. Deur betrokkenheid word onder andere relevante vaardighede aan leerders oorgedra en entrepreneurskap word bevoordeel. Die gemeenskap, ouers, industrie moet mekaar se hande vat om leerders te help om by die werksgeleentheids-aanvraag te kan aanpas. Dis ook belangrik dat ouers leerders moet motiveer ten opsigte van die vestiging van entrepreneuriese vaardighede. Die media behoort ook sodoende 'n groter rol te speel in die ontwikkeling van die bewustheid van leerders en die gemeenskap. Leerders behoort meer blootgestel te word aan byvoorbeeld sakeondernemings. Sakemanne behoort ook 'n groter rol te speel in vakleerlingskappe en mentorskappe om leerders te help om belangrike vaardighede te ontwikkel. Ouers behoort ook hul kinders geleentheidsgeoriënteerd bewus te maak van die ontwikkeling van entrepreneuriese vaardighede.

Die ekonomie/die arbeidsmark/die werkplekke behoort meer insette te lewer ten opsigte van beleid, leeruitkomste, materiaal en meer en doeltreffender kommunikasie tussen die bepaalde groepe. Die onderwys moet leerders van 'n land opvoed ten opsigte van persoonlike aanpasbaarheid en die realisering van eie inisiatiewe. Hierdie aspekte, naamlik keusevryheid, vaardighede, inisiatiewe en so meer kan nie behandel word sonder dat die leerder se kognitiewe potensiaal ontwikkel word nie. Die skool behoort dus akademiese met beroepsgerigte onderwys te integreer. Skool- en werkplekopleidng behoort gekoördineer en geïntegreer te word.

### 4.2.10 Beroepsonderwys

Beroepsonderwys dek alle sektore van die ekonomie. Dit is omvattend, vul die stelsel van algemene skoolonderwys aan en verskaf 'n raamwerk vir die ophoging van die vaardigheidsvlak van arbeid. Skoolverlaters dra dus by tot produksie en kry ook aanstellings. 'n Hoër status behoort aan beroepsonderwys toegeken te word.

### 4.2.11 Verbetering van vaardighede

In die korttermyn is dit moeilik om vas te stel hoe die vaardigheidstekort die hoof gebied kan word. In die langertermyn is onderwys en opleiding nodig om die vaardighede oor te dra wat die land benodig. Die werkloosheidskoers is die hoogste onder diegene met onderwyskwalifikasies tussen Graad 8 en Graad 12 (paragrawe 2.5 en 2.6). Die matriekslaagkoers verbeter, maar dit bied min voordeel. Die toevoer van nuwe toetreders met matriek tot die arbeidsmark is veel groter as die behoeftes van die arbeidsmark/die ekonomie. Onderwys moet aangepas word en pogings moet aangewend word om skoolverlaters in staat te stel om hul onderwys en opleiding na skool voort te sit.

Een van die doelstellings van die onderwysstelsels wêreldwyd is om die ekonomie van 'n geskoolde menslike hulpbronbasis te voorsien. Beroepsonderwys, waar onderwysinrigtings en werkplekke onderrig in vennootskap aanbied, is onder meer 'n aangewese metode. Die opleiding by die werkplek word georganiseer by wyse van meer aandag aan werkgewer-opleiding, wat ook gekenmerk word deur die deeglike en sistematiese aard daarvan. Werkgewers behoort meer betrokke te raak deur leerders in te neem. 'n Voordeel van die bepaalde aktiwiteit is dat werkgewers 'n goedkoop bron van arbeid bekom en dit hulle die kans bied om potensiele werkers onder werklike omstandighede waar te neem voordat 'n aanstelling gemaak word en sodoende 'n duur, lang en riskante proses van indiensneming uit te skakel. Dit bied ook die voordeel aan leerders om in die werklike werksituasie te kan staan en sodoende ook meer relevante vaardighede en kennis te kan opdoen wat belangrik is om 'n werk te kan bekom.

### 4.2.12 Voorbereiding van skoolverlaters met die oog op die werkplek/die wêreld van werk

Die oorhoofse doel van onderwys is om leerders met gepaste vaardighede en kennis wat vir die werkplek geskik is, toe te rus. Die gereedheidsvlak van skoolverlaters om die werkplek te betree, is afhanklik van toepaslike onderwys wat die leerders ontvang. Leerders moet kennis in die werklike wêreld van werk kan toepas, en die werkplek moet as die leeromgewing gesien word.

## 4.3 SINTESE

Hoewel daar 'n noue skakeling tussen die ekonomie en die onderwys bestaan, is die verband tussen die twee sektore nie so eenvoudig te bespeur nie. Die koppeling tussen die ekonomie en die onderwys is dus geen eenvoudige prosedure nie. Die onderwys van 'n land behoort die ekonomie van 'n geskoolde menslike hulpbronbasis te voorsien. Die onderwys behoort ook onder andere ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling beduidend te bevorder. Die uitsette van sekondêre onderwys moet in pas wees met dit wat die ekonomie benodig of verlang. Die onderwys behoort dus die ekonomie van skoolverlaters wat die ekonomie kan voed en ondersteun, te voorsien.

Die wanskakeling tussen die onderwysuitset en ekonomiese aanvraag bring in Suid-Afrika nie alleen 'n ekonomiese krisis mee nie, maar lei ook tot sosio-politieke probleme. Die sosio-politieke probleme wat uit die werkloosheid kan ontstaan, wat in Hoofstuk drie bespreek is, spreek vanself.

Kreatiewe maniere behoort gevind te word om opleiding te laat ineenskakel by die ekonomie en maatskaplike behoeftes van die bevolking. Onderwys word algemeen erken as die instrument waardeur staatsburgers vaardighede aanleer sodat hul beroepe kan beoefen en waardeur waardes gevestig word wat burgers in staat stel om keuses te maak in alle lewensgebied, onder andere die werkslewe.

Die ontwikkeling van menslike potensiaal word tereg toegeskryf aan die verantwoordelikheid van 'n land se onderwysstelsel op grond van die algemene aanvaarding daarvan dat die omvang van onderwys 'n basiese mensereg is waarop alle burgers 'n gelyke aanspraak het.

## 4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is riglyne vir doeltreffende wisselwerking voorgestel. In hierdie hoofstuk is ook aangetoon dat wisselwerking/samewerking tussen die onderwys (sekondêre onderwys) en die wêreld van werk/werkplek moet plaasvind.

In die volgende hoofstuk word 'n samevatting, bevindings en aanbevelings van hierdie navorsing gegee.

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om:

- 'n samevatting te gee van die voorafgaande navorsing;
- gevolgtrekkings en enkele aanbevelings, wat op die navorsingsdoelwitte gebaseer is, te maak.

## 5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In die eerste hoofstuk is die motivering van die studie bespreek. Die studie fokus op die doeltreffende wisselwerking tussen onderwys en werksmoontlikhede. Die klem val gevolglik op die volgende:

- Die verband tussen die onderwys en werksmoontlikhede
- Die wisselwerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark en
- Die betrokkenheid van, onder meer, die werkgewers by die onderwys.

Die hoofstuk gee ook 'n beskrywing van die inhoud van die navorsingsprobleem, terwyl navorsingsdoelwitte gedefinieer is en 'n verduideliking van die navorsingsmetode is aangebied.

Hoofstuk 2 fokus op die doeltreffende skakeling tussen onderwys en werks-moontlikhede/indiensplasing vanuit 'n histories vergelykende perspektief. Omdat hierdie navorsing gemoeid is met die doeltreffende skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede/indiensneming, is ingegaan op die historiese aanloop tot geskoolde werkloosheid (vlg. 2.2 – 2.3) en 'n oorsig is gegee van die oorsake, omvang, implikasies, gevolge en pogings (vlg. 2.2 – 2.3) om geskoolde werkloosheid

te bekamp. Daar is ook gekyk na 'n seleksie van ander lande (vlg. 2.3 – 2.3.5) waar dié probleem alreeds 'n effek op hulle onderwysstelsels gehad het, en na watter oplossing vir dié probleem getoets is. Uit die literatuur is gevind dat 'n behoefte aan doeltreffende skakeling tussen onderwys en werksmoontlikhede bestaan – veral met betrekking tot die samewerking van die skool met die werkplek/die wêreld van werk/die arbeidsmark. Die gevolgtrekking is ook gemaak dat geskoolde werkloosheid 'n globale probleem is en dat daadwerklike pogings ernstig aangewend moet word om geskoolde werkloosheid teë te werk. Daar is ook verder gepoog om 'n beeld te skep van die verband tussen onderwys en geskoolde werkloosheid. Wat in hierdie bespreking na vore gekom het, is dat nie die wêreld van werk of die onderwysstelsel (sekondêre onderwys) alleen kan funksioneer nie. Daarom behoort daar 'n beter skakeling te wees tussen onderwys en die arbeidsmark. Indien dit wel die geval is dat byvoorbeeld die onderwysstelsel alleen funksioneer, daar 'n wanskakeling tussen die aanbod (skoolverlaters) en vraag (werkgewers) ontstaan wat onder andere tot geskoolde werkloosheid lei. Tereg kan gewys word op Blumenthal se stelling dat die Suid-Afrikaanse skoolverlaters onderrig word vir werkloosheid (geskoolde werkloosheid).

In Hoofstuk 3 is 'n oorsig gegee van die navorsingsontwerp en is, onder andere, gefokus op die doel van die ondersoek, die rede waarom die onderskeie navorsingsmetodes gebruik is en die bepaalde strukture van elke navorsingsmetode. Besonderhede is verder verskaf aangaande die loodsondersoek en rakende die wyse waarop die populasie en streekproef bepaal is, asook ten opsigte van administratiewe prosedures wat in werking gestel is. Verder is ook 'n data-analise en interpretering van die empiriese ondersoek gedoen by wyse van gemiddeldes om die verskil tussen die twee teikengroepe (skole en sake-ondernemings) te bepaal, sowel as prakties betekenisvolle verskille tussen die response van die twee teikengroepe te bepaal. Uit die empiriese ondersoek is dit duidelik die algemene gevoel van beide instansies en skole, dat sekondêre onderwys sy doel in die Suid-Afrikaanse konteks gemis het, omdat sekondêre onderwys nie in voeling is of bekend is met die behoeftes/vereistes van die werkgewers/die arbeidsmark/die ekonomie nie. Die doel van sekondêre onderwys behoort dus onder meer te wees dat alle Suid-Afrikaanse skoolverlaters onderwys moet ontvang wat van so 'n aard is dat

leerders keuses kan uitoefen rakende verdere studie en/of loopbaanbeoefening deurdat skoolverlaters met vaardighede toegerus word en aan vaardighede en kennis blootgestel word wat geskik is vir verdere studie en die vereistes van die ekonomie/die wêreld van werk. Indien daar genoegsame en doeltreffende samewerking/wisselwerking bestaan, kan die gaping tussen die twee betrokke partye verklein word, omdat leerders, en veral skoolverlaters, met relevante vaardighede en kennis toegerus word wat in ooreenstemming is met die behoeftes en aanvraag van die ekonomie/die arbeidsmark.

In Hoofstuk 4 is 'n beskrywing van riglyne gegee wat moontlik gebruik kan word vir die doeltreffende wisselwerking tussen die onderwys en die ekonomie/die werkplek. Uit hierdie hoofstuk blyk dit ook dat wisselwerking/samewerking moet bestaan tussen die onderwys (sekondêre onderwys) en die wêreld van werk/werkplek ten einde meer relevante en akkurate onderwys aan leerders te kan gee en dat daar veranderinge behoort in te tree ten opsigte van die "soort/aard" van die onderwys wat gegee moet word.

In die volgende afdeling volg verskeie bevindinge ten einde aan te dui op hoedanige wyse die navorsingsdoelwitte bereik is.

## 5.3 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

### 5.3.1 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 1

Die volgende bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 1 (vlg. 1.2), naamlik om die verband tussen onderwys en werksmoontlikhede te bepaal, is die volgende bevind, naamlik:

- dat daar 'n direkte verband bestaan tussen onderwys en werksmoontlikhede (vlg. 3.9.11);
- dat die doeltreffendheid van onderwys (sekondêre onderwys) gesetel is in die voorbereiding van leerders met die oog op werksmoontlikhede, deur die onderwys en die arbeidsmark bymekaar te bring, en dat 'n aanwysbare verband bestaan tussen die onderwys en werksmoontlikhede (vlg. 3.9.3);

- dat skoolverlaters met meer beroepsgerigte vaardighede wat relevant is vir werksmoontlikhede toegerus moet word; en
- dat leerders in beroepsgerigte skole en privaatskole beter opgelei moet word met vaardighede wat relevant is vir werksmoontlikhede (vlg. 3.9.3 en 3.9.11).

### 5.3.2 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 2

Die volgende bevindinge ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 (vlg. 1.2), naamlik om die wisselwerking tussen die onderwys en arbeidsmark te bepaal, is die volgende bevind, naamlik:

- dat wisselwerking/samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark belangrik is (vlg. 3.9.6 en 3.19.14);
- dat skoolverlaters en leerders meer blootgestel moet word aan die werklikheid werksomgewing (arbeidsmark);
- dat meer insette vanaf die arbeidsmark op akademiese gebied nodig is (vlg. 3.9.6 en 3.19.14); en
- dat wisselwerking/samewerking tussen die onderwys en die arbeidsmark nodig is vir stabiliteit in die ekonomie (vlg. 2.2.2 en 3.9.6).

### 5.3.3 Bevindings met betrekking tot navorsingsdoelwit 3

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 3 (vlg. 1.2), naamlik om die rol, onder meer, die werkgewers in die onderwys te ondersoek, is die volgende bevind, naamlik:

- dat dit nodig is dat werkgewers 'n groter rol in die onderwys behoort te speel, en veral by sekondêre onderwys, ten opsigte van onderwysprogramme (vlg. 3.9.4 en 3.9.12);
- dat 'n direkte gevolg onder andere kan wees dat skoolverlaters meer aanvaarbaar kan wees vir die ekonomie/die arbeidsmark (vlg. 3.9.4 en 3.9.12 en 2.2.3 en 2.5);
- dat nouer skakeling tussen die onderwys en werkgewers behoort voor te kom(vlg. 3.9.4); en

- dat werkgewers direk betrokke is by die arbeidsmark en weet dus wat die vereistes en behoeftes van die ekonomie/die arbeidsmark is (volg. 3.9.12).

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbeveling 1

Aandag behoort dringend geskenk te word aan die dissipline-aspek in die onderwys, en veral in sekondêre onderwys.

**Motivering**

'n Probleem wat tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aanwesig is, is dat die "produkte" (skoolverlaters) wat deur die onderwys gelewer word, swak gedissiplineer is. Toepaslike skoolopleiding behels ook die doeltreffende toepassing van dissipline wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van leerders met vaardighede (dissipline) wat in die arbeidsmark toegepas kan word. Dit is onder meer die mening van werkgewers dat as gevolg van die swak handhawing van dissipline op sekondêre skoolvlak, skoolverlaters nie in arbeidsmarkte aangestel word nie. Dit is egter belangrik dat meer klem op dissipline geplaas moet word ten einde ook die vertroue van werkgewers met indiensneming van skoolverlaters in arbeidsmarkte te vestig. Indien daar min of geen dissipline in sekondêre skole voorkom nie, word leerders blootgestel aan 'n omgewing met uiters min of geen dissipline, wat tot die gevolg het dat skoolverlaters nie met dissipline-vaardighede toegerus is nie. Dit bring sodoende mee dat skoolverlaters/nuwe toetreders tot die arbeidsmark ook min of geen dissipline in die arbeidsmarkte/werkplek toepas nie.

### 5.4.2 Aanbeveling 2

Aandag behoort dringend gegee te word aan die uitvoering van onderwys-doelstelling.

### Motivering

Die onderwysdoelstelling sit uiteen dat daar aan die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep voorsien moet word. In die bepaalde studie is daar deur sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek vasgestel en bewys dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie aan die werklike behoeftes van skoolverlaters voldoen nie.

## 5.4.3 Aanbeveling 3

Om die gaping tussen die arbeidsmark en die onderwys te laat krimp.

### Motivering

'n Opvallende leemte/gaping kom tans voor tussen dit wat die arbeidsmark/die ekonomie van die onderwys verwag en die "produkte" wat deur die onderwys op sy beurt lewer. Toepaslike skoolopleiding is noodsaaklik vir die oplei van leerders met vaardighede wat hulle in die arbeidsmark kan toepas, en wat onmiddellik in die hoofstroom van die werkerskorps opgeneem kan word.

## 5.4.4 Aanbeveling 4

Die rol van die onderwys in die ekonomie, en omgekeerd, sal hersien moet word.

### Motivering

Die ekonomie moet voorsien word van 'n geskoolde werkerskorps, met relevante vaardighede en kennis wat in pas is met die behoeftes en vereistes van die ekonomie. Indien die uitsette van die onderwys in pas sou wees met dit wat die ekonomie/die arbeidsmark verlang, sou dit onder meer geskoolde werkloosheid kon beperk. Die grootste uitdaging vir die onderwys is om aan die behoeftes van die ekonomie te voldoen. Dit is nie die taak van die onderwys om die ekonomie "voor te sê" watter vaardighede van belang is nie, maar dat die ekonomie 'n groter rol en meer prominente rol moet vertolk in die onderwys.

### 5.4.5 Aanbeveling 5

Deurlopende wisselwerking/samewerking tussen die onderwys en arbeidsmark.

#### Motivering

Die onderwys behoort in noue verband met die arbeidsmark saam te werk om daardeur te kan meeding met ander wêreldekonomieë. Nasionale produktiwiteits-bewustheid moet by leerders gevestig word wat basiese ekonomiese en produktiwiteitsbewustheid-beginsels aan alle leerders oordra sodat hulle die werking van die ekonomie kan verstaan, asook die rol wat hulle moet vervul. Alle leerprosesse moet in die konteks van werksituasies of praktiese werksomgewings plaasvind, met die klem op die arbeidsmark. Die onderwysstelsel behoort dus 'n vloeiende oorgang tussen die skool en die arbeidsmark/werkplek te bewerkstellig. Leerders behoort ten volle te verstaan wat die doel van die voorgeskrewe kurrikulum is en van watter waarde hulle kennis en vaardighede is.

### 5.4.6 Aanbeveling 6

Die waarde van enige onderwysstelsel is gesetel in die voorbereiding van leerders met die oog op werksgeleenthede en beter lewensomstandighede, en in hierdie verband behoort teorie en praktyk geïntegreer te word.

#### Motivering

Dit sal onder meer meebring dat onderwys in die behoeftes van gemeenskappe sal voorsien wat op ekonomiese groei en vooruitgang by alle bevolkingsgroepe gerig is.

## 5.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die omvang van geskoolde werkloosheid is van so 'n aard dat dit nie binne die bestek van 'n verhandeling behandel kan word nie. Die volgende terreine word as aanbevelings vir verdere navorsing voorgehou:

- Kurrikulumontwikkeling wat versoenbaar is met geïntegreerde onderwys is uiteraard 'n navorsingsterrein wat deurlopend navorsing verg.

- Die taak van werkgewers in die opvoeding van die kind. Hierdie aspek is veral dringend, aangesien die onderwysstelsel moet tred hou met die eise en behoeftes van die arbeidsmark/die ekonomie van die RSA.
- 'n Aspek wat by bogenoemde navorsingstema aansluit, is dat onderwysers ook op hoogte moet wees met vaardighede wat die arbeidsmark vereis.
- Beroepsverkenning wat reeds van 'n vroeë stadium by onderwysprogramme ingewerk moet word.
- Onderwysprogramme wat in Suid-Afrika gevolg word, moet aspekte insluit wat leerders beter toerus met vaardighede wat deur die ekonomie/die arbeidsmark vereis word.

## 5.6 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is daar 'n samevatting gegee van hoe die navorsingsdoelwitte bereik is en ook 'n beknopte opsommingvan die inhoudelike van elke hoofstuk. Aandag is geskenk aan die samewerking tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark, die verband tussen die onderwys en werksmoontlikhede, die rol van onderwys in die ekonomie, die rol van, onder meer, werkgewers in die onderwys en die bydrae van onderwys tot ekonomiese ontwikkeling.

# BIBLIOGRAFIE

AGGLETON, P. 1987. Rebels without a course. Middle class youth and the transition from school to work. Londen-New York-Philadelphia : The Falmer Press.

ALTBACH, P.G. 1990. Trends in Comparative Education. Comparative Education Review, 35:502-503.

ANC. 1994a. The reconstruction and Development Programme. Johannesburg : Umanayano Publications.

ANON. 1990. "School-to-Work Transition Strategies" Hearing before the Subcommittee on education and health. Washington, DC Printing Office : Government.

ANON. 1994. Schools should provide students with a record documenting their employment – related skills. Issues in Science and Technology, 52-54.

ANON. 1994. School to work transition. Congressional Quarterly Weekly Report, 52(43):3184-3186.

ANON. 2002. Vocational Training, 2002. Linking school-to-work, Service Learning, 33(3): p.4- [Web:] http://www.EBSCOHost.com Full display [Date of access: 5 July 2002].

ANON. 2003. Long-term unemployment grows. Business Day: March, 17.

ANON. 2003. Werkloosheid. Beeld: September, 29.

ANON. 2004. Werkloosheid. Beeld: Februarie, 16.

ARONOWITZ, S. & DIFAZIO, W. 1994. The jobless future: Sci-tech and the dogma of work. Minnepolis : University of Minnesota Press.

ARUM, R., SHAVIT, Y. 1995. "Secondary vocational education and the transition from school to work", 68(3): 187-203. Oxford, UK : Clarendon.

ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1996. Introduction to research in education. 5th ed. Fort Worth : Harcaurt Brace.

ASHTON, D. & GREEN, F. 1996. Education, training and the global economy. Cheltenham : Edward Elgar.

ASHTON, D.N., MAGUIRE, M.J. & SPILSBURY, M. 1990. Restructuring the Labour Market: The implications for youth. Basingstoke : Macmillan.

BADENHORST, O. 2000. All aboard the office trains. Finance Week, 7 January.

BAILEY, N. & WALKER, H. 2001. Managing the transition to work: The role of the planning network in British Town Planning Education. Planning Practice and Research, 16(1):71-78.

BARKER, F.S. 1999. The South African labour market: critical issues for renaissance. 3rd edition. Pretoria : JL van Schaik.

BARNES, E.J. 1995. European business education. European Business Review, 95(1):32-33.

BARNET, R.J. 1993. The end of jobs: employment is another thing the global economy is not creating. Harper's magazine, pp.47-52.

BASH, L & GREEN, A. 1995. Youth, Education and Work. World Yearbook of Education, 1995. LONDEN : Kogan Page.

BASH, L., GREEN, A., COULBY, D. and JONES, C. 1995. Youth, Education and Work. World Yearbook of Education. Londen : Kogan Page.

BENZ, M.R., YOVANOFF, P. & DOREN, B. 1997. School-to-work components that predict post-school success for students with and without disabilities. Exceptional children, 63(2): 151-169. [Web:] http://www.EBSCOHost.Academic Search, Full display [Date of access: 5 July 2002].

BERG, B.L. 2001. Qualitative research methods for the social sciences. Boston : Allyn and Bacon.

BERKELEY, J. 1992. Promoting Lifelong Learning through Education Partnership. Part two. Education and Training, 34(2):3-7.

BERKELEY, J. 1993. Promoting Lifelong Learning through Education Partnership. Part three. Education and Training, 35(1).

BERKELEY, J. 1998. Promoting Lifelong Learning through Education Partnership. Part one. Education and Training, 40(6/7):256-261.

BERKHOUT, S.J. & BONDESIO, M.J. 1992. Die ontwikkeling van Vergelykende Opvoedkunde. In: Berkhout S & Bondesio MJ (reds). Onderwysstelselkunde perspektiewe. JL van Schaik : Pretoria.

BEST, J.W. & KAHN, J.V. 1993. Research in education. Boston : Allyn & Bacon.

BHORAT, H. & HODGE, J. 1999. Decomposing shifts in labour demand in South Africa. South African journal of economics, 67(3):348, Sept.

BIERHOFF, H., & PRAIS, S.J. 1997. From school to productive work – Britain and Switzerland Compared. Cambrigde : Cambrigde University Press.

BLOSSFELD, H.P. & STOCKMANN, R. 1999. The German dual system in comparative perspective. International journal of sociology, 28(4):3-28, Winter.

BLUMENTAL, I. 2004. Setas are doing their bit for the economy. Star: February.

BOGDAN, R.C. & BIKLEN, S.K. 1982. Qualitative Research for Education. An introduction to theory and methods. USA : Allyn & Bacon.

BOGDAN, R.C. & BIKLEN, S.K. 1998. Qualitative Research for Education. An introduction to theory and methods 4th edition. USA : Allyn & Bacon.

BOGDAN, R.C. & BIKLEN, S.K. 2003. Qualitative Research for Education. An introduction to theory and methods 4th edition. USA : Allyn & Bacon.

BONASSI, T. & WOLTER, S.C. 2002. Measuring the success of transition: the results of a pre-study in Switzerland. Education and Training, 44(4/5):199-207.

BORG, W.R., GALL, J.P., & GALL, M.D. 1993. Applying educational research 3rd ed. New York : Longman.

BRADLEY, S. 1990. School-leaver unemployment: a proactive approach. Applied Economics, 22:439-461.

BROWN, P. 1999. Globalization the political economy of high skills. Journal of Education and Work, 12(3):233-251.

BROWN, D.E. 2000. Leadership. Connected Learning, 30(2):262. Association of California School Administrators.

BUCHMANN, M. 2000. Labour market entry and beyond: some reflections on the changing structure of work. Education and Training, 44(4/5):217-223.

BURGESS, R.G. 1989. Field Research: a Sourcebook and field Manual. Londen : Unwin Hyman.

BYRNE, S.M., CONSTANT, A. & MOORE, G. 1992. Making transitions from school to work, pp.23-26.

CABRAL-CARDOSO, C.J. 2001. Too academic to get a proper job? The difficult transition. Career Development International, 6/4:212-217.

CALITZ, J.M. 1996. Population of South Africa: updated estimates, scenarios and projections 1990-2020. Midrand : Ontwikkelingsband van Suid-Afrika.

CAMPBELL, C.P. 1997. Workforce requirements: the basis for relevant occupational training. Journal of European Industrial Training, 21(8):279-297.

CAPELLI, P. 2001. Youth Apprenticeship in Britain: Lessons for the United States. United States. University of California : Blackwell Publishers.

CAPELLI, P., BASSI, L., KATZ, H., KNOKER, D., OSTERMAN, P. & USEEM, M. 1997. Change at work. Oxford University Press : New York.

CARD, D.E and RIDDELL, W.C. 1991. "A Comparative Analysis of Unemployment in Canada and the United States". Unpublished manuscript, University of British Columbia, Department of Economics.

CHANDLER, N. 1998. Thousands of SANDF positions on the line. Star: 13, Nov. 3.

CHARNER, I . & FRASER, B.S. 1995. Reforms of the school-to-work transition. Phi Delta Kappan, 77(1):40-44.

CHERRY, A.L. 2000. A research primer for the helping professions: methods, statistics and writing. Belmont, CA : Wadsworth/Thomson Learning.

CHERU, F. 2002. African Renaissance: Roadmaps to the Challenges of Globalization. London : Zed Books.

CIA. 2005. The Worldfactbook. [Web:] http://www.ciagov/cia/publications/factbook/goes/mx.html [Date of access: 31 March 2005].

COHEN, L. & MANION, L. 1989. Research methods in education. 3rd ed. Routledge : Londen.

COHEN, D.L. 1997. In the zone: Efforts aim to link economic gains, school reform. Education Week, 15(32)8-9. [Web:] http://www.EPSCOHost.com Full Display [Date of access: 5 July 2002].

COLEMAN, M. & BRIGGS, A.R.J. 2002. Research methods in Educationale Leadership and Management. London : Paul Chapman Publishing.

COOKSEY, B, COURT, D & MAKAU, B. 1994. Education for self-reliance and Harambee. In: J. Barkan. 1994. Barkan Beyond Capitalism Versus Socialism in Kenya and Tanzania. London : Lynne Reinner.

COOMBS, P.H. 1985. The world Crisis in Education. The view form the eighties. Oxford University Press : New York.

COSTLEY, C. 2001. Organizational and employee interests in programs of work bases learning. The learning Organization, 8(2):58-63.

CRANFIELD, I. 1990. The youth service curriculum. A Ten-point plan. Education and Training, 32(3):6-9.

CRESWELL, J.W. 1998. Qualitative Inquiry and research design. Londen : Sage Publications.

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approahes. Thousand Oaks, Calif. : Sage Publications.

CRONIN, J. 1998. GEAR: policy of posture? Enterprise : supplement:54-55, September.

CROWSON, R.L., WONG, K., AYPAY, A. 2000. School-to-work transition career education. [Web:] http://www.EPSCOHost.com. Full display [Date of access: 5 July 2002].

CUTSHALL, S. 2001. Techniques: Connecting Education & Careers, 2001, 76(1):18. [Web:] http://www.EBSCOHost.com Full display [Date of access: 5 July 2002].

DAUGHERTY, C. 1995. The German dual system: a heretical view. In: Phillips D. (ed.). Education in Germany: Tradition and reform in historical context. London : Routledge.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Durban-Pretoria : Butterworth.

DE LANGE, J. 2000. Mynbedryf nog nie op sy laaste bene nie. Sake-Beeld: 28, Feb. 7.

DEKKER, E. 1996. The education system of the Federal Republic of Germany. (In Dekker, E & Van Schalkwyk, O.J., eds. Modern education systems. 2nd ed. Johannesburg : Heinemann.

DEKKER, E. & VAN SCHALKWYK, O.J. 1995. Modern Education Systems. Johannesburg : Heinemann.

DEKKER, E. & LEMMER, E.M. 1998. Critical issues in modern Education. Johannesburg : Heinemann.

DEPARTEMENT VAN ARBEID, RSA. 2001. Vhutsila: Our skills development strategy. Pretoria : Departemant van Arbeid.

DOUTHWAITE, R.J. 1996. Short circuit strengthening local economies for security in an unstable world. Devon : Green Books.

DRISCOLL, M.E., & KERCHNER, C.T. 1999. The implications of social capital for schools, communities and cities. Educational administration as if a sense place mattered. In J. Murphy & K.S. Louis (eds.), Handbook of research on educational administration (p.385-404). San Francisco : Jossey-Bass.

EDWARDS, C. 1997. State failure or market failure? Ten steps to a levy-grant system of vocational training. (In Godfrey, M.,ed. Skill development for international competitiveness. Cheltenham : Edward Elgar. p.169-200.

ELLIS, N. 2000. Developing graduate sales professionals through co-operative education and work placements, a relationship marketing approach. Journal of European Industrial training, 24(2):34-42.

ELLIS, N. & MOON, S. 1998. Business and HE links: the search for meaningful relationships in the placement marketplace – part one. Education and Training, 40(5):185-193.

ERASMUS, J.C. 2002. Effective training for job creation in South African education system. D.Ed thesis. Potchefstroom : Potchefstroom University.

ERASMUS, J.C., WOLHUTER, C.C., STEYN, S.C., MENTZ, P.J. & VAN DER WALT, J.L. 2002. Onderwys-opleidingsvoorsiening en ekonomiese aanvraag. Bulletin vir Chirstelike Wetenskap, 67(3):329-349.

ERASMUS, J.C., STEYN, S.C. & MENTZ, P.J. 2003. Expectations of the unemployed in South Africa – an education system perspective. Human Sciences Research Council.

EVANS, F.T., RUSH, J.C & BERDROW, I. 1998. The bases of competence: skills for lifelong learning and employability. San Francisco : Jassey-Bass.

EVANS, K. & FURLONG, A. 1996. Metaphors of youth transitions – Niches, pathways, trajectories and navigations. In Bynner, J. Chrisholm, L. & Furlong (Eds.), Youth, citizenship and social change in a European context. Aldershot : Ashgate.

EVANS, K. & HEINZ, W.R. 1994. Becoming adults in the 1990s. Londen : Anglo-German Foundation.

EVANS, K. & HEINZ, W. 1995. Flexibility, learning and risk: work, training and early careers in England and Germany. Education and Training, 37(5):3-11.

FACKICAST, R. 1988. The transition from school to work. A Report based on the Princeton Manpower Symposium, May 1988. Princeton, N.L. : Princeton University, Industrial Relation Section. 282p.

FAFUNWA, A.B. & AISIKU, J.U. 1982. Education in Africa. A Comparative Survey. George Allen & Unwin Ltd. : London.

FAINSTEIN, S., & MARKUSEN, A. 1996. The urban policy challenge. Chapel Hill : University of North Carolina.

FALLON, P. & LUCAS, R. 1998. South Africa labour markets: adjustment and inequalities. Washington : World Bank.

FERRALL, C. 1997. "Unemployment insurance eligibility and the school to work transition in Canada and the United States." Journal of Business and Economic Statistics, 15(2):115-130.

FISHER, L.M. 2000. Where next for technology transfer. Education and Training, 42(7)425-426.

FITZGERALD, J. 1996. School-To-Work : Can we make it happen? Chicago : UIC Great Cities Institute.

FLUDE, R. 2000. Viewpoint: the journey into work- an innovative approach to tackling long-term youth unemployment. Education and Training, 42(1):6-15.

FORTUIJN, E.D., HOPPERS, W. & MORGAN, M. 1987. Paving the pathways to work. Comparative perspectives on the transition from school to work. The Hague : Centre for the study of Education in developing countries.

FOURIE, F.CvN. 1999 (a). How to think and reason in macro economics. Kenwyn : Fourie and Juta.

FOURIE, F.CvN. 1999 (b). Inflation and unemployment: causes and remedies. (In Fourie, F.CvN. How the think and reason in macro economics.) Kenwyn : F.CvN. Fourie and Juta.

FOURIE., C. 2002. Press Release. Does our education system produce relevant people? [Web:] http://www.citadel.co.za/Press [Date of access: 28 January 2002].

FRANKLIN, F. 1992. Transition from school to work: Linking Education and worksite training. Economic Development Review, 10(1):78-80. EBSCOhost Full Text.

FURNHAM, A. 1985. "Youth unemployment". Journal of Adolescence, 8:109-124.

GAIL, E. & SIMONS, F. 2000. Lifelong learning: practice and possibility in the pharmaceutical manufacturing industry. Education and Training, 42(3):170-181. [Web] http://www.emerald-library.com Full text. [Date of access: 6 January 2003]

GALL, M.A., BORG, W.R. & GALL, J.P. 1996. Educational research: an introduction. 6th ed. New York : Longman.

GARDENS, E.F. 2001. Sad truth about job hunting. Cape Argus : August, 13.

GAY, L.R. & AIRASIAN, P. 2000. Educational Research. Competencies for analysis and application. 6th ed. USA : Prentice-Hall Inc.

GLOVER, R.W. & MARSHALL, R. 1994. Improving the school-to-work transition of American adolescents. Teachers College Record, 94(3):588-621. EBSCOhost.

GOETZ, J.P. & LE COMPTE, M.D.G. 1984. Ethnography and Qualitative Design in Educational research. Londen : Academic Press.

GORMAN, G. 1989. School industry links. Londen : Kogan Page.

GRAHAM, C. and MCKENZIE, A. 1995. Delivering the promise : developing new graduates. Education and Training, 37(2):33-40.

GRAHAM, C. and MCKENZIE, A. 1995. Delivering the promise: the transition from higher education to work. Education and Training, 37(1):4-11.

GRIFFITHS, H.R. & JONES, R.A. 1980. South African labour economics. Johannesburg : Mcgraw-hill.

GUBRIUM, J.F. & HOLSTEIN, J.A. 2002. Handbook of interview research: context & methods. Thousand Oaks, Calif. : Sage Publications.

GUMMESSON, E. 2000. Qualitative methods in management research. Thousand Oaks, Calif. : Sage.

HABERMAN, M. 1997. Unemployment Training. The ideology of non-work learned in Urban schools. Phi Delta Kappan, 78(7):499-503.

HAFFAJE, F. 2003. Report puts jobs in the spotlight. Mail and Guardian: 22, May 23.

HALPERIN, S. & PARTEE, G. 1997. Something do make a difference for youth. Institute for Education Leadership. America : American Youth Policy Forums : US Department of Education.

HAMILTON, S.F. 1990. Apprenticeship for Adulthood: Preparing youth for the future. New York : The Free Press.

HAMILTON, S.F. 1990. The troubled transition from school to work. Human Ecology, 18(2):4-8.

HAMILTON, S.F. & HAMILTON, M.A. 1997. When is learning work-based? Phi Delta Kappan, 78(9):677-681.

HAMILTON. S.F. 1999. Germany and the United States in Comparative Perspective. International Journal of Sociology, 20:3-20.

HARTNAGEL, T.F. 1998. Labour-market problems and crime in the transition from school to work. Canadian review of Sociology & Anthropology, 35(4):435-460.

HATTINGH, S. 1999. Learneships and NQF qualifications. Cutting edge, 2(5):10-14, October.

HEADLEY, S. 1999. Transition from school to work. Youth Studies Australia, March, 18(1):63-65.

HEADLEY, S. 2001. Transition from school to work. Youth Studies Australia, June, 20(2):63-65. EBSCOhost.

HEADLEY, S. 2001. Transition from school to work. Youth Studies Australia, March, 20(1):63-65. EBSCOhost.

